

COERT STEYNBERG SE VERTOLKING

EN UITBEELDING VAN PAUL KRUGER

A. LUGTENBURG BA(HONS.)

STUDENTENOMMER 8443750

SKRIPSIE VIR DIE HONNEURSGRAAD

IN KULTUURGESKIEDENIS

DEPARTEMENT GESKIEDENIS EN

KULTUURGESKIEDENIS

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1989

AFRICANA

MERENSKY-BIBLIOTEEK	
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA	
Klasnommer	ZA 730.92
Registernommer	114266530

STEYNBERG
LUGTENBURG

VOORWOORD

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum administreer die Coert Steynberg-museum en die kunsbesit van die Coert Steynberg-trust. Die Museum het die bestudering van Coert Steynberg se uitbeelding van president S.J.P.Kruger as 'n primêre navorsingsprojek geïdentifiseer omdat die uitbeelding van Paul Kruger 'n belangrik aspek van die lewe en die skeppinge van Coert Steynberg verteenwoordig.

Hierdie projek het tot doel die ontsluiting van die materiaal met betrekking tot Steynberg se betrokkenheid met Paul Kruger. Die navorsing van die gedateerde materiaal, wat bestaan uit beeldhouwerke en dokumentasie, het die ontsluiting van die **ongedateerde** modelle, sketse en fotomateriaal moontlik gemaak.

Die materiaal vir die projek is oor verskillende versamelinge versprei:

1. Die Beeldhouwerke en modelle val onder die Coert Steynberg-trust.
2. Dokumentasie en fotomateriaal wat behoort tot die Coert Steynberg-Versameling, wat in die privaat besit is van mev.E.J.M. Steynberg en mev.E.B. Wiechers.
3. Dokumentasie in besit van die Kunsargief, Dept. Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria.
4. Dokumentasie in besit van die Sentrum vir Kunste Inligting, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Die volgende instansies en persone word hartlik bedank:

- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die toekening van 'n studiebeurs vir die verkryging van die Honneursgraad in Kultuurgeskiedenis.
- Die Raad van die Nasionale en Kultuurhistoriese Museum vir die goedkeuring van hierdie navorsingsprojek .
- Mej.M.van Heerden, skripsieleidster van hierdie studie, Dept. Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis; U.P.
- Prof. O.J.O.Ferreira, Dept. Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis; U.P.
- Mev.G.Wehner, hoof van Visuele Kunste en Argitektuur; Sentrum vir Kunste Inligting; R.G.N.
- Mnr.G.Hagg, navorser-spesialis, Sentrum vir Kunshistoriese Navorsing by die Instituut vir Taal en Kunstenaar-navorsing; R.G.N
- Mev.E.Grobler, Hoof Museumgeesteswetenskaplike; Nas. Kultuurhistoriese Museum.
- Mnr.F.Dreyer, fotograaf; Nas. Kultuurhistoriese Museum.
- Mej.H.Turkstra, Kurator Krugerhuismuseum; Nas. Kultuurhistoriese Museum.
- Dr.J.C.Pretorius, Hoof Museumgeesteswetenskaplike; Nas. Kultuurhistoriese Museum.
- Mej.J.Breed, bibliotekaresse, U.P. Biblioteekdienste Kultuurhistoriese Biblioteek; U.P.

Hartelik dank aan mev.Betsie Steynberg en mev.Isa Wiechers vir die soms baie persoonlike inligting wat hulle my vertel het en die beskikbaarstelling van die materiaal van die C.S.V.

Tot besluit mijn oprechte dank aan mijn man en kinderen voor hun liefde, geduld en ondersraging met deze studie.

INHOUDSOPGAWE

I	PROBLEEMSTELLING	1
II	COERT STEYNBERG: AFRIKANER VOLKSKUNSTENAAR	4
III	PAUL KRUGER: OMSTREDE FIGUUR	13
	<u>Paul Kruger: politieke figuur</u>	13
	Verskillende vertolkings van Paul Kruger	17
	Die Engelse geskiedbeeld	18
	Die Afrikaanse geskiedbeeld	20
	<u>Paul Kruger: natuurbewaarder</u>	24
	Kritiek op Paul Kruger se natuurbewaring	26
IV	COERT STEYNBERG: SY UITBEELDING VAN PAUL KRUGER	30
	<u>Die Krugerpond</u>	30
	<u>Borsbeeld Paul Kruger: 1921</u>	32
	<u>Borsbeeld Paul Kruger: 1925?</u>	36
	<u>Borsbeeld pres.S.J.P. Kruger: 1945</u>	
	Stel van tien volkshelde	36
	<u>Borsbeeld pres S.J.P. Kruger: 1965</u>	
	Hoofkantoor S.A. Spoorweë Johannesburg.	38
V	PRESIDENT S.J.P. KRUGER-MONUMENT: 1976	42
	<u>Numbi-hek: Ingangspoort</u>	42
	Ontwerp Ingangspoort	47
	Die Krugerkop uit die koppie	52
	<u>Die polemieek</u>	64
	Ontstuimige begin	64
	Die Skietstaking	82
	Na die skietstaking	87
	Die pres.S.J.P. Kruger-monument	89
	<u>Coert Steynberg: Reaksie op die polemieek</u>	90
	Onmiddellike reaksie	90
	Die Rots: 1969	95
	Die alternatiewe Krugerkop by Tshokwane	103

	Die Berg: 1972	109
	Die Krans: 1972	115
	Die Koning van die diere: 1973	118
	<u>Die pres.S.J.P.Kruger-monument: 1976</u>	122
	Opdrag	122
	Werkmetode	123
	Plasing en voetstuk	128
	Onthulling	133
	<u>Gedenkpenning: Nas. Parkeraad 50 jaar</u>	137
VI	SLOTSOM	145
VII	NABETRAGTING	150
	BRONNE	151

ILLUSTRASIES

HOOFSTUK II

1. Coert Lourens Steynberg, 07.01.1905 - 28.07.1982 3

HOOFSTUK III

1. Casper Kruger, trekboer in die Caledonvallei, sluit hom in 1836 by Potgieter se trek aan 12
2. Voorstelling van die slag by Vegkop op 16 Oktober 1836. In die middel is die elfjarige Paul Kruger besig om 'n geweer te laai 12
3. President Kruger soos hy gelyk het kort nadat hy die eerste keer staatspresident geword het. 14
4. In 1901 is pres. S.J.P. Kruger met sy Europese ridder-orde in Hilversum, Nederland, gefotografeer. 16
5. Die standbeeld van president Kruger, deur Anton van Wouw, wat tans op die Kerkplein in Pretoria staan. 21
6. Die uitbeelding van Kruger, die banneling, deur Georges Achard. 21
7. Kruger, die ou gryse, soos hy daar in sy laaste lewensjaar uitgesien het. 23

HOOFSTUK IV

1. Coert Steynberg se inspirasie 29

2,3.	Borsbeeld wat Coert Steynberg gemaak het toe hy op die Hoogenhout-Hoërskool skoolgegaan het.	31
4,5.	Borsbeeld van Paul Kruger wat Coert in gips gegiet het.	33
6.	Onvolledige stel van 10 Volkshelde in besit van die Universiteit van Pretoria.	34
7,8.	Die borsbeeldjie van die volksheld pres.S.J.P. Kruger.	35
9,10.	Coert Steynberg met die model van pres.S.J.P.Kruger in sy ateljee.	37
11,12.	Die model van die borsbeeld van pres.S.J.P. Kruger wat voor die hoofkantoor van die S.A. Spoorweë in Johannesburg staan.	39

HOOFSTUK V

1.	Die gedig wat Coert Steynberg van jongsaf geïnspireer het, geskryf in sy eie handskrif.	43
2.	Voorstel no.1: Die tweekeer-lewensgrote graniet borsbeeld van pres. Kruger onder die ereboog van olifante.	45
3.	Voorstel no.2: Die standbeeld van pres.kruger met 'n hulpelose wildsbokkie.	46
4	Voorstel no.3: President Kruger wys na agter na die Wildtuin.	46
5	Model vir die graniet borsbeeld.	48

6.	Ereboog met silhouet van Paul Kruger.	49
7.	Eksperiment met silhouet-ereboog en 'n borsbeeljie van pres. Kruger.	49
8.	Die gedeelte van die spoorlyn Phalaborwa-Lourenco Marques wat deur die Wildtuin loop.	51
9.	Die koppie met die "ideale rots".	53
10	Die rots met die herkenbare gelaatstrekke van pres. Kruger.	53
11.	Coert Steynberg maak sketse van die ideale koppie.	55
12.	'n Skets van die Krugerkop uit die koppie.	55
13.	Skets met berekeninge van die Krugerkop uit die koppie.	56
14.	Berekeninge vir die Krugerkop uit die koppie.	56
15.	Skets vir die Krugerkop-model.	57
16.	Studie vir die Krugerkop uit die koppie.	58
17.	Gipsmodel van 'n Krygerkop geplaas op 'n polistireen skouerstuk.	59
18.	Dieselfde gipsmodel (17) wat gebruik is vir die saamgestelde foto.	59
19.	Dieselfde gipsmodel (17) wat gebruik is om 'n saamgestelde foto met 'n dam water te maak.	60
20	Die drie foto's wat die verskillende stadiums van die werk toon.	61

21.	Die vier Amerikaanse presidente se reusekoppe uit 'n berghang van Mt. Rushmore.	63
22	Strooibiljet van die voorgestelde Krugermonument	65
p23	Met die aankondiging dat Coert Steynberg gereed is om met die Krugerkop te begin is hierdie spotprent geplaas.	67
24	Spotprent oor die "heerlike konferensieplek bo-op die kruin" van die Krugerkop.	73
25	Saamgestelde foto wat Steynberg gemaak het om te wys dat daar van natuurskending nie sprake is nie.	75
26	Spotprent oor die "monumente-gier" en die "mode" wat in die Republiek heers om alle volkshelde te vereer	77
27	Die besluit van die Parkeraad om die Krugerbeeld-plan nege maande uit te stel, laatmens wonder wat gaan uitbroei.	81
28	Spotprent na die Parkeraad se besluit om die vorm van die beeld te heroorweeg.	83
29	Spotprent oor die Parkeraad se vergadering toe hulle moet besluit oor die Krugerkop uit die koppie.	85
30	Spotprent oor die besluit van die Parkeraad om af te sien van die Krugerkop uit die koppie	85
31	Die nuwe hoofkantoor van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.	88

32	Die Paul Kruger borsbeeld wat vir die saamgestelde foto, no.25, gebruik is.	92
33,34	Natuurlike rotse waar mens die profiel van Paul Kruger gewaar.	94
35	Rotsformasie waar die bergkruine oormekaar skuif namate mens daaromheen beweeg.	94
36,37	Krugerkop-model waar Steynberg gepoog het om die voorkoms van 'n rots te handhaaf.	96
38,39	Geabstraheerde Krugerkop wat van gedaante verwissel namate mens daaromheen beweeg.	97
40	Krugerkop-model wat nog 'n gelykenis met Paul Kruger vertoon.	98
41	'n Geabstraheerde Krugerkop met versagting van kontoere en vlakke.	98
42.	"Die Rots".	99
43.	Skulptuur: Die Rots, 1969.	99
44,45.	Coert en Betsie Steynberg saam met "Die Rots" wat in hulle tuin opgestel is.	100
46.	Die rotsformasie in 'n valleitjie naby Tshokwane.	102
47.	Voorstellingsmodel van die rotsformasie by Tshokwane.	102
48.	Die Rotsformasie-model met 'n massiewe reghoekige rots in die middel.	104
49.	'n Ander rotsformasie met 'n Krugerkop-model.	104

52,53.	Die rotsstapeling met die skedelkop.	106
54,55.	Die gedisintegreerde kopstuk van Paul Kruger.	107
56,57.	Die kopskelet en die rotsstapeling; voor- en syaansig.	108
58.	Die ewige blou berge.	110
69.	Die gelykenis met Paul Kruger wat Steynberg in die berge gewaar het.	110
60,61.	Skulptuur: Die Berg, 1972.	112
62.	Die rots-stratifikasie van 'n krans.	113
63.	Die vertikale seksies wat ooreenkom met kranslae.	113
64-66.	Skulptuur: Die Krans, 1972.	114
67,68.	Paul Kruger versinnebeeld deur die simbool van 'n leeu.	116
69,70.	Skulptuur: Die Leeu, 1973.	117
71.	Die voorlopige sketsontwerp waar die indruk geskep word dat die wese van Oom Paul deur die bome en bosse sweef.	119
72.	Die ontwerp vir die pres. Kruger-monument.	121
73.	Coert Steynberg druk besig met die polistireen- gipsmodel.	122
74.	Die klip wat losgebreek moes word.	124

75.	"Dit was 'n ontsaglike werk."	124
76.	Eksperiment met die skuimplastiek-model.	126
77.	Coert Steynberg besig met die laaste afwerking van die Krugerkop.	127
78.	Die onaansienlike Paul Kruger-hek vanaf die brug gesien.	129
79.	Steynberg wou die beeld agter die ingangsgedebou op die bopunt van die teerpad plaas.	130
80,81.	Die skets ontwerp van die argitek.	131
82.	Die Krugerkop op pad na die Paul Kruger-hek.	132
83.	Coert Steynberg by die Paul Kruger-monument.	132
84,85.	Die president S.J.P. Kruger monument by die Paul Kruger-hek.	134
86.	Die proto-model van die gedenkpenning vir die 50ste bestaanjaar van die Nasionale Parkeraad.	136

HOOFSTUK VII

1.	Coert Lourens Steynberg se graf.	149
----	----------------------------------	-----

AFKORTINGS EN ANDER INLIGTING

cm.	sentimeter
CS	amptelike aanwinstnommer Coert Steynberg-museum
C.S.T.	Coert Steynberg-trust
C.S.V.	Coert Steynberg-versameling
K.A.U.P.	Kunsargief, Dept. Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria.
SASKI	Suid-Afrikaanse Sentrum vir Kunste Inligting, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
U.P.	Universiteit van Pretoria
vt.	voet

Die dokumentasie in besit van die K.A.U.P. en die C.S.V. het nie 'n bandnommer nie en die dokumentasie is ook nie genummer nie. Die bande het slegs 'n onderwerpsnaam en die betrokke brief, koerantknipsels en aantekeninge is kronologies georden.

Die volgende prosedure m.b.t. die bronvermelding is gevolg:

Dokumentasie K.A.U.P: Coert Steynberg-argief.

Die betrokke bandnaam is vermeld met die datum van die brief, aantekening en naam van die koerant.

In hoofstuk V is v.n. gebruik gemaak van die Krugerkop-band uit die Coert Steynberg-argief van die K.A.U.P. en word slegs verwys na K.A.U.P.

Dokumentasie C.S.V.

Brief, koerantknipsel, aantekening het net betrekking op die Krugerkop en word indien moontlik die datum gegee.

Die fotomateriaal, sketse en tekeninge in besit van die C.S.V. is glad nie gedateer of georden nie. Bronvermelding geskied d.m.v. verwysing na die C.S.V. die onderwerpsnaam en waar moontlik die datum.

Dokumentasie van die kunsvoorwerpe van die C.S.T.

Voorwerpnaam

Datum

Medium

Mate: hoogtëxbreedtëxdiepte

Inskripsie

Aanwinstnommer

Besit

Die foto's van die C.S.T kunsvoorwerpe is geneem deur
mnr.F.Dreyer, fotograaf, Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

Dokumentasie van die foto's en sketse van die C.S.V.

Voorwerpnaam: persoonsnaam

Datum

Materiaal

Besit.

HOOFSTUK I

PROBLEEMSTELLING

Die probleemstelling in hierdie skripsie en die hipotese wat gemaak word sentreer rondom die beeldhouer Coert Steynberg, die Krugerkop en die jarelange polemieke rondom hierdie saak.

Die hipotese wat bewys moet word is dat Coert Steynberg as gevolg van die jarelange polemieke rondom die president S.J.P.Kruger Monument in die Kruger-wildtuin 'n proses van introspeksie en geestelike verdieping ondergaan het. Hierdie geestelike verdieping het gelei tot 'n bewuste diep deurdagte vertolking van Paul Kruger as gevolg waarvan Coert Steynberg sy beste beeldhouwerke geskep het.

'n Sinvolle bespreking van Coert Steynberg en sy siening van Paul Kruger kan alleen gedoen word deur sistematiese analise van aspekte waaraan in die volgende hoofstukke aandag gegee is:

Hoofstuk II:

'n Kort lewensbeskrywing van Coert Steynberg, die beeldhouer, word geskets in die konteks van sy tyd. Deur sy historiese gesitueerdheid is Coert Steynberg noodwendig betrokke met die opkoms van 'n nasionale bewussyn en die behoefte aan monumente. Coert Steynberg is dan die logiese keuse om die Afrikaner Volksbeeldhouer by uitstek te word.

Hoofstuk III:

President S.J.P.Kruger as politieke leier en as die vader van natuurbewaring word deur die Afrikaans- en Engels sprekende bevolkingsgroepe as gevolg van hulle verskillende geskiedbeskouinge verskillend en meestal teenstrydig geïnterpreteer. Paul Kruger is vir vele 'n enigma en 'n histories omstrede figuur. Alleen aan die geskiedbeelde van die blanke bevolkingsgroepe word aandag gegee omdat die swart geskiedskrywing in konteks van hierdie skripsie nie relevant is nie.

Hoofstuk IV:

Coert Steynberg se uitbeelding van pres.Kruger word kronologies behandel; dit wys sy betrokkenheid vanaf sy jeug met Paul Kruger en weerspieël sy heldeverering van Paul Kruger, die gevoel wat die Afrikaner vir sy volkshelde koester.

Hoofstuk V:

Die voorspel tot die Krugerkop uit die koppie word geskets. Die reuse Krugerkop is die oorsaak van die jarelange polemieë. Die polemieë wys die algehele betrokkenheid van die blanke bevolking wat telkemale beswaar maak teen die reusekop omdat dit die natuur sal skend en esteties onaanvaarbaar is. Egter die grootste faktor wat bydra tot die vurige drif is die omstrede figuur van pres.Kruger.

Die reaksie van Coert Steynberg op die polemieë en in die besonder op die gevoelens wat oor Kruger geopenbaar word kom tot uiting in sy skeppinge van Paul Kruger.

In die laaste deel van hierdie hoofstuk word die verskillende stadia van die Pres.S.J.P.Kruger Monument by die Paul Kruger-hek van die Kruger-wildtuin bespreek.

Hoofstuk VI:

Nadat bogenoemde aspekte in aanmerking geneem is, sal daar ten slotte tot 'n slotsom gekom word of bogenoemde hipotese bewys is.



1. **Coert Laurens Steynberg, 07.01.1905 – 28.07.1982**

Foto: Martin Gibbs

1981

C.S.V.

HOOFSTUK II

COERT STEYNBERG : AFRIKANER VOLKSKUNSTENAAR

Coert Steynberg, die bekende Suid-Afrikaanse beeldhouer is op 07-Januarie 1905 aan die Hennopsrivier, distrik Pretoria, gebore en op 28-07-1982 te Pretoria-Noord oorlede. Sy vader **Johannes Lodewikus Steynberg** het tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) onder generaal Louis Botha geveg en saam met die kommandos oor die heuwels van Oos-Transvaal rondgetrek, waar hy op die plaas **Vaalkop, naby Bethal**, 'n koppie koffie oor die onderdeur gekry het van 'n jong boerenooi met die naam **Magdalena Hamman**. Sy vader het hierdie nooi nie vergeet nie en het kort na die oorlog, by sy tweede besoek aan Vaalkop, die jawoord gekry. Hy het sy bruid met 'n perdekar na sy plaas aan die Hennopsrivier geneem waar hulle eersgeborene, **Coert Laurens**, gebore is. Toe Coert vyf jaar oud was, besluit sy ouers om met mielies en skape te gaan boer en vestig die gesin hulle op sy ma se erfplaas, **Vaalkop**.¹

Coert het sy jeug deurgebring in die landelike atmosfeer van 'n plaas op die Hoëveld - "**tussen die kaal bulte**" soos hy dit self noem en alleen, of met sy swart speelmaats, die Nbebelekinders die plaas verken. Die Hoëveld, met sy wye hemel en sy glooiende landskap het so'n diep indruk op hom gemaak dat dit waarskynlik die verklaring is vir sy gevoel vir grootsheid en massa in sy monumentale werke, sy skerp oog vir lyn en skaduwee en sy voorliefde, kennis en insig in die fauna, flora en die natuurlike materiale van sy geboorteland. Op die plaas was daar 'n spruit met pikswart potklei en sy geliefkoosde vermaak was om met die klei te modelleer en het hy kleiosse en koppe van die swart mense gemaak.² By die swart kinders leer hy die les dat die materiaal waarmee jy werk belangrik is, want hulle bonkige, stewige kleiosse het gehou terwyl sy eie fyn en realistiese ossies verkrummel het. Ook sy sin vir kleur ontwikkel deur die kleurskarings en komposisies van die huisversiering van die Nbebelestam.³ Afgesien hiervan het hy in die Afrikaner Calvinistiese georiënteerde samelewing nie in aanraking gekom met kuns

nie en is dit beskou as afgodediens om beeldjies te maak maar tog kom sy aanleg ook in 'n ander medium tot uiting. Geïnspireer deur die **Voortrekkerverhale** van sy ouma **Hamman**, gebore **Deborah Bezuidenhout** wat as tweejarige dogtertjie die **Groot Trek** meegemaak het, skilder en teken hy bloeddorstige tonele van die Groot Trek. Aan vaderskant is hy aan **Andries Pretorius** verwant en aan moederskant aan die **Hammans van die Bezuidenhout-trek** en is hy van jongsaf intens betrokke by die Afrikaner se geskiedenis.⁴

Sy eerste skoolopleiding ontvang hy op 'n plaasskooltjie en later gaan hy na die laerskool op Bethal. Sy verdere opleiding ontvang hy aan die huidige **Hoogenhout-Hoërskool** waar in die jare 1923 tot 1926 van sy karikature en sketse in die jaarblad gepubliseer word. Ook foto's geneem met 'n selfgemaakte kamera verskyn in die jaarblad. Hy was egter in hierdie tyd soekende na die regte medium om sy gevoelens in uit te druk; hy probeer om gedigte, romans en toneelstukke te skryf; het musiek probeer en instrumente soos 'n kitaar, mandolien, banjo en klavier, waarop hy self leer speel het, vervaardig. Hy het selfs 'n vliegtuig ontwerp wat met bewegende vlerke sou vlieg, en het voëls en insekte bestudeer om dit te kan doen. Hierdie handvaardigheid het hy waarskynlik ge-erf van sy grootvader **Steynberg** na wie hy vernoem is, want hierdie Voortrekkerseun het kunstige leer-en houtwerk gemaak.⁵ Gedurende die vakansietye, wanneer daar nie geplant of geoes moes word nie, het hy ook **kleibeelde van Voortrekkers en ander volkshelde** gemaak. Hoewel daar destyds glad nie soiets soos 'n kunsvak gedoseer is nie, is hierdie beelde onbeholpe maar toon hulle tog sy kunstenaarsaanleg, wat deur **Imker Hoogenhout**, die hoof van die skool raakgesien is. Aangemoedig deur mnr. Hoogenhout skryf Coert hom in 1925 in by die **kunsskool van Grahamstad** waar hy in 1927 die destydse **"Teacher's Certificate of Good Hope"** in verskeie kunsvakke behaal. Coert het soveel vertroue gehad in sy tekentalent dat hy eers skilderkuns wou studeer maar as gevolg van die raad van **professor F.W. Armstrong**, wat sy talent raakgesien het, gaan Coert in beelhoukuns verder studeer.

Verdere studie is alleen moontlik in Europa en om dit te bekostig doen Coert tevergeefs aansoek vir 'n studielening by die

Helpmekaar Vereniging in Transvaal en die Kaapprovinsie. Ook sy aansoek by die kantoor van die **Eerste Minister genl. J.B.M. Hertzog** word geweier omdat sy beelde, hoewel interessant, nie spesifieke waarde vir die Staat het nie.⁶ Eers na 'n goeie oes was sy vader in staat om die geld vir die reis te voorsien.

In 1928 skryf hy in by die **Royal College of Arts** in Londen, waar hy o.m. van die wereldberoemde beeldhouer **Henry Moore** klas kry. Na twee jaar behaal hy die **Associated Royal College of Arts Diploma** en verkry hy die **Auguste Spencer-prys** wat slegs elke vyf jaar uitgelooft word vir die beste beeldhouwerk in klip.⁷ Na afloop van sy studie was dit sy wens om direk terug te keer na Suid-Afrika, maar in hierdie depressiejare moet hy allerlei soorte werk doen om in sy onderhoud te voorsien en om geld vir die terugtog te kry. Gedurende sy verblyf in Londen onderneem hy uitgebreide reise in Europa om die werke van die ou meesters en die van vooraanstaande kunstenaars van sy tyd te leer ken. In 1932 wen hy die kompetisie vir 'n **standbeeld van Jan van Riebeeck**, wat later verander het na **Bartholomeus Dias**, vir die nuwe **Suid-Afrikahuis** in Londen. Hierdie opdrag gee hom bekendheid en Suid-Afrika is trots op die "**Afrikaner kunstenaarsseun**" waar juis in hierdie jare op die hoogtepunt van die kulturele en nasionale bewuswording, so'n sterk behoefte aan 'n beeldhouer is, wat die gevoelens en inspirasies van die Afrikanervolk kan vertolk. By sy terugkoms in 1934 word hy met ope arms ontvang en word, veral wat monumente en borsbeelde betref, die logiese opvolger van **Anton Van Wouw**.

Ondanks die geografiese verspreidheid word die **Afrikanergemeenskap** reeds van ongeveer 1800 gekenmerk deur kulturele bindingsfaktore. Die vernaamste stukrag in die **kultuurlewe van die Afrikaner** is die godsdienst wat bepalend is vir die sedes, gewoontes en gebruike; 'n ander belangrike faktor was die begeerte van die Afrikaner om nie te verval tot die beskawingspeil van wat hy as die laer, primitiewe kulture beskou het. Die aanwesigheid van hierdie faktore het egter slegs gelei tot blote selfhandhawing en nie tot die ontstaan van 'n eenheidsbesef of volksbewussyn nie omdat die Afrikaner nooit 'n nor-

male situasie geken het nie. 'n Volksgevoel ontwikkel normaalweg in 'n situasie waar 'n gemeenskap van bewoners van 'n eie soewereine gebied, afstamming, taal, sedes en oorlewering gemeen het.⁸ Die ontstaan van 'n **Afrikanervolksbewussyn** kan alleen toegeskryf word deur die **"reaksie op 'n uitwendige prikkel"** naamlik Britse optrede waardeur die Afrikaner bewus word van sy kulturele eienskappe soos sy taal, sedes, gewoontes en veral sy godsdienstige gesindheid.⁹ Omdat die Afrikaner se kultuurlewe en -strewes van heel vroeg al vervleg is met die politieke geskiedenis, is daar in die kultuurlewe 'n sterk politieke geladenheid te bespeur en gaan die ontstaan van 'n volksgevoel gepaard met 'n sterk **nasionale bewussyn** waarin die belange van die volk sentraal staan en daar bewustelik sekere bo-individuele ideale en belange van die volk nagestreef word.

Die tydperk na die **Tweede Vryheidsoorlog** word dan ook deur die ontstaan van 'n **nasionale en volksbewussyn** gekenmerk, waar die leiers aktief betrokke is by die beplande en georganiseerde kulturele ontwikkeling van die Afrikanervolk. Die hoogtepunte is die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1909), die ontstaan van talle andere kultuurorganisasies en die amptelike erkenning van Afrikaans (1925).¹⁰

Die **besielende betekenis van nasionalisme** is liefde vir, trots op en trou aan alles wat eie is aan die volk en juis die **gemeenskaplike deurleefde verlede**, waar die voorouers gely en opgeoffer het vir hulle ideale, lei tot 'n vererende historiese bewuste houding. Met sy verlede kan die Afrikaner hom identifiseer en juis aan hierdie verlede moet hy gestalte gee om die goeie en heldhaftige van die voorgeslag vir huidige en toekomstige generasies in herinnering te hou. Die groeiende nasionalisme het na 'n sterker bemoeienis met geskiedenis gelei wat lei tot 'n vererende en bewarende optrede wat tot uiting kom in die volksfeeste, skrywe van geskiedenis vir skole en 'n **sterk behoefte vir die oprigting van monumente**.¹¹

Monumente beteken o.m. dat dit 'n bouwerk, beeld of ander gedenkteken kan wees doelbewus opgerig ter herinnering aan 'n persoon/persone of gebeurtenis. 'n Ware **volksmonument** is die

resultaat van sekere gevoelens soos dankbaarheid, bewondering of verering wat leef in 'n gemeenskap en wat tot uiting kom in 'n vrye en spontane drang om die verlede te versinnebeeld. Omdat 'n monument aan die verlede gestalte moet gee is die produk van 'n skeppende beeldhouer die gewildste omdat hy op 'n esteties aanskoulike manier die verlede kan uitbeeld. ¹²

In die **dertigerjare**, gekenmerk deur sy sterk **nasionale bewussyn**, kom **Coert Steynberg** met sy liefde en trots vir sy land, taal en geskiedenis en sy gebondenheid met die volksgemoed as geroepe om te help met die kulturele opvoeding van die Afrikaner. Goed voorberei vir sy taak gee hy op bekwame en estetiese wyse in tal van monumente gestalte aan die verlede soos:

Die Bloedrivier-monument (1942)

Die Hugenote-monument te Franschhoek (1942)

Die Louis Botha- ruitersstandbeeld, Pretoria (1948)

Sarel Celliers-standbeeld , Kroonstad (1949)

Generaal De Wet-ruitersstandbeeld, Bloemfintein (1954)

Die Pretorius-standbeeld, Pretoria (1955)

Die Vrede van Vereeniging-monument, Vereeniging (1961)

Naas hierdie **volksmonumente** skep Steynberg borsbeelde van geskiedkundige persone soos **Andries Pretorius** en **Louw Wepener**. Behalwe die geskiedkundige portrette is daar ook portrette van politieke figure soos **genl.J.B.M.Hertzog**, **genl.J.C. Smuts**, **dr.D.F.Malan**, **adv.J.G.Strydom**, **dr.H.F.Verwoerd**; van tydgenote soos **Gustav Preller**, **Hendrik Pierneef**, **Maggie Laubscher** en **Totius**. Naas al hierdie portret- en monumente opdragte skep Steynberg ook baie vrye werk; d.w.s. werk wat nie gebind is aan 'n opdrag of tema nie en waar Steynberg homself kan uitleef. Sy aanvoeling vir die intrinsieke karakter van die materiaal kom uit in sy meesterlike hantering van die verskillende mediums; hout, klip, klei, yster en glas. In al hierdie werke wys hy sy liefde vir mens, dier of plant en gee hy op simboliese wyse uiting aan sy verwondering en eerbied vir die Skepping self. Die veelomvattendheid van sy oeuvre, hetsy 'n monument, portret of simboliese voorstelling, gee uiting aan die Afrikaner se lewensbeskouing en

histories bewussyn en kan Coert Steynberg beskou word as die **volksbeeldhouer** by uitstek van die Afrikaanse samelewing en kultuur in die tweede en derde kwart van die twintigste eeu.¹³ Dat hy 'n **volkskunstenaar** is spreek ook uit sy eie woorde: **Ons gaan, vrees ek, die aristokrasie van ons volk met sy forsheid, sy waardigheid en krag in 'n groot mate verloor. Want die Boere, met enkele uitsonderinge, was aristokrate. Dit is vir die kunstenaar om bogenoemde waardigheid te behou en dit aan die volk te toon; daardeur sal die volk opgevoed word om die waardevolle eg Suid-Afrikaanse karaktertrekke te waardeer waaraan die kunstenaar uitdrukking gee.**¹⁴

Die Afrikaner geskiedenis wat Coert Steynberg wil uitbeeld, het op die Groot Trek en veral op die 19de eeuse stryd tussen Boer en Brit gekonsentreer. Met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika in 1961 is die vryheidsideaal verwesenlik en het 'n verval van die histories bewussyn ingetree. Die klem val nou op die rassevraagstuk, sosiale en ekonomiese aangeleenthede en is daar sprake van kompeterende geskiedbeelde waardeur die Afrikaner heldefiguur van Paul Kruger 'n **omstrede figuur** word.¹⁵

Hoewel **Coert Steynberg** erken is as die **volksbeeldhouer** by uitstek en 'n betreklike onomstrede loopbaan van sukses gehad het, was hy een keer die middelpunt van nasionale twis en vurige onenigheid oor die omstrede figuur **Paul Kruger** met die **Paul Kruger-monument in die Kruger-wildtuin.**



VOETNOTE

- 1 Onthulling van borsbeeld van Imker Hoogenhout, *De Echo*, 1966.05.06, p 11.
- 2 E.C.L.Bosman, 'n Kritiese waardering en 'n beskrywing van die vrye, persoonlike beeldhouwerk van Coert Steynberg, (ongepubliseerde MA-verhandeling, UP), pp 5-6.
- 3 P e r s o o n l i k e m e d e d e l i n g : m e v . B e t s i e Steynberg, Amandasigsftreeoord, Pretoria-Noord, 1989.05.23.
- 4 Coert Steynberg, gevierde Suid-Afrikaanse kunstenaar, *Die Volksblad*, 1963.02.01, p 9.
- 5 J.S.Olivier, Koert Steynberg, 'n belowende jong kunstenaar, *Die Huisgenoot* 17(571), 1933.03.03, p 23.
- 6 Coert Steynberg Versameling: D.Steyn-C.L.Steynberg, 1928.03.13.
- 7 Onthulling borsbeeld van Imker Hoogenhout, *De Echo*, 1966.05.06 p 11.
- 8 P.H.Kapp, Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse kultuur, deel II, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(1), Januarie 1984, p 28.
- 9 F.A. Van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede*, p 174.
- 10 P.H.Kapp, Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse kultuur, deel I, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1(2) Julie 1984, p 28
- 11 F.A.Van Jaarsveld, *op cit*, p 11.
- 12 M.C.Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 2(2), Julie 1985, p 31.
- 13 C.S.V: F.G.E.Nilant, *Motivering vir die toekenning van die graad D.Phil.*, Maart 1972, p 1.
- 14 C.L.Steynberg, Afrikaanse Beeldhouwerk, *Die Brandwag*, 10(476), 1948.11.15, p 4-5.
- 15 F.A.Van Jaarsveld, *op cit*, p 4.



1. Casper Kruger, trekboer in die Caledonvallei, sluit hom in 1836 by Potgieter se trek aan.
Foto: Fries van die Voortrekker-monument
Kr.2226
Krugerhuismuseum



2. Voorstelling van die Slag by Vegkop op 16 Oktober 1836. In die middel is die elfjarige Paul Kruger besig om 'n geweer te laai.
Foto: Fries van die Voortrekker-monument
Kr. 2225
Krugerhuismuseum

HOOFSTUK III

PAUL KRUGER: OMSTREDE FIGUUR

Paul Kruger: politieke figuur

Stephanus Johannes Paulus Kruger is op 10 Oktober 1825 in die distrik Colesberg, Kaapkolonie, gebore. In sy jeug het Paul Kruger die gevolge van die vrystelling van die slawe en die filantropiese beleid van die Engelse bestuur ondervind. Hierdie faktore dra by tot die feit dat Paul Kruger se ouers in 1835 die Kaapkolonie verlaat het. Sy pa, **Casper Kruger**, vestig hom as 'n trekboer in die Caledonvallei, in die huidige Oranje-Vrystaat, en sluit hom in 1836 aan by die trek van Andries Hendrik Potgieter. Die Kruger-gesin het saam met die Voortrekkers lief en leed gedeel en op elfjarige leeftyd maak Paul Kruger die **Slag by Vegkop** mee. In 1838 trek Casper Kruger oor die Vaalrivier en vestig hy hom op die plaas Zoutpansdrif, noord van die Magaliesberg. Op sestienjarige leeftyd is Paul Kruger geregtig om vir hom 'n plaas uit te soek en in 1841 het hy op die plaas Waterkloof, aan die voet van die Magaliesberg naby die huidige Rustenburg, gaan woon. As veewagter, jagter en boer het hy slegs in die skool van die natuur sy lesse geleer en het reeds op sewentienjarige leeftyd onder-veldkornet geword. ¹

In 1852 vergesel hy **Andries Pretorius** na Sandrivier en is ooggetuie toe die verteenwoordigers van Brittanje en Transvaal die **Sandrivier-konvensie** onderteken het. Brittanje het hierin die soewereine onafhankelikheid van 'n staat, wat alreeds bestaan het, erken. Hierdie staat benoorde die Vaalrivier het in 1853 kragtens 'n besluit van sy Volksraad die naam van **De Zuid-Afrikaansche Republiek** gekry.² Die onafhanklikheid van die Z.A.R. sou Paul Kruger later met sy hele wese verdedig en het hierdie onafhanklikheid sy politieke beleid bepaal. In die sestigerjare het hy as **kommandant-generaal** belangrike dienste aan sy land bewys, maar hy het 'n steeds groter aandeel in politieke sake geneem en in die gebeure van sy land al meer op die voorgrond getree. Met die anneksasie van Transvaal in 1877 wys Kruger sy



3. President Kruger soos hy gelyk het kort nadat hy vir die eerste keer staatspresident geword het.
Portret: Leonard Feinendegen
1884
Kr. 1866
Krugerhuismuseum

politieke vermoë deur die vryheidsaspirasies van die Transvaalse burgers te kanaliseer tot 'n vryheidstrewende na **Republikeinse onafhanklikheid**. Hy is lid van 'n deputasie wat in 1877 en 1878 na Londen gaan om hierdie onafhanklikheid te bewerkstellig. Hoewel die deputasie faal in hierdie opdrag, wys Kruger sy onderhandelingsvermoë en politieke bekwaamheid. Met die onafhanklikheidsverklaring in 1880 was Kruger dan ook die sleutel-figuur van die **Driemanskap**, bestaande uit Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Wessel Pretorius, wat die land moes regeer.³

Vanuit 'n eenvoudige agtergrond het Paul Kruger uitgestyg om in 1883 tot **staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek** te word; 'n posisie waarvoor hy vier keer verkies is en wat hy vanaf 1883 tot 1900 ononderbroke beklee het. Vasberade en standvastig het hy nooit afgewyk om sy taak te vervul nie en as diep gelowige Calvinis het Kruger, wat lid van die Gereformeerde **Dopper Kerk** was, altyd sy krag en leiding uit die Bybel gekry en sy staats-handelinge altoos onder die leiding van God gestel.⁴ Die ortodokse Calvinistiese geloofsoortuiging het 'n sterk Outestamentiese inslag wat bepalend is vir Kruger se lewensbeskouing. Tussen die Voortrekkers en die uittoeg van die Israëliete uit Egipte word 'n parallel getref en soos Israël is hulle 'n verbondsvolk van God, wat 'n besondere taak en roeping het en word die natuurlike rasseskieding as die wil van God gesien wat daarom gehandhaaf moet bly. Hierdie opvattinge is bepalend vir Kruger se bestuur van die **Zuid-Afrikaansche Republiek** wat vanaf sy ontstaan gekenmerk was deur partytwiste, onluste en kerkgeskille. Bekwaam, met menslikheid, maar tog met beslistheid het hy as 'n vaderfiguur oor sy twistende volk regeer.

President Kruger sien die handhawing van die **onafhanklikheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek** as 'n Godgeroepe taak en konsekwent het hierdie siening sy politieke beleid bepaal sowel ten opsigte van die Republiek van die Oranje-Vrystaat as sy aartsvyand Engeland. Dit was ook bepalend vir die sterk standpunt wat hy ingeneem het oor die **uitlanders** wat na die Witwatersrand gestroom het na die ontdekking van goud en verklaar hy dat hulle nie ver-



4. In 1901 is pres. S.J.P.Kruger met sy Europese ridderordes in Hilversum, Nederland, gefotografeer.

Foto: Louis Changuion

Ch. 329

Krugerhuismuseum

teenwoordig kan word in die bestuur van die land nie. Sy weiering om aan die uitlanders stemreg te gee lei tot grootmoeilikhede met Engeland. Sy pogings om die geskille met die uitlanders vreedsaam te skik, misluk, en hy rig daarna 'n ultimatum aan Brittanje wat in 1899 tot oorlog lei. Die bejaarde president het met vaste vertroue op Gods almag sy krag en inspirasie uit die Bybel geput en met beslistheid en vasberadenheid sy taak op sig geneem om sy volk te lei teen 'n oorgrote wereldmag.⁵

Op 29 Mei 1900 verlaat die 75-jarige president Kruger Pretoria voor die aanrukkende kolonnes van lord Roberts en wyk hy met die Nederlandse oorlogskip **De Gelderland** na Europa uit. Kruger, oud en vermoed, met die spore van verdriet en swaarkry duidelik op sy gelaat te sien, het in die vreemde nie sy gebede gestaak nie en alles in sy vermoë gedoen om die burgers op te wek om te volhard. Telkemale word lang telegramme na die burgers in die veld gestuur en het sy boodskap weerklink: **Vertrou op die Heer; die volk sal weer opstaan.** ⁶ Die stryd was egter vergeefs en die oorlog eindig in 1902 met die vernietiging van die Boererepublieke Transvaal en die Vrystaat. Paul Kruger is as **ban- neling** in Switserland op 14 Julie 1904 oorlede.

Verskillende vertolkings van Paul Kruger

Paul Kruger word gesien as 'n groot historiese figuur en oor Paul Kruger is daar, sowel in sy eie tyd as daarna, meer as oor enige ander figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf. Die Suid-Afrikaanse verlede is gekompliseerd en word al vanaf die 19de eeu verskillend geïnterpreteer omdat die lewensbeskouing en die kulturele agtergrond van die blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika so verskil het. Die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing word dan ook vanaf sy ontstaan gekenmerk deur verskillende voorstellings van die verlede wat deur wereldbeskouing en ideologie bepaal word. So word die konserwatiewe geskiedbeskouing gereflekteer in die Afrikaner se geskiedbeeld en weerspieël die Engelstalige geskiedbeeld die liberale geskiedbeskouing. ⁷

'n **Geskiedbeeld** is nooit staties nie en die veranderlike word

bepaal deur die historiese gesitueerdheid en lewensbeskouing van opeenvolgende generasies. 'n Interpretasie van die verlede, en van 'n historiese persoon soos Paul Kruger, word dus verskillend geïnterpreteer as gevolg van 'n sekere lewensvisie en die historiese gesitueerdheid van 'n bepaalde groep. Die interpretasie van 'n historiese persoon is dus steeds 'n hervertolking en verander van geslag tot geslag.⁸

Die Engelse geskiedbeeld

Die tradisionele **Engelse geskiedbeeld** is die van die Engelstalige koloniste van die 19de eeu. Die koloniste was steeds sterk bewus van hulle herkoms en trots op die superieure beskawing van die **moederland** en is die band met Groot-Brittanje nie verbreek nie. Polities ondersteun hulle die imperialistiese en kapitalistiese politiek van die Britse Ryk en hulle liberale lewensbeskouing kom tot uiting in die filantropies, humanitêre siening teenoor die anderskleuriges.

Die grootste deel van die geskiedskrywing in die jare 1890 tot 1905 wat handel oor Transvaal, die Witswatersrand, die Uitlanders en Kruger is in Engels geskryf. Die klem val op politieke geskiedenis en in die meeste van die Engelse geskiedkundige werke word die Engelse beleid teenoor Transvaal in alle opsigte gesteun. Hulle is sterk pro-Brits ingestel met 'n Brits-imperiale uitkyk en 'n duidelike **anti-Kruger** houding.⁹ Die imperialistiese ideaal van Rhodes en sy optrede word geprys ; Kruger daarenteen word beskryf as dom, onbeskaaf en wars van alle vooruitgang; 'n vurige hater van die Engelse beskawing. In die imperialistiese filantropiese uitkyk word Kruger gesien as 'n onderdrukker van die swartes en beskuldig van 'n **narrow Policy** omdat dit by hom net gaan om die onafhankelike van sy Republiek wat die imperialistiese ideaal van Rhodes teenstaan .¹⁰

In die jare na die Tweede Vryheidsoorlog het die imperiale uitkyk op die Suid-Afrikaanse geskiedenis naby aan 'n algemeen Suid-Afrikaanse gesigspunt gekom, veral weens die strewe tot unifikasie van die vier Britse gebiede in Suid-Afrika. Die idee

van sameswering met die Afrikaners in die nuwe Suid-Afrika het na vore gekom en word ,veral na 1905, Kruger sy optrede as 'n struikelblok op die weg na unifikasie gesien omdat: **Kruger could not tolerate the idea of a South African nationality.**¹¹ Ander geskiedkundige werke is meer simpatiek en probeer hulle aantoon dat Kruger as kind van sy tyd en omgewing nie anders kon handel nie en bewonder hulle sy standvastigheid in die stryd vir sy ideale. So gee C.W.de Kiewiet en E.A.Walker 'n gematigd liberale uitkyk op Kruger; hy word krities maar met begrip behandel en sy optrede word histories gemotiveerd. In die biografie: **Paul Kruger.His life and time.** (1914) deur **Manfred Nathan** word Kruger se optrede ook begryp alhoewel dit nie goedgekeur word nie.¹² In ander liberale geskiedskrywinge is er 'n klemverskuiwing van politieke na sosiale tema's en word Kruger voorgestel as 'n **onderdrukker en uitbouter van swartes.**¹³

Na die Tweede Wereldoorlog(1939-1945) word die humanitêre vraagstukke in die liberale geskiedskrywing sentraal geplaas en val die klem op sosiale en samelewingsvraagstukke en in die besonder op die rasseverhoudinge in Suid-Afrika. Dit is 'n pleidooi vir die beëindiging van diskriminerende wetgewing en erkenning van individuele regte. In die jare vyftig word daar met die meer liberale uitkyk, veral in politieke opsig, 'n ongunstig en onsimpatiek beeld van Kruger gegee en word hy beskou as 'n rassis en word sy beleid as 'n voorloper van die beleid van die Nasionale Party beskou. Sy onafhanklikheidstrewe sou die weg gebaan het vir die **Republiekwording in 1961** en die implementering van die apartheidsbeleid.

In 'n moderne siening kry Kruger erkenning vir sy politieke vermoë en dwing hy respek af vir sy standvastigheid. Tog word hy gesien as 'n religieuse fanatikus, 'n geslepe rassis en 'n politieke pragmaties.¹⁴ In die huidige tyd is daar 'n verandering in uitkyk oor die posisie van die blanke in Suid-Afrika en dit beïnvloed die beskouing oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis en is Kruger in die liberale geskiedskrywing nie meer so relevant nie; daar is 'n meer objektiewe benadering en word Kruger beter vanuit sy eie historisiteit benader.¹⁵

Die Afrikaanse geskiedbeeld

Die konserwatiewe wereldbeskouing word gereflekteer in die **Afrikaanse geskiedbeeld** wat eers ontstaan het met die nasionale bewuswording na die Tweede Vryheidsoorlog en word gekenmerk deur 'n Bybels, Ou-Testamentiese oriëntering met 'n sterk anti-Engelse element. Tydgenootlike geskiedkundige bronne oor Kruger is geskryf deur Nederlanders, Duitsers en Franse en hulle sien Kruger as die verpersoonliking van die eieskappe van sy volk; as **'n moedige, vryheidsliewende, karaktervaste mens.**¹⁶ Hierdie uitbeelding van Kruger het tot 'n groot mate die beeld in die Afrikaans-talige geskiedskrywing beïnvloed. Die Afrikaanse geskiedskrywing word gekenmerk deur die uitbeelding van die Boer-Brit verhouding en die stryd van die Afrikanervolk teen die Britse imperialisme, die Groot Trek noordwaarts en die heroïese lydingsgeskiedenis op die trekpad.

Onder Afrikaanssprekende historici was daar dan ook veel belangstelling vir **die Groot Trek, die Boererepublieke en heldefigure soos Paul Kruger.** Die heldedade en manmoedige optrede van Paul Kruger as kind en jong man word verhaal en ook in die uitbeelding van sy lewenswyse en politieke optrede word hy in alle opsigte as 'n held voorgestel. In sy stryd as leier van sy volk word hy geteken as: **'n goeie mens, 'n ware Christen, 'n groot man** wat hom nie wou onderwerp aan Engeland nie en sy ideaal, die onafhanklikheid van die Z.A.R., verdedig het selfs teen die magtige Britse ryk. Dit skep die beeld van die **ou gryse** wat met **leeuemoed** gestry en gely het vir die behoud van 'n volk en 'n **Republiek.** Die Afrikaanse geskiedbeeld teken hom as 'n man wat hom beywer het vir die handhawing en uitbouing van die Republikeinse onafhanklikheid; as die man wat in vaste vertroue op God alles daarvoor opgeoffer het en word die **heró"ese volksfiguur Paul Kruger** gesien as die simbool van die Republikeinse gedagte waarvoor die Afrikaner wil leef en sterwe.¹⁷

Kritiek in Afrikaner kringe teen Kruger kom veral uit die Kaap-provinsie en die Oranje-Vrystaat en word hy beskuldig dat sy



Die standbeeld van president Kruger, deur Anton van Wouw, wat tans op die Kerkplein in Pretoria staan.

Foto: Louis Changuion

Kr. 1422

Kruaerhuismuseum

5



Die uitbeelding van Kruger, die banneling, deur Jean Georges Achard. Die standbeeld staan voor die stadsaal op Rustenburg.

Foto: Louis Changuion

Kr. 2052

Krugerhuismuseum

onafhanklikheidstrewes 'n eensydige karakter gehad het. Dit het by Kruger alleen om die behoud en onafhanklikheid van Transvaal gegaan. Hy sou hom nooit vir 'n groter republikeinse eenwording van alle Afrikaners in Suid-Afrika beywer het nie. So het hy selfs in die samewerking of vereniging met die susterrepubliek, die Oranje-Vrystaat, die versterking van Transvaal se posisie teenoor Brittanje primêr gestel. Die kritiek is dat Kruger se staatsbeleid om Transvaal se onafhanklikheid te bewaar en die Republiek ekonomies selfstandig te maak so eng was, dat dit nie plek toegelaat het vir samewerking met die Oranje-Vrystaat nie. In teenstelling hiermee het pres. M.T.Steyn hom uit die staanspoor vir die versterking van beide Republieke beywer, en wel met die oog op 'n uiteindelijke Republikeinse eenwording van alle Afrikaners in Suid-Afrika. In die Oranje-Vrystaat word president M.T.Steyn dan ook as 'n groter Afrikanerfiguur beskou.¹⁸

In die jare dertig is 'n volkseenheid nagestreef op basis van 'n nasionalisme wat die hele Afrikanerdom van Suid-Afrika omvat.¹⁹ Na die Tweede Wêreldoorlog het die Afrikaner die eindpunt van sy nasionale- en vryheidstrewes bereik met die Republiek-wording in 1961 en sien hy sy posisie nou in wereldperspektief en word ook in die Afrikaner geskiedskrywing die rasseverhouding belangriker.

Hierdie latere geskiedskrywing is minder subjektief en 'n meer kritiese instelling teenoor Kruger kom duidelik na vore; so verskyn verskillende geskrifte oor Kruger se beginsels en ook oor sy staatkundige sake. In 1961 verskyn die eerste wetenskaplike biografie van **D.W.Krûger, Paul Kruger**, waarin Kruger in perspektief geplaas en sy optrede gemotiveer word. Ook in letterkundige werke is daar 'n meer kritiese uitkyk waar te neem en so gee **Anna M. Louw** in *Die ou gryse benewens* 'n skeppende verbeelding ook 'n juiste historiese weergawe en 'n goeie interpretasie van Kruger se persoonlikheid.²⁰

Hoewel daar dus ook in die Afrikanergeskiedskrywing kritiek teen Kruger is, is dit hoofsaaklik gerig op sy politieke optrede en nie op sy siening teenoor anderskleuriges nie en bly Kruger nog steeds die groot Afrikaanse historiese persoonlikheid en neem hy



7. Kruger, die **ou gryse**, soos hy daar in sy laaste lewensjaar uitgesien het.

Foto:

1903

Kr. 1399

Krugerhuismuseum

nog steeds 'n belangrike plaas in resente Afrikaanstalige geskiedeniswerke in. ²¹

As politieke leier was Paul Kruger met sy gewigtige en soms noodlot-swangere besluite, die voorwerp van skerpe meningsverskille en nimmereindigende aanvalle; veral natuurlik van sy vyande. Paul Kruger, die mens, word geteken as 'n man met karaktertrekke soos **koppigheid, deurtastendheid, karaktervastheid, meedogenloosheid, menslikheid** en polities bestempel as konserwatief en pragmaties. Hierdie uiteenlopende en teenstellende sieninge maak van Paul Kruger 'n **enigma** en was hy, sowel tydens sy lewe en in die geskiedenis daarna, 'n **omstrede figuur**.

Paul Kruger: natuurbewaarder

Paul Kruger was 'n seun van die veld; nie net alleen as veldkornet en as jagter nie, maar ook het hy dilwels sy toevlug na die klowe en kranse geneem om te bepeins en inspirasie vir sy probleme te vind. In 1858, op 23-jarige leeftyd, het hy as veldkornet reeds sware strawe bepleit vir persone wat onoordeelkundig in die jagveld die wild uitroei. Die jagveld, waarin die huidige **Kruger-wildtuin** val, is jarelank net as 'n jaggebied deur die blankes en die swartes gebruik. In die winter het die boere hulle vee vir weiding daarheen gebring en in die somer, nadat hulle vertrek het, het die swartes dit weer as jaggebied gebruik. Die wild het dus jaar na jaar minder geword.

In 1884, die eerste jaar na sy inswering as President van die Z.A.R., is in die Volksraad voorgestel om die **Jagwet van 1870**, wat die beskerming van die fauna in Transvaal gereguleer het, vanweë sy ondoeltreffendheid te wysig. Pres. Kruger het sterk die saak ondersteun om 'n algehele verbod op die jag van wild op sekere dele van die regeringsgrond te plaas om die voortbestaan van die plant- en dierelewe te verseker. Die skepping van **natuurreservate** was egter so'n nuwe gedagte, in 'n tyd toe die jag van wild as 'n onvervreembare reg van die burger beskou is, dat die Volksraad dit nie ondersteun het nie.

In 1889 ondersteun Pres. Kruger sterk die resoluëie vir die instelling vannatuurreservate en stel hy spesifieke gebiede voor.²² Een in die nabyheid van die Pongolarivier en 'n tweede gebied noord van die Soutpansberge, ooswaars tot aan die Portugese grens. Hierdie streek sou later (1903) bekend staan as die **Shingwedzi-reservaat** wat tans die noordelike deel van die Kruger-wildtuin is. Kruger het juis hierdie gebiede gekies omdat hulle nog genoeg wild van verskillende soorte gehad het. Volgens die notule van die Volksraad het die President gese: **het wild dat er nog loop word dan bewaard voor de verre toekoms**. Die Volksraad het nog nie saamgestem met die afsondering van sekere gebiede nie, maar het wel bepaal dat die jag op staatsgrond geheel-en-al verbied word. In 1892 het die President daarin geslaag om geweldige swaar boetes op sekere beskermde diersoorte gehef te kry en in 1893 kom daar 'n totale verbod op die skiet van buffels, elande, renosters en kameelperde en sal oortreders met R300 gestraf word.²³

In 1894 het die President 'n deel van sy ideaal verwesenlik gekry met die proklamering van die **Pongolareservaat** en in 1895 met die **Fonteinevallei** by Pretoria. Die tweede natuurrervaat het in 1968 die **Groenkloof Nasionale Park** geword waar die hoofkantoor van die Nasionale Parkeraad gevestig is. Op 17 September 1895 word deur mnr. R.K. Loveday en J.L. van Wyk die mosie van 1889 opnuut ingedien en word, met uitsondering van twee stemme, die gebied tussen die Krokodil- en die Sabierivier geproklameer tot **Gouvernements wildtuin**. Op 26 Maart 1898 verskyn die proklamasie van hierdie spesifieke gebied in die staatskoerant en word vermeld dat iedere persoon wat wild binne die gebied sou vernietig, jag of kwes, gestraf sal word. Die datum 26 Maart 1898 was dus die **geboortedatum van die Sabie-wildreservaat en onregstreeks ook van die Nasionale Krugerwildtuin**. In die beginjare het die wildreservaat bloot kragtens proklamasie bestaan maar deur onvermoeide pogings van o.m. J. Stevenson-Hamilton, die eerste veldwagter, is dit in 1926 tot die **Nasionale Kruger-wildtuin** verklaar toe die Wet op Nasionale Wildtuine op 31 Mei 1926 aangeneem is.²⁴

Paul Kruger was die eerste staatsman wat hom persoonlik en volhardend vir die bewaring van groot dele van die ongerepte natuur beywer het op 'n tydstip toe wilde diere as 'n bedreiging vir vooruitgang beskou is. Hy is die grondlegger van die Kruger-wildtuin en hierdie wildreservaat is na hom vernoem omdat hy die reuse kampvegter daarvoor was en word Paul Kruger beskou as die **vader van natuurbewaring.**²⁵

Kritiek op Paul Kruger se natuurbewaring

Dr. Jane Carruthers, historikus van Unisa, verklaar in haar doktorsale tesies dat die aandeel wat pres. Kruger in die stigting van die Kruger-wildtuin gehad het net: **die teenoorgestelde is van wat algemeen aanvaar word.** Sy beweer dat pres. Kruger juis die proklamasie teengestaan het en dat daar voortdurend aan hom **getorren** moes word. Die reservaat sou sonder moeite al in 1889 geproklameer kon gewees het maar: **in die oe"van die president was 'n wildsbok maar net biltong.** Sy reken dat die eer van die ontstaan van die Kruger-wildtuin toekom aan die Engelsman Richard Kelsey Loveday en die lid van die Volksraad, mnr. J.L. van Wyk. Dr. Carruthers beweer dat: **Die ou president se gewaande bewaringsrol sterk ruik na 'n Afrikaner- mite.** Eers in die jare twintig is die Wildtuin na Kruger vernoem omdat dit die gevoel sal skep dat hy gestry het vir die ontwikkeling van die Afrikanervolk.²⁶

Dr. Hennie Grobler, ook van Unisa se geskiedenis-departement, verklaar dat hy nie kan saamstem oor die eensydige beskouing van Kruger se rol in die wildtuin-kwessie nie. Hy is die mening toegedaan dat rekening gehou moet word met die feit dat die kwessie van die wildreservaat in die Z.A.R. Volksraad in die laatste dekade van die vorige eeu bespreek is: **Wildbewaring was in daardie jare nie soon groot saak soos vandag nie, maar dit beteken nie dat Kruger nie daarin belang gestel het nie.**²⁷ Pres. Kruger moes eers, as gevolg van die oorlogsgevaar, na die belange van sy mense omgesien en kon dan eers aandag gee aan die belange van die diere. Dat hy simpatiek gestaan het teenoor die saak van die wildbeskerming blyk uit die feit dat hy aan die besprekings in die Volksraad deelgeneem het. Pres. Kruger wat as

staatspresident nie lid van die Volksraad was nie, het alleen aan 'n debat deelgeneem as hy sterk oor 'n saak gevoel het.²⁸

Die resente meningsverskille tussen geskiedkundiges oor die rol wat president S.J.P.Kruger gespeel het ten opsigte van wildbewaring wys dat **Kruger as natuurbewaarder ook 'n omstrede figuur is.**

VOETNOTE

1. L.Changuion(red), **Fotobiografie: Paul Kruger 1825-1904**, pp 5-6.
2. C.F.J.Muller(red), **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, p 260.
3. D.Oakes (red) ea, **Illustrated History of South Africa**, p198.
4. M.C.E.van Schoor(red)ea,**Senior geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole**, pp423-424.
5. **Ibid**, pp 423-424.
6. P.J.de Beer(red),**President Paul Kruger**,p 6.
7. F.A.van Jaarsveld,**Omstrede Suid-Afrikaanse velede**,pp 4-7.
8. **Ibid**, pp 8-65.
9. P.de Klerk,**Die geskiedskrywing oor Paul Kruger**.(Ongepubliseerde MA-verhandeling,PU - CHO), p 183.
10. **Ibid**, p209, p223.

11. **Ibid**, p209.
12. **Ibid**, p 212.
13. **Ibid**, p 226.
14. D.Oakes,(red) ea,**op cit**, p 198.
15. T.R.H.Davenport,**South Africa a modern History**, pp202-221.
16. P.De Klerk,**op cit**, p 223.
17. Die Akademie en die Krugerkop,**Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**7(1), Februarie 1969, p 9.
18. M.C.E.van Schoor(red)ea,**op cit**,p 424.
19. F.A.van Jaarsveld,**Wie en wat is die Afrikaner?**, p 3.
20. P.De Klerk,**op cit**, p 174.
21. C.F.J.Muller(red),**op cit**, pp 153-370.
22. H.Grobler,**Paul Kruger was g'n teen natuurbewring nie**,**Die Burger**, 1988.10.08,p 15.
23. C.S.V.: **President S.J.P.Kruger as natuurbewaarder**,1965.06.01, p 2.
24. **Ibid**,p 1.
25. **Ibid**,p 2.
26. K.Venter,**Wild net biltong vir oom Paul?**,**Rapport**,1988.09.18,p 33.
27. **Ibid**,p 33.
28. H.Grobler,**op cit**,p15.



1. Coert Steynberg se **inspirasie**
Z.A.R. Krugerpond
1900
goud
Nasionale Kultuurhistoriese Museum
NU. 2091

HOOFSTUK IV

COERT STEYNBERG: SY UITBEELDING VAN PAUL KRUGER

Die Krugerpond

Coert Steynberg het nooit vir pres.S.J.P. Kruger in lewe gesien nie maar hy was van kindsbeen af deurdrenk met die hoë agting wat sy mense vir Paul Kruger gekoester het. Sy pa was 'n **bittereinder**, en hoewel hy gevoel het dat die President die boere op die end in die steek gelaat het, was **Paul Kruger tog hulle held** en vir hulle **die simbool van die vryheidsgedagte van die Afrikanervolk**. Al die verhale oor die Tweede Vryheidsoorlog het 'n diep indruk op klein Coert gemaak en hy ontwikkel 'n groot **heldeverering** vir Oom Paul. Hierdie gevoelens oor sy kinderheld het verstrengel geraak met sy ontwikkeling as beeldhouer.¹

Op sewejarige leeftyd ontdek Coert 'n **goue Krugerpond** in sy ma se laaikas en die beeltenis van die Krugerkop op die goue pond het hom so gefassineer dat hy die pond uit die laai gevat het. Die afbeelding van Paul Kruger het sy verbeelding aangegryp en hy het daelank met die pond in sy sak rondgeloop en kort-kort skelmpies na die pond gekyk. Op 'n kuier na sy ouma, saam met sy nefies en niggies, gooi hy die pond uit die motor se venster uit vrees dat die kinders dit by hom sou ontdek. Toe sy ouers tot hulle ontsteltenis agter kom dat die pond weg is, en hulle hom nie van diefstal beskuldig nie, vertel Coert wat hy gedoen het. Die soektog in die lang gras langs die pad was egter vergeefs en is die pond nooit teruggevind nie.²

Vir Coert, vir wie lieg of bedrieg ontoelaatbaar was, was hierdie 'n traumatiese ervaring en het dit 'n diepe indruk op hom gemaak. Die beeltenis van pres.Kruger op die Krugerpond was bowendien die eerste regte beeld wat hy gesien het. Hierdie beeltenis is vir Coert Steynberg die **inspirasie** gewees om 'n beeldhouer te word. Al hierdie faktore het veroorsaak dat die beeld van pres. Kruger as het ware in sy onderbewuste ingegrafeer is en sou hy sy hele lewe lank probeer om gestalte te gee aan hierdie verlore



2



3

Porsbeeld van Paul Kruger wat Coert Steynberg gemaak het toe hy op die **Hoogenhout-Hoërskool** skoolgegaan het.

Borsbeeld: Pres.S.J.P.Kruger

1921

potklei

28x38x16 cm.

C.S.V.

© University of Pretoria

beeltenis van pres.Kruger.³

Op twaalfjarige leeftyd maak Coert sy **allereerste beeldjie van Paul Kruger**. Voorsigtig het hy met 'n hamer en beitel stukkies steen van 'n rooi baksteen gekap en het die baksteenbeeldjie al duideliker vorm begin aanneem. Uiteens tevrede het Coert na sy skeppingswerk gekyk: **'n kopstuk van president Kruger**. Hierna het hy nog 'n paar andere kopstukke van Paul Kruger uit baksteen gekap. Jammer genoeg het hierdie baksteen-beeldjies verlore gegaan.⁴

Borsbeeld Paul Kruger: 1921

Coert Steynberg het in 1920 na die Hoogenhout-Hoërskool te Bethal gegaan maar hy het meer belanggestel in die maak van musiekinstrumente, tekeninge en beelde as in die skoolwerk wat hy maar vervelig gevind het. Gedurende die naweke en vakansies probeer hy om herkenbare modelle van **volkshelde** uit potklei te maak. Met behulp van tekeninge en foto's slaag Coert daarin om 'n herkenbare gelykenis te modelleer van Paul Kruger en ander volkshelde, o.m. van Pres.M.T.Steyn.

Een van die eerste gemodelleerde borsbeelde van Pres.Kruger neem hy eendag skool toe waar die skoolhoof **Imker Hoogenhout** dit te sien kry. Die skoolhoof koop die beeldjie vir 'n paar sjieling van jong Steynberg en moedig hom aan om hom verder in beeldhou te bekwaam.⁵

Die borsbeeld is kinderlik onbeholpe gemoduleer wat toegeskryf kan word aan die feit dat Coert nie kunsonderrig op die Hoogenhout-Hoërskool gekry het nie en omdat hy in sy omgewing nie met kuns in aanraking gekom het nie. Ondanks die tekortkominge toon die borsbeeld 'n goeie gelykenis met 'n jeugdige Kruger en wys hierdie borsbeeld sy aanleg vir moduleerwerk. Die **borsbeeld van pres.Kruger** is op 'n goeie dag deur 'n onderwyser mnr.De Klerck uit Bethal terugbesorg aan Coert Steynberg.⁶



4



5

Borsbeeld van Paul Kruger wat Coert in gips gegiet het.

Borsbeeld: Pres.S.J.P.Kruger

1925?

gips

18x16x13 cm.

C.S.V.



6. Onvolledig stel van 10 Volkshelde in besit van die Universiteit van Pretoria.

Foto: Kunsargief Universiteit van Pretoria



7



8

Die borsbeeldjie van die volksheld pres.S.J.P.Kruger.

Borsbeeld: Pres.S.J.P.Kruger

1945

verbronsde lood

foto: S.A.S.K.I.

Borsbeeld Paul Kruger: 1925?

Hierdie borsbeeldjie van pres. Kruger, wat in gips gegiet is, toon 'n duidelike vooruitgang. Dit is ongedateer maar die giet van gips vereis 'n kennis van hierdie tegniek en ook toon die modulering 'n groter kundigheid. Dit is aanneembaar dat Coert Steynberg die tegniek vir die eerste keer geleer op die kunsskool in Grahamstad waar hy in 1925 ingeskryf het.⁷ Die beeldjie het altyd in sy ouers se huis gestaan en sy moeder het dit liefdevol met melk gewas waardeur dit so mooi wit gebly het.⁸

Borsbeeld pres. S.J.P. Kruger - Stel van 10 Volkshelde: 1945

In 1945 was die Transvaler-Boekhandel in Johannesburg in finansiële moeilikhede en om die bankrotskap van hierdie boekhandel te vermy is besluit dat Coert Steynberg modelle van klein borsbeeldjies van tien Volkshelde sal maak.

Die tien Volkshelde is: Gen. C.R. de Wet,
Gen. J.B.M. Hertzog,
Gen. J.H. de la Rey,
Pres. M.T. Steyn,
Pres. S.J.P. Kruger,
Ds. J.D. Kestell,
C.J. Langenhoven,
Eugene Marais,
Jan F.E. Celliers,
A.G. Visser. 9

Tydens en kort na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n gebrek aan brons en het die Transvaler-Boekhandel ongeveer 200 stalle in 'n lood-sink allooï, wat met brons oorgeblaas is, laat giet. Die materiaal van die beeldjies is so sag dat hulle maklik het beskadig het.¹⁰ Die borsbeeldjies is vir omtrent R10 stuk verkoop. Die Universiteit van Pretoria het 'n onvolledig stel van agt volkshelde as 'n skenking gekry.¹¹



9. Coert Steynberg met die model van pres.S.J.P.Kruger in sy ateljee.

Foto: S.A.Digest 1965.09.24.



Borsbeeld pres.S.J.P.Kruger,
hoofkantoor S.A.Spoorweë"Johannesburg: 1965.

Die S.A.Spoorweë het oorspronkelyk beplan om in die omgewing van hulle nuwe hoofkantoorin Johannesburg, die Paul Krugergebou, 'n tuin aan te lê wat bekend sou gestaan het as die Krugerpark. In hierdie park sou 'n standbeeld van pres.S.J.P.Kruger geplaas word.¹² Die S.A.Spoorweë het Coert Steynberg genader om hierdie standbeeld te maak. Na die opstel van 'n voorlopige ooreenkoms het Steynberg vier klein modelletjies gemaak waarvan die S.A.Spoorweë die mees geskikte model gekies het.¹³

Coert Steynberg sien pres. Kruger as 'n man: van onwrikbare wilskrag, koppig en onkreukbaar; bonkig van postuur en vierkantig soos 'n rots. In sy ontwerpmodel vir die standbeeld probeer hy hierdie hoedanighede te suggereer deur Kruger uit te beeld: in 'n vasberade houding waar hy vierkantig op sy bene staan met 'n wandelstok in sy regterhand wat ferm op die grond gedruk word en sy hele liggaam verpersoonlik beslisheid tot die vuus van sy regterhand. Die pluiskeel wil Steynberg weglaat, dit plaas die gelaat in die skaduwe, en hy wil juis die karakteruitdrukking van die gelaat duidelik laat uitkom. Die standbeeld van die groot volksheld moet tenminste tweemaal lewensgrootte wees en taamlik hoog op 'n voetstuk geplaas word. Die hoë gebou sal anders die beeld laat verdwerg. Die standbeeld moet in brons gegiet word en die voetstuk in graniet; die kosteberaming is R52.000.¹⁴

Die S.A.Spoorweë besluit teen die twee-keer lewensgrote standbeeld en Coert Steynberg maak 'n model vir 'n borsstuk van Paul Kruger. Hierdie model word aanvaar en Coert Steynberg ontvang op 17 November 1964 die opdrag van die S.A.Spoorweë vir 'n borsbeeld, in brons gegiet, anderhalf-keer lewensgrootte; teen 'n vergoeding van R.1000. Die borsbeeld sal geplaas word op 'n voetstuk wat deur die Departement voorsien sal word.¹⁵

Coert Steynberg het tot die beste van sy vermoë gewerk omdat hy so'n groot bewondering vir die President het. Hy het baie tyd



11



12

Die model van die borsbeeld van
pres.S.J.P.Kruger wat voor die
hoofkantoor van die S.A.Spoorweë
in Johannesburg staan.

Borsbeeld: Pres.S.J.P.Kruger

1965

gips

71x72x45 cm

C.S.T.

© University of Pretoria

spandeer om so veel as moontlik oor Paul Kruger te lees en ook het hy talle foto's bestudeer voordat hy met die werk begin het. In hierdie studie konstateer hy 'n interessante feit n.l. dat Pres. Kruger altyd sy haarskeiding aan die regterkant gehad het. Na sy vertrek uit Transvaal en as **banneling in die vreemde** verander hy dit na die linkerkant. In die borsbeeld het Steynberg pres.Kruger uitgebeeld met die haarskeiding aan die linkerkant.¹⁶

Coert Steynberg het die medium meesterlik gehanteer en die roffe tekstuur van die brons gee goed die rimpels en plooië van 'n ou man weer. Op die gelaat van Kruger is die tekens van swaarkry en verdriet te sien en het **die ou grys banneling** 'n introspektiewe blik in sy oë. Dit is asof hy die konsekwensies van sy dae in die verlede in oënskou neem. Die vasberadenheid van sy mond is egter 'n bewys van sy vaste oortuiging dat die pad wat hy gevolg het, die regte een was.

VOEINOTE:

- 1 K.A.U.P: C.L.Steynberg,*Die Krugerkop*, praatjie vir die S.A.U.K., 1968.04.30
- 2 Persoonlike mededeling: mev. Betsie Steynberg, Amandasig-aftreeoord, Akasaia, 1988.10.27.
- 3 Persoonlike mededeling: mev. Isa Wiechers, Danie Theronstraat 94, pretoria-Noord, 1989.09.29.
- 4 L.Flint, Coert Steynberg se lewensideaal, *Op Safari*(6), Januarie 1977, p 8.
- 5 'n Jong Afrikaanse beeldhouer, *Die Suiderstem*, November 1937, p16.
- 6 Persoonlike mededeling: mev. Betsie Steynberg, Amandasig-aftreeoord, Akasaia, 1988.11.03.
- 7 Persoonlike mededeling: mnr.A. Prinsloo, tegniese assistent, Dept. Beeldende Kunste, UP, Hertzogstraat 913, Rietfontein, Pretoria, 1989.09.16.
- 8 Persoonlike mededeling: mev. Betsie Steynberg, Amandasig-aftreeoord, Akasaia, 1989.01.23.
- 9 K.A.U.P: 10 Volkshelde-band: C.L. Steynberg-A.A. Rossouw, 1972.12.15.
- 10 Persoonlike mededeling: mev. Betsie Steynberg, Amandasig-aftreeoord, Akasaia, 1989.08.12.
- 11 Persoonlike mededeling: Prof. A. Duffey, Dept. Beeldende Kunste UP, Watersonlaan 38, Kilnerpark, Pretoria, 1989.09.29.
Die navorser het tot dusver nog nie 'n persoon of 'n instansie opgespoor wat 'n volledige stel volkshelde besit nie. die modelle van die 10 beeldjies is in besit van mev. Betsie Steynberg.
- 12 K.A.U.P: Pres Krugerborsbeeld, S.A.S.-band: Hoofargitek, S.A.S.-Hoofbestuurder, S.A.S., 1964 06.09.
- 13 K.A.U.P: P. K. borsbeeld, S.A.S.-band: C.L. Steynberg-H. Joubert, 1964.03.31.
- 14 K.A.U.P: P. K. borsbeeld, S.A.S.-band: C.L. Steynberg-Hoofargitek, S.A.S. 1964.05.15.
- 15 K.A.U.P: P. K. borsbeeld, S.A.S.-band: C.L. Steynberg-Hoofbestuurder S.A.S. 1964.12.11.
- 16 K.A.U.P: P. K. borsbeeld, S.A.S.-band: *Sunday Chronicle*,1965.10.03.

HOOFSTUK V

PRESIDENT S.J.P. KRUGER-MONUMENT: 1976

Numbi- hek: Ingangspoort

Die Nasionale Kruger Wildtuin word gereken tot die mees waardevolle besitting van Suid-Afrika en is 'n grote aantrekkingskrag vir toeriste, sowel vir binnelandse as oorsese besoekers. Hoewel die vernoeming van die wildtuin na Paul Kruger 'n groot eerbewys is, word gevoel dat hierdie vernoeming besig is om net 'n geografiese verwysing te word, en dat die toeris op 'n meer visuele manier herinner moet word aan die vader van natuurbewaring, pres.S.J.P. Kruger.¹ Gaandeweg het die gedagte van verering van Paul Kruger as natuurbewaarder posgevat; in die begin sestiger-jare het die destydse Minister van Verdediging, mnr.G.C.Erasmus voorgestel dat pres.Kruger as natuurbewaarder gehuldig behoort te word.² Tydens die onthulling in 1961 van 'n standbeeld van J.Stevenson-Hamilton, die eerste veldwagter van die Kruger-wildtuin, is dieselfde gedagte uitgespreek.³ Mnr.H.C. van der Veen, wat jarelang in die Raad se diens was, het by 'n senior personeelvergadering voorgestel dat daar by die Numbi-hek 'n Krugerpoort geskep moet word om president Kruger as natuurbewaarder te vereer. Die gedagte het groot byval gevind by mnr.Rocco Knobel, direkteur van Die Nasionale Parkeraad en ander lede van die Parkeraad. Die Rapportryerskorps van Lydenburg ondersteun ook die gedagte en is bereid om die fondse vir so'n projek in te samel.⁴ Die Rapportryerskorps van Lydenburg het toestemming van die Landsraad verkry om 'n Numbihek-fonds te organiseer, met die doel om 'n Ingangspoort by Numbi op te rig wat die toeriste sal herinner aan pres.S.J.P. Kruger, die geestelike vader van die Kruger-wildtuin. Die Nasionale Parkeraad het sig bereid verklaar om as beskermheer van hierdie projek op te tree.⁵

Die Numbihek-fonds skryf in Junie 1966 'n kompetisie uit met 'n

Paul Kruger

Soos 'n berg ongebuk,
breed en boonkij van stuk;
die getaat hap vir hap
uit die kranse gekap,
elke kers, elke knou
harde noodlot se hou,
- dis hy!

Jan F. Lillies

1. Die gedig wat Coert Steynberg van jongsaf geïnspireer het, geskryf in sy eie handskrif.
ongedateerde aantekening
Coert Steynberg
C.S.V.

prysgeld van R300 vir 'n **INGANGSPOORT** by die Numbi-hek van die Kruger-wildtuin. Die **Ingangspoort** moet van so'n formaat wees dat dit op sigself 'n aantrekkingskrag vir toeriste sal wees en die gedagte van president Kruger as natuurbewaarder moet duidelik uitgebeeld word. Verskillende argitekte en kunstenaars, waaronder **Coert Steynberg**, word genader vir 'n ontwerp vir so'n Ingangspoort. ⁶

Coert Steynberg is van jongs af geïnspireer gewees deur 'n gedig uit die bundel **Lewenstuin en ander gedigte** van **Jan F.E. Celliers**;

Soos 'n berg ongebuk,
breed en bonkig van stuk,
die gelaat hap vir hap
uit die kranse gekap,
elke kerf, elke knou
harde noodlot se hou,
----dis hy!

Die grondgedagte van hierdie gedig is die analogie van 'n berg met pres. S.J.P. Kruger. Pres. Kruger het volgens sy beginsels standvastig en onwrikbaar gehandel en vierkantig soos 'n rots gestaan toe die golwe van teenspoed teen sy klein volk gespoel het. ⁷ Die karaktertrekke van **Kruger**, soos **vasberadenheid**, **wilskrag** en **standvastigheid** kan volgens Coert Steynberg nooit ten volle in brons uitgedruk word nie maar wel in graniet wat die hardste en duursaamste klipsoort is. Graniet verdra ook nie tierlantyntjies nie, net soos die bonkige gestalte van Kruger ook nie onbenullighede verdra nie. Daarom wil Steynberg nog altyd Paul Kruger in graniet uitkap omdat: **graniet die beste die wese en karakter van Oom Paul vertolk.** ⁸

In 1940 toer Coert Steynberg saam met sy vrou vir die eerste keer deur die **Kruger-wildtuin** en daar, temidden van die ongeskonde natuur, besef hy duidelik die grootheid van Paul Kruger. Hy sien

Coert Steynberg se ontwerp vir die **Ingangspoort** by Numbi-hek met die hooftema van 'n ereboog gevorm deur twee lewensgrote olifante oor of 'n borsbeeld of 'n standbeeld van pres Kruger .

Ontwerpsketse

Coert Steynberg

1967

C.S.V.

2



Voorstelling no.1

Die twee-keer lewensgrote graniet borsbeeld van pres.Kruger onder die ereboog van olifante.

46


3



Voorstelling no.2

Die standbeeld van pres. Kruger met 'n hulpelose wildsbokkie wat afhanklik maar vol vertroue, sorgloos en gelukkig is.

4



Voorstelling no.3

President Kruger wys na agter na die Wildtuin, sy skepping wat tewens 'n uitnodiging is om daar in te gaan.

Kruger as die mens, wat die godgegewe insig ontvang het, om, ten spyte van felle kritiek, die godgeskape natuur en diere vir die nageslag te bewaar. Steynberg sien Kruger nie net as die **grootste volksheld** nie maar ook as die **grootste natuurbewaarder**.⁹ Sedertdien was dit sy wens om aan sy bewondering vir hierdie groot figuur uitdrukking te gee deur die gelykenis van Paul Kruger in graniet in die Kruger-wildtuin uit te kap. Toe Coert Steynberg in 1966 genader word om deel te neem aan die kompetisie vir die verering van Paul Kruger as natuurbewaarder, vervul dit 'n hartewens van hom omdat hy: **van toeka se dae gedroom het om die kans te kry om die kop van Oom Paul in die Wildtuin in graniet te kap**.¹⁰

Ontwerp Ingangspoort

Coert Steynberg se ontwerp vir die **Ingangspoort** het as hooftema 'n ereboog oor 'n borsbeeld of 'n standbeeld van pres. Kruger. Die ereboog word gevorm deur twee lewensgrote olifante van sintetiese klip. Steynberg maak gebruik van die olifante omdat volgens hom: **die reus van die Wildtuin die beste vertoon by die reus van die Volkshelde en die reus onder wereldleiers wat sy visie t.o.v. natuurbewaring betref**.

Die eerste skets vir die uitbeelding van Paul Kruger onder hierdie ereboog is 'n sesmaal lewensgrote borsbeeld van pres. Kruger uit graniet. Graniet word gebruik omdat deur die assosiasie met 'n duursame rots die grootheid van Kruger versterk word en dit ook die karaktertrekke soos bonkigheid, sterkte en duursaamheid uitbeeld.¹¹ Sy gipsmodel vir die borsbeeld is 'n realistiese, uiterlike weergawe van Paul Kruger.

Die tweede en derde sketse is 'n twee-keer lewensgrote standbeeld van Paul Kruger, alternatief met 'n hulpelose wildsbokkie aan sy voete of waar pres. Kruger na agter wys na sy skepping die Kruger-wildtuin. Hierdie twee standbeelde moet in brons uitgevoer word omdat die uitstekende vorms nie uitvoerbaar is in graniet



5. Model vir die graniet borsbeeld wat 'n goeie gelykenis van pres.Kruger is.

Model: borsbeeld pres.S.J.P.Kruger

1967

gebronsde gips

21.5x16x10 cm

inskripsie: Coert 1967

C.S. 43

C.S.T.



6. Ereboog met silhouet van Paul Kruger opgebou uit "rotsblokke".

model: ereboog

polistireen

25x34x15 cm

C.S. 67

C.S.T.



7. Eksperiment van Coert Steynberg met silhouet-ereboog en 'n borsbeeldjie van pres.Kruger, omgewe deur 'n rotstuin met plante en diere uit die wildtuin.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.

© University of Pretoria

nie.

Rondom die ereboog ontwerp Steynberg 'n rotstuin met plante uit die wildtuin. Ook maak hy 'n ontwerp vir die ystersmee-hek; lees wat soos waghonde lyk word gebruik en bo in die boog is die embleem van die Parkeraad.

Coert Steynberg word gevra om kwotasies vir verskillende groottes van die granietborsbeeld te maak en omdat hy nie 'n indruk van **petieterigheid** wil skep nie kwoteer hy vir 'n 5, 6 en 8 vt. hoë borsbeeld en olifante 12, 12.5, 14 vt. hoog. Die onkoste vir hierdie beeld is resp. R80.000, R100.000 en R120.000.¹²

Die Parkeraadlede maak egter beswaar teen die gebruik van die olifante en voel meer vir die idee van 'n tuin met wildsbokke en plante, gerangskik rondom die figuur van pres. Kruger. Coert Steynberg maak 'n voorstellingsmodel waar die ereboog van olifante vervang word deur 'n boog met die **silhouet van Kruger**. 'n Ander voorstel is om 'n kopstuk van pres. Kruger uit een of ander koppie binne die Wildtuin uit te kap met behoud van die olifantboog by die hek.¹³

Nie een van die voorstelle het byval gevind nie omdat in die toekoms die Numbi-hek nie meer die belangrykste ingangshek na die Kruger-wildtuin sal wees nie.¹⁴ Op hierdie stadium word daar a.g.v. die toename in spoorverkeer vanaf Phalaborwa op Ministeriele vlak besluit om 'n nuwe lyn te bou die vanaf Metsi, langs die westelike grens van die Wildtuin, sal aansluit by die hooflyn Pretoria-Komatipoort. Die gedeelte van die ou spoorlyn Phalaborwa-Lourenco Marques, wat deur die Krugerwiltuin loop en oor die jare die dood van honderde diere veroorsaak het, sal verwyder word. In die toekoms moet 'n nuwe pad na Skukusa gebou word, sewe myl wes van Skukusa oor die Sabierivier, en sal die verkeer deur die Numbihek met die helfte afneem.¹⁵

In Januarie 1967 besluit die Parkeraad dat die pres. S.J.P.



8. Die gedeelte van die ou spoorlyn Phalaborwa-Lourenco Marques, gebou in 1912, wat deur die Kruger-wildtuin loop en wat verwyder sal word.
Foto: Rand Daily Mail, 1968.12.04.

Kruger- monument op 'n meer sentrale plek in die Kruger-wildtuin opgerig moet word. Die Parkeraad gee aan Coert Steynberg die opdrag om die konsep van die borsbeeld van pres.Kruger in een van die granietkoppe naby Skukuza te inkorporeer.¹⁶

Die Krugerkop uit die koppie

Hierdie versoek vervul 'n groot ideaal van Coert Steynberg want as **volkskunstenaar** voel hy dat die grote **volkshelde groot en kollosaal** vir die nageslag vereer en verewig behoort te word. Sy ontwerp vir die Voortrekker-Monument was 'n reuse Voortrekker-standbeeld omdat hy die Voortrekkers beskou as: **historiese Helde en moet hulle herofes in kolossale grootte weergegee word.**¹⁷ Sy ideaal is ook gewees om 'n groot kop van **Louis Tregardt** op die stukkie grond, wat hy by die Soutpansberge besit het, uit die kranse te kap.¹⁸ Na die dood van adv.J.G.Strydom is voorgestel om 'n reusagtige **Strydom-kop** in die Waterbergkranse naby Nylstroom te kap. Hierdie moontlikheid het Steynberg ondersoek maar moes tot sy spyt konstateer dat die sandsteen van die kranse te vinnig sou verweer en nie geskik is vir so'n beeld nie; soos die geval was met die kop van Louis Tregardt.¹⁹ Sy grootste begeerte en uitdaging is egter om 'n reusekop van Kruger te kap want Steynberg sien Kruger **groot en groots van gestalte, 'n reus onder die volkshelde** en hy sê: **Daarom hoort Kruger in graniet, wat duisende jare kan hou, gekap te word; daarom hoort hy tussen die koppies en die wild van die Kruger Park; daarom moet hy groot van formaat wees.**²⁰

Maandelang is Coert Steynberg op soek na die ideale rots en verskillende moontlikhede word oorweeg. Vroeg in 1967 ondersoek Coert Steynberg saam met Dr.van Heerden, voorsitter van die Numbihekfonds, en Rocco Knobel die moontlikheid van 'n plat koppie naby Skukuza. Bo-op die koppie is 'n groot rotsblok en hulle oorweeg om hierdie rots vir die kopstuk te gebruik en dit dan weer op die koppie terug te plaas.Die koppie vorm deel van 'n geslote ruimte wat 'n soort van heiligdom vorm en die rots leen

53




9

Die koppie met die "ideale rots" wat klaar gemonteer is op 'n skouerstuk en wat van veraf sigbaar is.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.



10

Die rots met die herkenbare gelaatstrekke van pres.Kruger. Net die linkergedeelte moet deur die beeldhouer weggekap word.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.

hom goed vir reliefwerk.²¹ Coert Steynberg ondersoek op 28 Mei 1967 met mnr. F. Bezuidenhout, besturende direkteur van 'n granietsaak, die implikasies en onkoste van hierdie projek. Hulle beraam dat die afhaal van die rots, die sny daarvan en die terugplasing 'n duur proses sal wees. Hulle oorweeg ook verdere moontlikhede: om 'n meer bruikbare rots van elders te haal; dit dan uit te rof; te keil en dit weer saam te stel op die genoemde plat rots. Verder sou dit moontlik wees om 'n geskikte rotsblok by Witkoppen (tussen Pretoria en Johannesburg) te kies; dit na die werkplek te neem; reg te kap en per spoor af te stuur; hierdie moontlikheid sou nog goedkoper wees.²²

Steynberg soek al die tyd na 'n rots wat hom meer sal bevredig; te voet gaan hy wekelang deur die Wildtuin en klim op verskillende koppies. Uiteindelik vind hy toe die ideale rots, weggesteek agter 'n paar bome naby die ander koppie geleë.²³ Nadat die struikgewas verwyder is het die klip duidelik uitgekom en het Coert Steynberg sy vermoede, dat Paul Kruger in die Wildtuin weggesteek is, bevestig gesien. In die klip sien hy duidelik die trekke van Paul Kruger en soas hy dit stel: **Alreeds deur die Voorsienigheid is Paul Kruger in die koppie en dit sal ook vir die volk 'n teken wees om te sien wat ons in die rots ontdek het, n.l. die herkenbare gelaatstrekke van pres. Kruger wat kan dien om die beeldhouer te lei om die kopstuk meer te bevry uit die rots.** Hierdie rots is die beste van die hele Wildtuin want dit is klaar gemonteer op 'n skouerstuk; dit bied geleentheid vir 'n groter kopstuk; dit is solied, sonder krake en is uit die duursaamste materiaal van die Wildtuin self, n.l. Douglas-grey graniet. Steynberg vind hierdie koppie beter as 'n kop uitgekapt in 'n krans of 'n groot berg want: **die idee dat Oom Paul somar so van tussen die bosse uitrys is so tipies en so deel van die Laeveld. Dit sal waarlik aangrypend en enig wees- vir die hele wêreld om te bewonder.**²⁴

Die res van die koppie kan ongeskonde bly en omdat die koppie in die volle sonlig staan sal dit al van veraf sigbaar wees. Die



Coert Steynberg maak sketse
van die ideale koppie.

Foto: Coert Steynberg

1967?

C.S.V.

11




12. 'n Skets van die Krugerkop uit die koppie.

Skets

ongedateer


potlood op waspapier

C.S.V.



13. Skets met berekeninge van die Krugerkop uit die koppie.

Skets
ongedateer
potlood op papier
C.S.V.



14. Berekeninge vir die Krugerkop uit die koppie.

skets
ongedateer
potlood op papier
© University of Pretoria
C.S.V.



15. Skets vir die Krugerkop-model.

Skets

ongedateer

potlood op waspapier

C.S.V.



16. Studie vir die "Krugerkop"
uit die koppie.
Model: voorstudie
ongedateer
polistireen
20x21x15 cm
CS 51
C.S.T.



Gipsmodel van 'n Krugerkop,
 geplaas op 'n polistireen
 skouerstuk, wat gebruik is
 vir die 'n saamgestelde foto.

Model: Pres.S.J.P.Kruger
 ongedateer

gips

12x8x10.5 cm

CS 44

C.S.T.

17



Dieselfde gipsmodel(17) wat gebruik
 is vir die saamgestelde foto.
 Hierdie foto is in die koerante
 gepubliseer en is later gebruik
 vir die strooibiljet.

Foto: Coert Steynberg
 ongedateer

C.S.V.

18



19. Dieselfde gipsmodel(17) wat gebruik is om hierdie saamgestelde foto te maak met 'n dam met water vir die wild, en weerkaatsing van die Kop.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.



20. Die drie foto's wat die verskillende stadiums van die werk toon en wat in die koerante gepubliseer is.
- Die ongeskonde rots waaruit die granietkop gekap gaan word. (illustrasie 9)
 - Dit wys die gedeelte wat weggekap moet word.
 - Hierdie foto toon die voltooide kopstuk. (illustrasie 18)
- Foto: Die Vaderland, 1967.12.06.**

verkeerspad van Skukuza na Pretoriuskop loop reg daarop af wat kan uitloop in 'n kringpad sodat die beeld rondom gesien kan word. Die rots leen hom om die verskillende fasette van Kruger van alle kante uit te beeld sodat dit 'n **beeldhouwerk in die ware sin van die woord sal wees**. Steynberg ontdek ook 'n sloot in 'n laagte aan die Oostekant wat maklik in 'n dam omskep kan word met water vir die wild en vir weerkaatsing van die kop.²⁵ Behalwe al die praktiese redes is die rots daar deur die **Voorsienigheid** geplaas en moet dit gebruik word omdat dit die geleentheid bied om die borsbeeld groot en imponerend te maak. Dit kan 'n **simbool** word : wat ons nie net sal herinner aan ons eerste Republiek nie maar ook aan die begin van 'n "duisendjarige vrede" tussen mens en dier. ²⁶


Steynberg maak sketse en berekings van die koppie en modelleer 'n goeie gelykenis van Paul Kruger uit gips. Dit gipsmodelletjie gebruik hy om 'n saamgestelde foto te maak van die voorgestelde Paul Kruger-kop.

By sy verslag aan die Numbihekfonds (15.16.1967) sluit hy drie foto's in wat die verskillende stadia van die werk toon. Hierdie foto's is later in verskeidene koerante op verskillende tye gepubliseer. (Die Vaderland, 1967.12.06; Rand Daily Mail, 1967.12.08; Hoofstad, 1968.09.28; The Star, 1968.04.11)

- a. Die ongeskonde rots waaruit die granietkop van pres. S.J.P.Kruger gekap gaan word.
- b. Wys die rots nadat dit uitgeblok is, reg vir die voorkappers. Die geruite deel is wat weggekap moet word.
- c. Hierdie foto toon die voltooide kopstuk.

Die Krugerbeeld sal 30 vt. hoog wees, terwyl die skouers sowat 60 v.t breed, die neus 8.5 vt. en die mond meer as 6 vt. sal wees.

In die eerste fase moet ongeveer 1000 ton rots weggekap of gesny



21. Die vier Amerikaanse presidente, George Washington, Thomas Jefferson, Theodore Roosevelt en Abraham Lincoln, se reusekoppe uit 'n berghang van Mt.Rushmore, South Dakota. Foto: Dagbreek en Landstem, 1968.10.27.

word vir die kop en skouers. In die tweede fase sal die voorkappers die uitbloeke doen en die rots glad maak. Tot en met die tweede fase sal die werk onder toesig van 'n granietdeskundige geskied. Met die derde fase sal Coert Steynberg die beeld van pres. Kruger in die graniet vertolk.²⁷

Eind Nov. 1967 aanvaar die Parkeraad in beginsel die projek van die 13 keer vergrote kop van Paul Kruger uit die koppie naby Skukuza. Die Krugerkop sal van veraf gesien, word vanaf die pad wat by 'n kringloop om die koppie sal aansluit; ook moet daar 'n natuurtuin aangelê word.²⁸ Die oogmerk is om veral die buitenlandse besoeker se aandag te vestig op die verbintenis tussen die Wildtuin en pres. Paul Kruger. Steynberg kwoteer vir hierdie moeilike en baie ongewone soort werk, n.l. die uitkap en afwerking van die kopstuk, volgens hom konservatief, op R100.000.²⁹


'n Trustfonds sal gestig word en die onkoste sal nie gefinansier word uit die Parkeraad se fondse nie. Die Rapportryerskorps sal waarskynlik weer gemoeid wees met die finansiering van die projek en sal hiervoor die publiek nader vir vrywillige bydraes. Sodra die geld vir die projek ingesamel is sal Coert Steynberg die opdrag kry om met sy reusetaak te begin.³⁰

Die Polemiek

Ontstuiimige begin

In November 1967 word in die koerante melding gemaak van die plan om 'n groot gesigbeeld van pres. Paul Kruger uit 'n granietrots in die Kruger-wildtuin te kap. In die eerste beriggewing word daar, nietsvermoedend, 'n vergelyking getref met die **gesigte van Amerikaanse presidente** uit 'n berghang van Mt. Rushmore, Dakota in Amerika.³¹ Vroeg Desember 1967 is daar verdere beriggewing en word die saamgestelde foto's, wat die verskillende stadia van die werk toon, gepubliseer.³²

Die eerste reaksie kom van die kunskritikus F.L. Alexander in 'n



VOORGESTELDE KRUGERMONUMENT

22. Strooibiljet van die voorgestelde Kruger-monument wat in Maart 1968 in die koerante gepubliseer is en wat volgens Steynberg 'n "wanindruk" geskep het.
Pamflet
C.S.V.

artikel met die opskrif: **Hoekom die hiena's gelag het tussen Skukuza en Pretoriuskop**. Hy spreek die vrees uit dat die borsbeeld uit artistieke oogpunt nie 'n sukses sal wees nie omdat mnr. Steynberg 'n middelmatige beeldhouer is en nie 'n Michelangelo nie; dat Paul Kruger nie juis 'n pragtige gesig gehad het nie wat hom vir so'n borsbeeld leen nie; dat die plan 'n nabootsing is van betreurenswaardige Amerikaanse toeristekuns en 'n verkragting van ons landskoon.³³ Met die insinuerende aantygings van F.L. Alexander begin die polemieks met reaksie van die publiek wie aanstoot neem aan die gebrek aan vertrouwe in Coert Steynberg en die kwetsende opmerkings oor die gesig van Paul Kruger. So skryf Jannie Kruger dat Coert Steynberg 'n kunstenaar van groot formaat is en niemand ooit beweer het dat hy 'n Michelangelo is nie.³⁴ Klipkop uit Brits skryf dat Kruger: **nie 'n Adoniskop het nie maar wel 'n kop wat aan granietklip laat dink; bonkig, ru en rotsvas asof dit deur die natuur self uit 'n berg, rotswande en klowe uitgebeitel is. Hy sê: Gee ons 'n Krugerkop, 'n Coert Steynberg want hulle is uit ons, van ons en deel van ons.**³⁵

Die Parkeraad beoog om 100.000 plakkertjies te laat druk wat by alle hekke van die Kruger-wildtuin teen R1. stuk verkoop gaan word en aan die motor se voorruit geplak kan word. Saam met die plakkertjies sal **strooibiljette** uitgegee word wat volle besonderhede oor die beeld bevat. Die publieke opinie sal oor die volgende twee maande getoets word en as een uit elke derde besoeker R.1 bedra is daar volgens die Parkeraad voldoende publieke ondersteuning.³⁶ Op 31 Maart 1968 word die foto van die strooibiljet in die koerante gepubliseer en vermeld dat Coert Steynberg gereed is om met die werk te begin.

In artistieke, sowel as kulturele kringe word heftig op hierdie berig gereageer.³⁷ F.L. Alexander beskuldig die Parkeraad van toeristekunsies om fondse te kry en die Parkeraad moet nie die volkswil toets nie; die toeris is onbevoeg om oor die beeld te Dit moet aan kunskenners oorgelaat word en hy beveel aan Nas. Parkeraad nie die toeriste nie, maar die nuwe Raad



23. Met die aankondiging dat Coert Steynberg gereed is om met die Krugerkop te begin, is hierdie spotprent geplaas.
Hoofstad, 1968.03.29.

vir Beeldende Kunste daaroor raadpleeg.³⁸ Vanuit kunsringe word daar beswaar gemaak teen die reusebeeld wat deur sy grootte onesteties sal wees en die omgewing sal oorweldig. Regter J.F. Marais, voorsitter van die N. Transvaalse tak van die S.A. Kunsvereniging ondersteun Alexander se siening dat so'n beeld uit kunstenaars oogpunt nie te regverdig is nie; **Dis 'n hoogs gevaarlike eksperiment veral omdat ons in geval van 'n mislukking onherroepelik daarmee opgeskeep sit. Geen ander soortgelyke poging ter wêreld was esteties 'n sukses nie en die projek kan skade doen aan die reputasie van Coert Steynberg, die Parkeraad en die nagedagtenis van Paul Kruger.**³⁹ Prof. A.L. Meiring, voorsitter van die S.A. Kunsvereniging, het in sy persoonlike kapasiteit ook argitektoniese en estetiese besware teen die oprigting van so 'n monument.⁴⁰ Verskillende kunstenaars voel dat die kop oorweldigend en uit sy plek sal wees; Ernest Ulmann: **Mere giant size is not the answer to monumentality.**⁴¹ Eduardo Villa: **If they want a memorial they should think on a much smaller scale. Sculpture of this type never works.** Die uitvoerende komitee van die S.A. Kunsvereniging-N. Tvl. streek keur ook die plan van die reusekop af en die Worcester-tak neem 'n soortgelyke besluit.⁴² Die Historiese Monumentekommissie verklaar dat die beeld skending van die natuur is; 'n Amerikaanse gedagte wat nie in die Wildtuin pas nie. Dr. Willem Punt, 'n lid van die kommissie en Direkteur van die Stigting Simon van der Stel, sê dat die Kruger-wildtuin 'n natuurreservaat is waarop deur die Republikeinse regering van pres. Kruger 'n servituut geplaas is. Dit beteken die gebied moet 'n wildtuin wees waar die natuurlike wild en plantegroei bewaar moet bly en die servituut sal verbreek word deur 'n mensgemaakte borsbeeld. Hy is nie teen verering van Paul Kruger nie maar die beeld is uit sy plek omdat die Wildtuin in wese 'n natuurreservaat is en dit moet nie 'n **pretpark** word nie.⁴³

Willem, die politieke rubriekskrywer van Die Volksblad, het nie beswaar teen die beginsel om pres. Kruger te eer as **die vader van natuurbewaring** maar voel al sou die beeld nie na-afery van Amerika wees nie, dit nie pas by die gedagte en atmosfeer van die

Wildtuin nie.⁴⁴ Molly Reinhardt, rubriekskryfster van die Sunday Times vind dat die geld beter bestee kan word: **Let's have a new Krugercamp instead of a Krugerstatue.**⁴⁵ Die publiek ondersteun die beswaar dat die Krugerkop ten koste van natuurbewaring geskied en vra wat dit gaan kos en of die geld nie beter bestee kan word aan b.v. damme of navorsingseenhede nie?"⁴⁶

Op 14 April 1968 word daar deur **Dagbreek en Landstem** 'n wedstryd uitgelooft waarin lesers gevra is om hul mening te gee oor die voorgename Krugerbeeld. Letterlik honderde briewe van dwarsoor die Republiek is ontvang. Die **Nee-Pryswinner** skryf: **'n Mens kan jou nie meer draai nie of jy stamp teen 'n standbeeld- en om alles te kroon, nog een in die Wildtuin? Sekerlik nie! Hou die Wildtuin soos oom Paul dit wou gehad het. Ek sien al hoe trek die voëls saans na hul nuwe slaapplek. Die Ja-Wenner: Laat ons president Paul Kruger se nagedagtenis verewig. Buitelanders dink aan ons Republiek in terme van Apartheid, Paul Kruger en die Wildtuin. Laat ons aan oorsese toeriste al drie in ware perspektief toon. Dis uitstekende reklame. Gaan voort en die R.100.000 sal gevind word.** ⁴⁷

Die koerant stel ook 'n **Dagbreek-paneel** op en die lede dr. J.H. Breytenbach (historikus), mnr. A. de Beer (Voorsitter van die Nasionale Kunsvereniging) en mnr. A.L. Snyman (sakeman van Pretoria) gee hul menings oor die massiewe beeld van pres. Kruger. Mnr. A. de Beer; **Die Kruger-wildtuin is 'n trotse erfenis wat pres. Kruger in sy versierendheid aan die nageslag gelaat het. Die Kruger-wildtuin word reeds beskou as 'n Nasionale Monument en waarom dan die duplisering? Waarom die verdere "heldeverering" op so'n kolossale skaal? .**

Dr. J.H. Breytenbach spreek die vrees uit dat deur die beeld Paul Kruger nie meer gesien sal word vir die groot Republikaan wat hy is maar as 'n natuurbewaarder. "'n Monument is meer as net 'n blote versiering; dis 'n uiting van 'n volk se hulde aan 'n persoon vir sekere ideale wat die volk in hom omdra en waarvoor daardie persoon hom besonder opgeoffer het. Die Afrikaner wil

veral aan hom dink as die man wat hom beywer het vir die handhawing van die Republikeinse onafhankelikheid en wil hom nie as 'n reklamemiddel gebruik nie."

Mnr.A.L.Snyman is ten gunste van die beeld omdat "dit die verewiging is van **die boer se innerlike beskawing**. Die reusebeeld sal indrukwekkend wees en talle vrae ontlok t.o.v. ons land, sy geskiedenis en sy beskawing en 'n gesprekspunt maak orals in die wêreld waar besoekers uit ons land hul wederverarings vertel".⁴⁸

In **andere koerante** is daa ook reaksie van die publiek met voor- en teenstanders van die Krugerkop; oa. Die Nas. Parkeraad vra die regering nie geld nie en maak behalwe vir natuurbewaring ook voorsiening vir toerisme.⁴⁹ Ander sê hoera vir die beeld; dit is nog te nietig om die grootsheid van Paul Kruger te wys. Die Wildtuin is nie slegs na hom vernoem nie maar hy het dit daargestel en die beeld is nie 'n **gedoente** maar sal die besoeker onder die indruk bring van sy versierendheid. Die Krugerbeeld is 'n sieraad en nie in stryd met die wetgewing van die Z.A.R. nie. Die besoeker moet die grootsheid van Kruger vir bewaring sien en geskiedenis ervaar. En: **Altyd gedweep met die Transvaalse helde; besielende gedagte om vir Suid-Afrika se grootste seun 'n rotsbeeld uit graniet te kap**.⁵⁰

Die reaksie van die teenstanders is o.a.: Kruger het geywer vir natuurbewaring en reusebeeld gaan sy erfenis skend. Die Krugerwildtuin al te gesofistikeerd en dit word nu 'n verheerlikte dieretuin. Dit is 'n skande as daar 'n mensgemaakte beeld kom wat in stryd is met wetgewing van die Z.A.R. **Ook is die beeld geld mors** en die R100.000 moet vir nuttiger doeleindes aangewend word soos navorsingfasiliteite; 'n Krugerkinderfonds; goedkoper ingangsgeld; 'n Krugeruitstalling in die Wiltuin waardeur die Krugerhuis omskep kan word in 'n oudetehuis. Ook word gevind dat Kruger al genoeg vereer is met **standbeelde in Pretoria, Krugersdorp en Rustenburg** en dat die vernoeming van die park al eer genoeg is. Baie mense is nie soseer teen verering van Paul Kruger gekant nie maar vanweë die noodtoestand waarin die land

hom bevind kan die geld beter bestee vir o.m. die Kroonstadse Anti-Terroriste fonds, toiletfasiliteite of boorgate. Ander vind dat die Krugerbeeld op afgodeverering lyk; **Kruger was by uitstek 'n diep gelowig Calvinis wat al sy krag geput het uit vertroue in God. Die eer van God was voorop in al sy doen en late en die reusebeeld herinner aan mensvering en druis in teen Paul Kruger as gelowig Christen.**⁵¹

Begin Mei 1968 is daar 'n radioprogram waarin verskillende sprekers hulle standpunt stel.

Dr.Punt: Die Krugerbeeld hoort nie in die Krugerpark; die natuur moet ongeskonde bly.

Dr.J.J. van Tonder, voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika: Die Krugerbeeld is paslik en mens moet dankie se vir die versierendheid van Paul Kruger.

Regter J.F.Marais: Sien argitektoniese-en estetiese besware en het bedenkinge oor die sukses van die reuse-beeld.

Dr.A.J.A.Roux, Voorsitter van die Atoomkragraad: Die Krugerbeeld is 'n grootse gedagte. Paul Kruger word op Kerkplein in Pretoria geëer as staatsman; in Rustenburg blywend in herinnering geroep as godsman en nou kan die ereskulde vereffen word deur aan Kruger as natuurliefhebber gestalte te gee.⁵²

Coert Steynberg: Die rotskoppie is ideaal vir 'n kopbeeld en graniet pas die beste by Kruger.⁵³

Rocco Knobel, die Direkteur van die Parkeraad, reageer en spreek die mening uit dat daar te veel afbrekende kritiek is; die aantygings dat die Parkerraad toeristekunsies beoefen is verregaande; die publiek is oordeelkundig genoeg om te weet waarvoor hy geld uitgee en moet besluit oor die prinsipe van die monument. ⁵⁴ Rocco Knobel vind ook dat die mense deur foutieve beriggewing 'n wanindruk gekry het; asof die beeld alles sal oorheers. Die beeld sal egter alleen te sien wees vanaf vier punte en een is net 'n syaansig. Hyself het volle vertroue in Coert Steynberg en ook het die plan die steun van die Eerste Minister, alle kabinetslede asook die 4 administrateurs.⁵⁵ **Sybrand van Niekerk, ad-**

ministrateur van Transvaal, medeverantwoordelik vir die besluit van die Parkeraad, vind die beeld 'n aangrypende gedagte want Kruger was 'n baanbreker wat natuurbewaring betref.⁵⁶ Reeds in die eerste twee weke van die verkoop van die plakkertjies is daar R.7.000 ingesamel en die verkoop gedurende 1 April tot 31 Mei is vir die Parkeraad die bewys dat hy steun van die publiek ontvang. In Augustus 1968 voel die Parkeraad nog steeds optimisties oor die publieke ondersteuning van sowel die verkoop by die hek as ander vrywillege bydraes en is vasbeslote om voort te gaan met die projek.⁵⁷

Baie mense is egter ontsteld dat die Parkeraad voortgaan met sy planne en hom nie steur aan die openbare mening nie; as die Parkeraad ten alle koste sy groot beeld wil hê moet dit 'n nuttige doel dien. So word voorgestel om die groot kop binnenin uit te hol; die ruimte kan dien as ontspanningssaal met 'n gallery waar die besoekers deur die oë die omgewing kan bespied.⁵⁸ Mense begin hulle ook vererg vir die polemieek en vergelyk dit met die rusie oor die Monument vir adv. Hans Strydom en genl.J.C.Smuts. **Ons eer pres. Kruger vir wat hy was en vir dit wat hy vir ons versinnebeeld het- die simbool van ons Republikeinse strewe en onafhankelikheid. Ons Republiekwording is die grootste monument wat ooit opgerig kan word vir hierdie twee stoere Republikeine, Kruger en Strydom. Ons moet daarteen waak dat ons 'n volk van beeldstryers word.**⁵⁹ Ander sê weer dat Paul Kruger self nooit die reusebeeld sou toegelaat het nie en haal sy woorde aan wat hy vir Van Wouw gese het: **Van Wouw, ek wil nie opspraak maak nie; ek wil niks met die ding te doen hê nie.** Die Beeld op Kerkplein is vir vele 'n besieling en hulle wil geen ander beeld as oom Paul se beeld op Kerkplein hê nie.⁶⁰ Ander vind ook dat die standbeeld aan **persoonsverering** grens; 'n Groot leier se nagedagtenis leef tog **vanselfsprekend onder sy mense voort en : Ons sê ons is 'n Godvresende volk, waarom dan standbeelde van mense en hulle vereer?**⁶¹ Die weersin teen standbeelde van politieke leiers word tog uitgewys deur die teleurstellende fondsinsameling van o.m. die Strydom-Monument?




24. Spotprent oor die "heerlike konferensieplek boonop die kruin" van die Krugerkop.
Dagbreek en Landstem, 1968.10.27.

Baie is gekant teen die : " onsmakelike monumentegier wat in ons dierbare Republiek heers: waar gaan ons eindig met monumente vir enkelinge en is Paul Kruger ons enigste held? Wat van M.T.Steyn, De la Rey en Jopie Fourie?⁶² Kruger word beskuldig dat hy nie die groot held is nie omdat hy sy volk op 'n kritieke stadium in die steek gelaat het.⁶³ Die mening is dat Helledag 10 Oktober geheel en al gaan oor die Kolos Kruger wat al die ander volkshelde oorskaduw: As dit nodig sou wees om ons volkshelde in ere te herstel deur die "kolos" af te breek dan moet dit gedoen word. ⁶⁴

'n Ander aanvalsmetode op die autoritêre optrede van die Parkeraad is om dit belaglik te maak. Die enigste geesdriftiges vir die reuse Kop is die aasvoëls; hulle kry 'n heerlike konferensieplek boonop die kruin, net jammer hulle sal dit vuil smeer.⁶⁵ En: "Die oubaas loer tog te kostelik agter die bosveld uit. Ons hier in die Kaap kan 'n les leer van die Transvaal; hoekom maak ons nie Jan van Riebeeck, 1000 vt. groot, reg in die middel van Tafelberg sodat hy afkyk op die Moederstad. Links op Duiwelspiek kan Van Honck en die Duiwel weer saam sit en rook en skuins regs agter kan Harry die Hottentot om die hoekie loer, gereed om iets te gabs."⁶⁶

Behalwe die publieke reaksie is daar kommentaar van organisasies en akademici. Reeds in Mei 1968 se mnr.E.N.Finsen, die voorsitter van die Transvaalse Instituut van Argitekte, dat die Kopbeeld on-tuis en oorweldigend sal wees en nie getuig van die goeie smaak van die Kuratore van die Parkeraad nie.⁶⁷ In Augustus stuur die Instituut 'n skriftelike beswaar aan die administrateur van Transvaal, mnr. S. van Niekerk. ⁶⁸ Mnr.J.P.Snyman, senior lektor Dept.Argitektuur U.P. en voorsitter van die studiegroep, Pretoria Argitekte sê die beeld druis in teen Kruger se geloof en haal woorde van J.Vorster aan: Ons, die erfgename van Paul Kruger het die taak om hierdie erfenis ongeskonde te bewaar. en: Die Nas.Parkeraad buit die openbare sentiment uit in die naam van twyfelagtige kuns; en: die publiek het 'n reg om te weet hoekom die Parkeraad voortgaan en beskou die toetsing by die hek as 'n



25. Saamgestelde foto wat Coert Steynberg
gemaak het om te wys dat daar van
natuurskending nie sprake is nie.
Paul Kruger kyk minsaam na sy skepping
en die diere gaan ongesteurd hulle gang.
Foto: Coert Steynberg
ongedateer
C.S.V.

uittarting.⁶⁹ Prof. Walter Battiss, hoof van die Beeldende Kunste van Unisa, sê: **Art interferes with nature and has no place in a game reserve with belongs to the animals.**⁷⁰

Vanweë al die kritiek voel baie mense dat die reeds ingesamelde geld liever oorgedra moet word aan die **Krugerplaas-Stigting**. Hierdie Stigting, geborg deur verskeie bekende besighede, wil **Boekenhoutfontein**, die geskiedkundige plaas van Paul Kruger, aankoop om dit van volksvervreemding te red.⁷¹

Op 23 September 1968 besluit die Parkeraad op sy kwartaalvergadering in Bloemfontein om, ondanks die kritiek uit baie oorde, met sy plan van die groot borsbeeld van Paul Kruger voort te gaan. Die vergadering word deur die vier administrateurs bygewoon en alle besware word oorweeg. 'n **Onderkomitee** word aangestel, bestaande uit prof. H.O. Monnig, voorsitter; mnr. Sybrand van Niekerk en mnr. Rocco Knobel, wat in die volgende maand sal luister na argumente wat die Parkeraad tot dusver nie oorweeg het nie.⁷²

Die besluit van die Parkeraad ontstel die publiek, kuns- en kultuurorganisasies; skok en ongeloof word uitgespreek oor hierdie besluit wat geneem is ondanks alle kritiek. Prof. Heather Marthienssen, hoof Dep. Beeldende kunste van Wits Universiteit is diep teleurgestel en voel dat die protes van die organisasies niks beteken het nie; en: **the bust is a revolting thing**. Prof. Walter Battiss se dat in plaas om Kruger te eer maak mens hom belaglik en ook dat Kruger beelde van homself gehaat het.⁷³

Om dinge nog te vererger breek op 27 September die **grootste veldbrand** in die geskiedenis van die Kruger-wildtuin uit. Baie mense voel dat die reeds R10.000 ingesamelde geld beter bestee kan word aan brandbestryding toerusting. Bowendien waar haal die Parkeraad die res van die geld vandaan?⁷⁴

Verder aanduiding van die **klimaat** teen die beeld is die redaksionele kommentaar wat in Suid-Afrikaanse koerante van albei tale en van alle politieke partye verskyn. So vra Molly Reinhardt,

MISTAKES HAPPEN by Bob Connolly



26. Spotprent oor die "monumente-gier" en die "mode" wat in die Republiek heers om alle volkshelde te vereer.

Sunday Times, 1968.11.15.

rubriekskryfster van die Sunday Times, vir openbare ondersteuning en protes teen die beeld wat die 'natuur sal skend en geldmors is.⁷⁵ Dagbreek en Landstem vra lesers 'n tweede keer om te stem en die uitslag was 'n duidelike NEE; slegs 19 persent van die briefskrywers was ten gunste van die beeld. Die briefwenner se brief bevat die kern van meeste briefskrywers se besware n.l.: Die Krugerwildtuin is genoem na pres.Kruger en is voldoende vir sy nagedagtenis; dit is onsinnig om 'n monument binne 'n monument op te rig; dit is geldmors en dit lyk of 'n deel van ons volk nou monumentaal geword het.⁷⁶ Die Beeld maak in 'n hoofartikel sterk beswaar teen die outoritêre optrede van die Parkeraad: 'n Mindere liggaam het op eie houtjie 'n besluit geneem en deurgevoer wat die hele Suid-Afrika raak. Ons wil werklik hoop dat hierdie soort magsgebruik nie 'n mode sal word nie.⁷⁷ Die Burger, in Kaapstad, wat tevore reeds sterk uitspraak teen die beeld gegee het, sê dat daar betere maniere is om ons helde te vereer as met die plan van 'n granietkop in 'n wildpark. In Bloemfontein skryf Die Volksblad se rubriekskrywer Willem dat die Parkeraad baie uit die hoogte en outokraties is vir 'n liggaam wat van die steun en belastings van die publiek afhankelik is. In Johannesburg skryf Die Vaderland: "Dit word nou mode van openbare liggame om hulle bo enige openbare mening verhewe te ag; die Parkeraad gaan voort met sy Kruger-mombakkies plan. The Star, Johannesburgse middagkoerant is verbaas oor die Parkeraad se vreemde obsessie met die beeld en die oggendblad, Rand Daily Mail, skryf in 'n hoofartikel op Krugerdag dat die Parkeraad nie 'n hemelligaam is nie en geen goddelik reg het nie om die openbare mening in die wind te slaan nie. Die Hoofstad in Pretoria is meer gematigd en verkies om nie kant te kies nie; hy het egter sy briewekolom vir sy lesers oopgestel en daaruit blyk dat die deursnee leser van Hoofstad nie enige trek het vir so'n Krugerbeeld nie.⁷⁸ Die Pretoria News is ook gematigd: Paul Kruger himself was a humble man and would be appalled and embarrassed.⁷⁹ Die Beeld publiseer 'n ope brief aan die Parkeraad geskryf deur mnr.F.L.Alexander, wat sê dat die beeld 'n ontheiliging van die Wildtuin is en net so erg as 'n reuse koel drankadvertensie is.⁸⁰

Andere geluide word egter ook gehoor. Dr.F.L.Bosman sê hy het vertroue in die artistieke vermoë van Coert Steynberg en 'n volk wat sy voorgeslag nie eer nie sal ook nooit 'n groot volk wees nie. Daar is ook nie soveel monumente vir Kruger nie en die een op Kerkplein kom nie uit die sak van die Afrikaner nie.⁸¹ Jannie Kruger, kultuuradviseur van die S.A.U.K. sê dat Coert Steynberg wellig die naaste is wat ons aan 'n Michelangelo het en dat 'n Krugerkop deur hom kuns sal wees.⁸² Dr.S.H.Pellissier, Pretoria se bekende kultuurleier, haal die gedig van Jan F.Celliërs en die boek van Manfred Nathan aan en sê dat Kruger al die lof werd is: Hy het vertroue in Steynberg; sy monumente was nog altyd 'n sukses en hierdie een sal die indrukwekkende wees.⁸³ Dr. J.J. van Tonder is van mening dat daar te veel ongegronde besware is en dat die Parkeraad self moet besluit: die beeld sal in die wildtuin pas; Kruger sal groei uit die rots soos die digters van die volk hom al geslagte lang besing. Ons eie mense sal in die beeld 'n indrukwekkend faset van die groot staatsman vind.⁸⁴ Dr.P.J.Meyer, voorsitter beheerraad van die S.A.U.K. sê: die beeld sal Paul Kruger bind aan sy daade en ideale van natuurbewaring en moet verwelkom word.⁸⁵ Vladimir Tretchikoff, die Russiese gebore kunstenaar het: nothing but admiration for Coert Steynberg; I think it is a wonderful idea and a tourist attraction and I find the heads of the American presidents aesthetically outstanding.⁸⁶

Die S.A.Wildlife Protection Society spreek hom uit teen die beeld en ander openbare liggame neem nou daadwerklik aksie. Die S.A. Kunsvereniging vra Senator Jan de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding om die plan te stop; die Transvaalse Prov. Instituut van Architekthe stuur 'n protesbrief na Sybrand van Niekerk. Wanneer alles misluk wil 'n voorgestelde aksiekomitee van kunstenaars 'n Nasionale protesaksie organiseer.⁸⁷ Die Historiese Monumentekommissee wat nie belang stel om met die onderkomitee van die Parkeraad te onderhandel nie en teen elke prys

die Parkeraad van die besluit wil laat afsien, besluit eenparig om 'n afvaardiging van vyf persone na die **Eerste Minister, mnr.B.J.Vorster**, te stuur. Dr.Kieser, die voorsitter, sê die Kruger-wildtuin is al 'n monument vir Paul Kruger en die beeld sal die natuur skend. Die geld kan beter gebruik word vir navorsingsinstituut van die land se plante-en dierelewe.⁸⁸

Om die onstuimigheid te laat bedaar het dr.Anton Rupert, bekende nyweraar, tydens die Historiese Monumentekommissee se simposium oor **Ons Erfenis** in Pretoria, voorgestel dat die Monumentekommissee en die Parkeraad bymekaar kom om die dispuut te besleg sonder om die Eerste Minister by die saak te betrek.⁸⁹ Hierop verklaar dr.A.Kieser hom bereid om nie die Eerste Minister in die aangeleentheid te betrek nie, maar hy is die mening toegedaan dat die beeld onwettig sal wees. **Die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede van 1934** omlyn die funksies van die Parkeraad hoofsaaklik net ten opsigte van die bewaring en bestudering van wilde diere en volgens die Monumentekommissee sal die beeld onwettig wees omdat dit die natuur sal skend.⁹⁰

Die Parkeraad reageer skerp oor die aantygung van onwettigheid en Sybrand van Niekerk verklaar dat daar in die wet nie staan dat die natuur ongeskonde bewaar moet bly nie. Indien die woord **ongeskonde** daarin was sou die Parkeraad se taak onmoontlik wees en sou o.m. die paaie en damme onwettig wees. Bowendien was die beleid van die Parkeraad nog altyd om skenkers te gedenk.⁹¹ Die dispuut word so ver gevoer dat daar selfs sprake van is dat die Parkewet deur die parlement gewysig gaan word.⁹²

Die sterkste teenstand kom egter van die S.A.Akademie vir Wetenskap en Kuns wat as die gesaghebbendste liggaam in die Afrikaner-kultuurlewe beskou word. Die Akademiesraad het self nie die besware ingedien nie, maar wel sy **Kommissee vir Beeldende Kunste**. Die kommissie bestaan uit die voorsitter, prof.H.M.van der Westhuysen van die Universiteit van Pretoria.Die lede is: mnr. Albert Werth, direkteur van die Pretoriaanse Kunsmuseum, mej.Nel Erasmus, kuratrise van die Johannesburgse Kunsmuseum,



27. "Die besluit van die Parkeraad om die Krugerbeeldplan nege maande lank uit te stel, laat mens wonder wat na verstryking van hierdie tydperk gaan uitbroei." **Die Vaderland, 1968.12.03.**

prof. Straus Brink, prof. dr. G.P.J. Trumpelmann, prof. Otto Schröder (aldrie van die Universiteit van Stellenbosch) en mnr. Phillip Nel, argitek en burgemeester van Pretoria. Die kommissie rig 'n **versoekskrif** aan die Parkeraad waarin verskeidene besware teen die Kruger-beeld uiteengesit word; behalwe die **estetiese kritiek** word die kwessie van **mensvergoding** wat so'n beeld meebring sterk beklemtoon.

Die Parkeraad ontvang ook versoekskrifte van persone in hulle private hoedanigheid. Tien vooraanstaande Afrikaanse kultuurleiers versoek die Parkeraad om **nie die grootste konsepsie prys te gee nie** ; onderteken deur die volkspeleleier dr.S.H.Pellissier, dr.P.J.Meyer, prof.S.Pauw, dr.B.R.Kruger, dr.A.J.A.Roux, mnr.Jannie Kruger, prof.dr. A.B.du Preez, dr.F.C.L.Bosman, prof.S.P.E.Boshoff en dr.J.J.van Tonder.⁹³ Beswaarbriewe met handtekeninge word georganiseer en selfs die **afstammeling van Paul Kruger**, wonende op die Rand, rig 'n brief aan die Parkeraad met die versoek om van die projek af te sien.⁹⁴

Die Parkeraad vergader op 2 Desember 1968 in Pretoria waar hy die finale besluit moet neem oor die Krugerkop. Eenparig neem die Parkeraad die besluit om voort te gaan om pres.Kruger as vader van natuurbewaring in die Republiek te vereer op 'n **persoonlik artistieke wyse**. Die Raad het egter kennis geneem van die wydverspreide teenkánting van sekere organisasies en van die publiek teen die voorgestelde Krugerkop en hom bereid verklaar om die vorm van die beeld te heroorweeg. Die publiek en belanghebbende instansies sal **nege maande** lank die geleentheid hê om voorstelle in te dien oor hoe die beeld uiteindelik moet lyk.⁹⁵

Met die insameling van geld d.m.v.verkoop van plakkertjies by die ingangshekke van die Krugerwildtuin word gestaak; vanaf 15 April tot 2 Desember 1968 is daar R.7.292 ingesameld wat neerkom op net 2 persent van die besoekers. Hierdie som geld tesame met vrywillige bydraes word solank in 'n trust gehou of op versoek terugbetaal aan die publiek.⁹⁶

Die Skietstaking

Die besluit van die Parkeraad om sy finale besluit oor die




„Kêrels, ons kan teruggaan. Hulle los ons koppie nou uit.”
1968

28. Spotprent na die Parkeraad se besluit op 2 Desember 1968 om die vorm van die beeld te heroorweeg.
Die Beeld, 1968.12.08.

Krugerkop vir nege maande uit te stel het 'n vloedgolf van reaksie uitgelok wat gewissel het van waardering en vreugde tot teleurstelling en selfs afkeuring van die gedagte van 'n alternatiewe verering van pres.Kruger. Die nege maande uitstel is as 'n soort skietstaking⁹⁷ beskou moontlik a.g.v. van die aankondiging in nuusblaaie dat 'n sekere tyd nou eers moet verloop-miskien om gemoedere te kalmeer- voordat finaal besluit word. Tientalle alternatiewe voorstelle word nog geopper maar geleidelik het die geskryf vir en teen die Krugerkop-beeld stiller geword.

In Maart 1969 kom die omstrede Krugerkop weer in die nuus want die S.A.Akademie vir Wetenskap en Kuns stel die Parkeraad in kennis dat hy op grond van die verslag van sy kommissie vir Beeldende Kunste hom verset teen die Krugerkop omdat die estetiese waarde van die Kop verdring sal word deur die indrukke van tegniese prestasie en van mensevergoding. Die verslag van die kommissie bevind dat die beoogde Krugerkop esteties geen volslae sukses sal wees nie en kom op die volgende neer: Die onderneming kan uitloop op 'n skending van die nagedagtenis van pres.Kruger en 'n vertroebeling van een van die vernaamste volksimbole van die Afrikaner. Uit 'n kunstegniese oogpunt is die werk van so'n aard dat dit die onmiddellike omgewing van die beeld noodwendig fisiek groot veranderinge sal ondergaan, en dit ondanks die ideaal van die kunstenaar om die beeld organies uit die natuur te laat ontstaan. Die materiaal van die koppie is ook te donker omdat kolosbeelde in 'n ligte materiaal beter in die die sonlig vertoon. Deur die afmetings sal die beeld nie meer as 'n kunsskepping waarder word nie, en net 'n voorbeeld van tegniese kundigheid wees. Die beeld verloor dan sy estetiese waarde en word 'n rariteit⁹⁸. Coert Steynberg, wat hom nog nooit wou laat betrek by die heftige polemie, weerlê in die volgende uitgawe van die nuusbrief punt vir punt die bewerings van die kommissie van Beeldende Kunste en beskuldig die kommissie daarvan dat hy nie grondig op die saak ingegaan het nie⁹⁹.

Nog 'n dag



29.

Spotprent oor die Parkeraad se vergadering, toe hulle moet besluit oor die Krugerkop uit die koppie.

Die Transvaler, 1969.09.18.

DAGBREEK EN-LANDSTEM, 21-SEPTEMBER 1969



Die Week
Se
Dinge



30. Spotprent oor die besluit van die Parkeraad om af te sien van die Krugerkop uit die koppie.

Dagbreek en Landstem, 1969.09.21.

Tog is daar 'n afname te bespeur in die twis oor die Krugerkop. Met die polemiekie in 1968, waarin honderde briewe vir of teen die beeld aan koerante gekryf is, is daar tydens die skietstilstand net meer as 70 voorstelle ontvang van persone en organisasies. Daarvan vra sowat 20 persent dat die Parkeraad moet voortgaan met die voorgestelde Krugerkop. Die ander voorstelle kan in drie hoofgroepe ingedeel word: **een groep ten gunste van die persoonlike verering van pres.Kruger** met b.v. kopbeelde van hom by die hek van elke kamp of 'n groot standbeeld by een kamp. 'n **Tweede groep is ten gunste van utiliteitsinstellings** soos wetenskaplike navorsing of beurse, kampe vir oues van dae of kreupeles, damme en hospitale. Die **derde groep is amptelike instansies** soos die Akademie vir Wetenskap en Kuns en die studiegroep van argitekte wat **ten gunste is van die persoonlike verering van pres.Kruger**, maar wat 'n paneel van kunstenaars wil hê om die beeldende en artistieke vorm van die verering te bepaal ¹⁰⁰.


Op sy vergadering in Pretoria, 18 September 1969, besluit die Nasionale Parkeraad met 'n meerderheidstemming om af te sien van die gedagte om die kop van Paul Kruger uit 'n rots in die wildtuin te laat kap. Die raad herbevestig egter sy vorige besluit om **pres.Kruger as vader van natuurbewaring** op 'n **persoonlik artistiek-beeldende** wyse te vereer. Dit beteken dat alle utiliteitsvoorstelle wat die raad ontvang het verwerp is en dat pres.Kruger nog in beeldende vorm vereer gaan word. Weer word 'n **komitee** van die Parkeraad aangestel wat bestaan uit: dr.Monnig(voorsitter), sen.P.O.Sauer, mnr.S.G.J.van Niekerk, administrateur van Transvaal en mnr.Rocco Knobel, direkteur vir Nasionale Parke ¹⁰¹. Eenparig word besluit dat Coert Steynberg die beeldhouer moet wees en dat hy ook op die komitee moet dien ¹⁰². Die Parkeraad vra die advies van die S.A.kunsvereniging, die S.A.Instituut van Argitekte en die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Uit hierdie versoek het die **Gesamenlike Advieskomitee** van die drie organisasies ontstaan bestaande uit verteenwoordigers van die drie organisasies. Die twee komitees moet in die loop van 1970 tesaam besluit oor die vorm van verering ¹⁰³.

Na die skietstaking

Die Parkeraad wil nog steeds Pres. Paul Kruger beeldend vereer as natuurbewaarder en dit moet geskied in die vorm van 'n beeld, en wil dit nie gekoppel sien nie aan iets wat 'n nutswaarde het nie ¹⁰⁴. Die Raad voel veel vir die gedagte om terug te gaan na die oorspronklike idee om pres. Kruger te eer by 'n ingangshek. Die nuwe ingang het moontlik geword as gevolg van die verwydering van die spoorlyn en sal ongetwyfeld in die toekoms die belangrykste ingangshek van die Kruger-wildtuin word. Die Raad wil die ingang die **Paul Kruger-hek** noem en wil 'n vereringsplek met 'n monument en 'n gedenktuin naby die ingangshek of langs die nuwe pad na Skukuza. Die Raad vra die landskapargitek Roelf Botha en Coert Steynberg om hierdie moontlikheid te ondersoek. Hulle kom tot die slotsom dat daar langs die nuwe pad nie 'n geskikte terrein is om die pres. Kruger te eer nie en maak 'n alternatiewe voorstel van 'n rotsformasie in 'n valleitjie tussen Skukuza en Tshokwane ¹⁰⁶. In die rotsformasie kan een van die granietrotse tot 'n kleiner **Krugerkop** uitgehou word deur Coert Steynberg en die algemene uitleg van die valleitjie kan geskied deur Roelf Botha. Die Raad besluit voorlopig op die alternatiewe voorstel van die beeld naby **Tshokwane** ¹⁰⁷.

Die advieskomitee van kunskenners is egter nog altyd gekant teen elke vorm van huldinging wat 'n deel van die Wildtuin hoegenaamd sal skend en teen elke plan wat die beeldhou van 'n natuurlike rots behels. Hulle wil of 'n **ingangspoort** by die nuwe hek met 'n kleiner beeld van pres. Kruger of 'n **Krugernavorsingsinstituut** ¹⁰⁸.

Op 18 September 1970 oorweeg die Nasionale Parkeraad op 'n vergadering, bygewoon deur al twaalf raadslede, die verskillende voorstelle wat wissel van die beeld by Tshokwane, die ontwikkeling van die nuwe ingang asook 'n Kruger-utiliteitsinrigting. Die Raad het te staan gekom voor die Advieskomitee se onversetlike



31. Die nuwe hoofkantoor van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke waar op 18 September 1970 die besluit geneem is, om af te sien van die verering van pres. Kruger as natuurbewaarder.

Program

K.A.U.P.

standpunt, soos geformuleer in 'n brief van 31 Augustus :In geen omstandighede hoegenaamd 'n beeld in die ongerepte deel van die natuur nie ¹⁰⁹. Die Parkeraad besluit om heeltemal af te sien van die gedagte om pres.Kruger op die een of ander wyse in die Kruger-wildtuin te vereer. Mnr.Rocco Knobel het na afloop van die vergadering die volgende persvystelling gegee:

Vanweë die uiteenlopendheid van menings in verband met die verering van pres.Paul Kruger in die Kruger-wildtuin en aangesien die hele gedagte gebore was om die president eer aan te doen en nie 'n polemiekie daarvoor uit te lok nie, het die Raad dit gerade geag om heeltemaal van die saak af te stap ¹¹⁰.

Ironies genoeg is die besluit van die Parkeraad om nie pres.Kruger te eer nie geneem in die nuwe hoofkantoorgebou van die Parkeraad in die Groenkloof Nasionale Park te Pretoria, die tweede Natuurresewaat wat deur die bemoeinge van Paul Kruger be-waar gebly het.

Die pres. S.J.P. Kruger-monument

Alhoewel die Parkeraad die gedagte aan 'n Krugerkop laat vaar het bly die gedagte van die verering van pres.Kruger voortleef. Die besluit word geneem dat die nuwe hoofingang bekend sal staan as die **Paul Kruger-hek**. Die nuwe teerpad verbind Hazyview met die Kruger-wildtuin en net oor die nuwe Sabierivier-brug is die nuwe hoofingang geleë. Hierdie hek sal deel uitmaak van 'n gebouekompleks waarvoor die argitek mnr.Ken Richardson aangestel word. Die Parkeraad besluit ook om Paul Kruger te **eer d.m.v. 'n beeltenis** om hierdeur aan die wens van diegenen gehoor te gee wat graag pres.Kruger as natuurbewaarder vereer wil sien. Die Parkeraad vereis dat die beeld van pres.Kruger moet inpas by die hekontwerp en sigbaar moet wees vir motoriste wat van beide rigtings deur die hek beweeg ¹¹¹.

Maart 1973 word deur Rocco Knobel en Sybrand van Niekerk bekend

gemaak dat die nuwe hoofingang van die Kruger-wildtuin bekend sal staan as die Paul Kruger-hek; by hierdie Paul Kruger-hek sal 'n 3m. hoëborsbeeld van pres.Kruger, geskep deur Coert Steynberg, geplaas word. Die hek sal deel uitmaak van 'n gebouekompleks ontwerp deur die argitek Richardson en sal sowat R60.000 kos en die beeld R.20.000. Die hek sal op 21 Maart 1973 vir die publiek oopgestel word; die onthulling van die borsbeeld sal eers oor twee jaar geskied. Gelyk met hierdie persvystelling is die ontwerp-tekeninge van die argitek vrygestel ¹¹².

Regter J.F. Marais verklaar dat die Parkeraad se besluit allerweë ondersteun sal word. Al voorbehoud is dat die estetiese ligging en uitvoering van die beeldhouwerk na wens moet wees. Ander instansies soos die S.A. Kunsvereniging en die Akademie vir Wetenskap en Kuns behou hulle mening voor ¹¹³.

Die verering van Paul Kruger as natuurbewaarder gaan dus gebeur volgens die **oorspronklike gedagte** van die Parkeraad n.l: 'n beeld van president S.J.P.Kruger by 'n ingangshek van die Kruger-wildtuin.

Coert Steynberg: reaksie op die polemie

Onmiddellike reaksie


Coert Steynberg, die sentrale figuur in die drama, het die polemie met intense belangstelling gevolg maar het hom, op 'n paar uitsonderinge na, nie ingemeng met die stryery in die koerante nie. Sy onmiddellike reaksie was een van ongeloof en verontwaardiging oor die negatiewe aanmerkinge oor die Krugerkop; die siening dat die reuse **mombakkiesgesig** alles sal oorweldig en die natuur sal skend, skryf hy toe aan onkunde en die wanvoorstelling van die beeld geskep deur die foto's en voorskette. Hy probeer deur middel van persverklarings en radiopraatjies die wanindrukke die reg te stel. Die foto's is eksperimenteel saam-

gestel en afgeneem met 'n sterk telefotolens waardeur die grootte van die beeld te veel beklemtoon is en dit die indruk skep asof die Krugerkop die omgewing sal oorheers. Coert Steynberg het ervaar dat groot beeldhouwerke die neiging het om te verdwerg tussen die geboue in die stede. Die grote Kop sal in die Laeveld te midde van ander koppies staan en sal: Die uitgestrektheid van die Laeveld, die geweldige ruimte van die hemellug daarbo, die grootte en ritme van die koppies daaromheen en die unieke plasing sal bydra om 'n eie module van skaal te skep.¹¹⁴.

Die wanvoorstelling is ook die gevolg van die vergelyking van die Krugerkop met die reuse koppe in Amerika. Steynberg sê dat die Krugerkop heeltemal anders sal wees want: dit gaan nie as 'n hoog-relief teen 'n bergwand uitgekap word nie; dit sal in die rondte wees en dit sal helfte kleiner wees. Dit sal nie soos die in Amerika, saf soos vleis en bloed lyk nie, maar uit graniet gekap word en die karakter van graniet en die omgewing sal gerespekteer word ¹¹⁵.

Verontwaardig is sy reaksie op die blyke van wantroue in sy vermoë as kunstenaar. Hy skryf die kritiek van die andere kunstenaars toe aan vooroordeel en moontlike naywer. Hyself is vol vertroue en oortuig van sy kundigheid om in graniet te werk. Graniet is van die hardste en taaiste klip en die moeilikste maar ook die geliefkoosde medium vir Steynberg. Hierdie medium is vir hom 'n uitdaging want dit is **wat beeldhou in die ware sin van die woord** is; so heel anders as die boetseer en modelleer in klei. Hy het jarelange ervaring en het suksesvol in verskillende granietsoorte gekap. In graniet was sy eerste opdrag, die Bartholomeus Dias-beeld vir die Suid-Afrikahuis in Londen; die Bloedriviermonument is van Halfweghuis-graniet; die Hugenote-monument by Franschhoek en die Jannie Marais-standbeeld op die kampus van die Stellenbosche Universiteit is van Paarlse graniet; die Vereniging-monument van 'n granietrots van Weskoppies ¹¹⁶.

Steynberg berei hom goed voor op sy taak en gaan, vergesels van sy vrou, in die wintermaande van 1968 na Europa toe. Hy wil die




32. Die Paul Kruger borsbeeld wat vir die saamgestelde foto, no.25, gebruik is.
Model: borsbeeld pres.S.J.P.Kruger
ongedateer
gips
21.5x16x10cm
CS 42
C.S.T.

nuutste metodes van granietbewerking bestudeer en tewens voer hy in Nederland en Duitsland onderhoude met graniet-voorkappers ¹¹⁷.

Vir 'n reusekop in graniet sien Coert Steynberg kans genoeg want hy het hom goed voorberei vir die groot werk. Met die sleurwerk van prysberekening, opmetings en konsultasies agter die rug, is hy, met sy tuiskoms, ongeduldig om met die groot werk te begin.

Die hele polemieek in die koerante wat plaasgevind het tydens sy afwesigheid verbyster hom. Dit is vir hom 'n skok om te hoor dat nie alle mense sy siening oor Paul Kruger deel nie. Hyself is diep daarvan oortuig dat Paul Kruger 'n Godgegewe insig van die Skepper ontvang het om die wonderlike natuur en diere in die Laeveld vir die nageslag te bewaar. Sy oortuiging is bowendien bevestig deurdat hy reeds Paul Kruger se beeltenis in die Wildtuin ontdek het. In 'n radiopraatjie probeer hy dit te verduidelik en sê onder meer dat die toekomsiening van Paul Kruger geïnspireer was deur 'n Hoër Hand en: " Eendag sal mense besef dat wat hy gedoen het, een van die grootste prestasies van hierdie millenium was. Daar is aan ons die geleentheid gebied om ons dankbaarheid te betuig teenoor die Skepper vir die uitstaande man van visie en die wonderlike diere want die klipkop met die skouerklippe is reeds daar" ¹¹⁸.

Oor die estetiese kritiek van prof. Battiss is hy verontwaardig en vra of die bewering "**Art interferees with nature**", "**Art spoils nature**" beteken? Waarom moet beeldhouwerk net te sien wees in die stede? Juis Suid-Afrika met sy ruimtes bied geleentheid vir monumentale beeldhouwerk. Het beroemde kunstenaars deur die eeue heen nie die bewys gelewer nie dat die kombinasie van kuns en natuur 'n gelukkige sintese is tot groter esteties genot van beide? ¹¹⁹. Hy maak weer 'n saamgestelde foto met 'n geboetseerde model wat volgens hom 'n goeie indruk gee van hoe die beeld sal lyk wanneer dit voltooi is. Die foto moet die indruk skeep dat Paul Kruger minsaam na sy skepping kyk terwyl die diere ongesteurd hulle gang gaan ¹²⁰.



34

33. Natuurlike rotse waar mens die
profiel van Paul Kruger gewaar.
Foto: Coert Steynberg
ongedateer
C.S.V.



- Rotsformasie waar die
bergkruine oormekaar
skuif namate mens
daaromheen beweeg.
Foto: Coert Steynberg
ongedateer
C.S.V.

35.

Die Rots: 1969

Die besluit van die Parkeraad op 2 Desember 1968 om die projek vir nege maande uit te stel is vir Steynberg 'n teleurstelling. Gelukkig het hy op hierdie stadium nog baie werk met die skets-en skaalmodel vir die reusekop van adv. J.G. Strydom wat die fokuspunt sal wees van die Strydom-Monument op Strydomplein in Pretoria 121.

Hoewel Coert Steynberg hom nie wou betrek by die heftige polemiek nie, voel hy met die publikasie van die memorandum van die Beeldende Kunskomisie van die Akademie dat sake nou te ernstig gegaan het. Steynberg voel dat dit nou 'n saak van volksbelang geword het en hy beskou dit as sy plig om die onkunde wat oor beeldhoukuns heers in die belang van die Afrikaanse kultuur uit te wys.

In sy repliek beantwoord Steynberg punt vir punt die bewerings van die memorandum. Die tegniese besware weerlê hy deur die moderne tegnieke te beskryf en aan te toon dat hy weet waarmee hy te doen het. Steynberg maak sterk beswaar teen die stelling dat grootte die estetiese waarde van 'n beeldhouwerk bepaal; nl. dat wanneer 'n sekere grootte vir beelde oorskry word die beeld esteties nie meer aanvaarbaar is nie en dit verander in 'n snaaksigheid. Dit is wel die geval met die Amerikaanse beelde omdat hulle in klei geboetseer is en as t'ware opgepomp en vergroot is waardeur hulle soos karikature lyk. Volgens Steynberg lê die kriterium van die estetiese waarde van 'n beeldhouwerk nie in sy grootte nie maar hang dit af of die kunstenaar die medium respekteer en weet hoe om daarmee te werk. Ook die bewering dat met so'n groot beeld die grens oorskry word waar mensverering oorgaan in mensvergoding noem hy 'n **antieke benadering** 122.

Steynberg word tog bewus daarvan dat sy saamgestelde foto's wel herinner aan die Amerikaanse koppe omdat hy 'n geboetseerde



Krugerkop-model waar
Coert Steynberg gepoog
het om die voorkoms van
'n rots te handhaaf.
Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger
ongedateer
gips en graniet-mengsel
22x14.5x20 cm
CS 58
C.S.T.

36



38



Geabstraheerde Krugerkop
wat van gedaante verwissel
namate mens daaromheen
beweeg.

**Model: kopstuk pres. S. J. P. Kruger
ongedateer**

gips en graniet-mengsel

22x14x20 cm

CS 59

C.S.T.





40. Krugerkop-model wat nog 'n gelykenis met Paul Kruger vertoon.
Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger ongedateer
gips en graniet-mengsel
23x13x18 cm
CS 60
C.S.T.



41. 'n Geabstraheerde Krugerkop met versagting van kontoeren en vlakken.
Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger ongedateer
polistereen
22.5x14x20 cm
CS 57
C.S.T.



42

"Die Rots".

"Van voorgesien lyk dit soos 'n stuk verweerde rots maar van langsaan word die profiel van Oom Paul duidelik sigbaar, deurdat die uitstaande punte en bulte oormekaar skuif."



Skulptuur: Die Rots

1969

graniet

72x42x66 cm

inskripsie: Coert '69

CS 6

C.S.T.



44




Coert en Betsie Steynberg
saam met "Die Rots" wat
in hulle tuin opgestel is.
Foto: Fanie Calitz
ongedateer
C.S.V.


model gebruik het. Hy eksperimenteer nou met talle kopstukmodelle om die indruk van gemoduleerheid te verwyder. Hierdie keer is sy vertrekpunt die voorkoms en karakter van graniet en dwing hy nie die beeltenis van Paul Kruger op die graniet af nie. Verskeie van die kopstukke is so ontwerp dat hulle van gedaante verwissel namate mens daaromheen beweeg soos die geval is met bergkruine. Steynberg probeer deur die handhawing van die voorkoms van 'n rots die eieskappe van graniet te aksentueer en hulle in ooreenstemming te bring met die gelaatstrekke van Paul Kruger. In hierdie modelle is daar eers nog 'n sterk gelykenis met Paul Kruger wat gaandeweg verflou en steeds meer geabstraheer word. By die abstraksie van hierdie Krugerkopmodelle is daar bewus gestreef na versagting van kontoere en vlakke. Steynberg besef dat a.g.v. die gedempte lig in Europa gebruik gemaak word van skerp hoeke om sekere gelaatstrekke sterker te laat uitkom; in die fel sonlig van Suid-Afrika hoef niks gedoen te word nie om hierdie effek te verkry nie en moet eerder met rondings gewerk word ¹²³.

Steynberg wil aantoon wat hy van plan is met die **Krugerkop uit die koppie**. Nadat hy met sy eksperimente sy probleemstelling opgelos het begin hy kap aan 'n kopstuk in Douglas-grysgraniet wat hy noem **Die Rots** ¹²⁴.

In **Die Rots** het hy getrag om deur handhawing van groot en bonkige vorms die eienskappe van graniet te behou en daardeur die karaktertrekke van Paul Kruger, soos sterkte en duursaamheid, vas te lê. **Die Rots** is nie 'n realistiese portret van Paul Kruger nie en die toeskouer se eie verbeelding moet saamspeel in die herkenning. **Die Rots** staan in die helder sonlig en deur die spel van lig en skaduwee kry mens die gewaarwording van bergspitse wat oormekaar skuif waardeur die gelaatstrekke van Paul Kruger, hoewel vaag, herkenbaar word. Van voor af lyk dit soos 'n berg met punte maar as mens om die beeld loop skuif die punte oormekaar en skep dit telkens andere gelykenisse van Paul Kruger; baie soos die ervaring wat mens in berge kry waar rotsformasies



46. Die rotsformasie in 'n valeitjie naby Tshokwane
wat geskik is vir 'n vereringsplek.
Skets-ontwerp: Roelf Botha
ongedateer
C.S.V.



47. Voorstellings-model van die rotsformasie by Tshokwane
wat hom leen vir die alternatiewe Krugerkop.
Foto: Coert Steynberg
ongedateer
C.S.V. © University of Pretoria

van 'n seker punt gesien 'n menslike ewebeeld vertoon.

Met **Die Rots** wil Steynberg aantoon wat hy in gedagte het met die Krugerkop en weerlê op die oortuigenste manier die aantygings en die wantroue teen sy kunstenaarsvermoë. Coert Steynberg hanteer die probleem geskep deur die felle Suid-Afrikaanse sonlig oortuigend. Deur die versagting van die vorm word die effek van helder sonlig bedwing. Ook weerlê hy die beswaar dat die graniet te donker sou wees. **Die Rots** lyk so lig soos marmer en enige vlekke of streep daarin word deur die sonlig geabsorbeer ¹²⁵.

Steynberg wil ook aantoon dat vergroting tot reusegrootte nie die uitdrukkingskrag van 'n gesig verflou nie maar inteendeel dit versterk en dat 'n reusekop esteties wel geslaag kan wees. In sy ateljee staan die reusekop van Adv.J.G.Strydom gereed om gegiet te word. Steynberg is die mening toegedaan dat die kopstuk by elke stadium van vergroting, vanaf lewensgrootte tot die vyfmaal en die tienmaal lewensgrootte verbeter het. Sy mening word gedeel dat hierdie beeld van die volksleier 'n sukses is ¹²⁶.

Teenstanders van die Krugerkop, asook die lede van die Komitee van Beeldende Kunste, word genooi om te sien wat die impak van 'n vergrote borsbeeld kan wees; tewens kan hulle dan **Die Rots** besigtig ¹²⁷.

Die alternatiewe Krugerkop by Tshokwane

Coert Steynberg word tog onbewus beïnvloed deur al die kritiek wat gelewer word op pres.Kruger, en sy siening van Kruger, die staatsman, ondergaan 'n verandering. Kruger was miskien 'n lafaard en dit is waarskynlik dat hy ook ander foute gehad het maar vir Steynberg is dit voldoende dat hy verantwoordelik was vir die beveiliging van 'n stukkie van die Laeveld vir die nageslag ¹²⁸. Oor die besluit van die Parkeraad op 18 September 1969 om af te sien van die Krugerkop uit die koppie is hy teleurgestel en bedroef; hy vind dit jammer want die gesig van Pres.Kruger is alreeds in die oorspronklike rots waarneembaar. Hy voel dit



48. Die rotsformasie-model met 'n massiewe reghoekige rots in die middel, opgebou uit skuimplastiek "rotsblokke".

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.



49. 'n Ander rotsformasie met 'n Krugerkop-model.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.

Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger

ongedateer

22x14x20 cm

CS 53

© University of Pretoria

C.S.T.

50



Die Krugerkop met die
skeletvoorkoms.

**Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger
ongedateer**

klip

23.5x13x18 cm

CS 61

C.S.T.



51




52

Die rotsstapeling met die skedelkop waar mens 'n ooreenkoms gewaar tussen die skedelnate van die kop en die splete gevorm deur die rotsblokke.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.



53



Die gedisintegreerde kopstuk
van Paul Kruger.

Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger
ongedateer

gips

26x14x20 cm

CS 63

C.S.T.





56

Die kopskelet en die rotsstapeling; voor-en syaansig.
Disseksie van kop en rots.

Foto: Coert Steynberg

ongedateer

C.S.V.



57

nie as 'n persoonlike neerlaag nie want dit gaan vir hom veel dieper. **Hy wou Kruger nie as 'n staatsman uitgebeeld het nie maar as die groot natuurbewaarder** 129.

Nadat Steynberg deur die Parkeraad genader is, ondersoek hy saam met Roelf Botha, die landskapargitek, die moontlikheid van 'n vereringsplek by 'n **rotsformasie in 'n valleitjie naby Tshokwane**. Een massiewe reghoekige rots in die formasie leen hom wel vir 'n Krugerkop. Volgens hom is daar heelwat werk aan want die 20vt. kop moet uit die rots bevry word en ook is die vorming van die skouers en borsstuk nie maklik nie 130.

In sy ateljee eksperimenteer Steynberg en maak weer verskillende komposisies waarby hy die modelle van **Die Rots** gebruik. In hierdie proses merk hy die ooreenkoms op tussen die nate van 'n skedel en die splete gevorm deur die rotsblokke. Net soos 'n mens die rotsstapeling sou afbreek so disintegreer Steynberg die kopstuk. Hierdie proses is 'n inwaartse beweging na binne waarmee met die disseksie van die kopstuk-skedel die vorme opgebreek word. Dit is asof hy sy eie siening oor Kruger bevestig wil sien en met hierdie disseksie as t'ware wil deurdring in die wese van Paul Kruger 131.

Die Berg: 1972

Toe Steynberg die besluit van die Parkeraad verneem, om glad nie meer pres.Kruger as natuurbewaarder te vereer nie, was hy geskok en diep teleurgestel. Steynberg het die besluit van die Parkeraad nie veroordeel nie want hy voel dat hulle 'n eensame stryd gevoer het teen onregverdigde en onverantwoorde kritiek. Baie van die aanvalle skryf hy toe aan 'n sensasie beluste pers en aan politieke gewin waardeur die gemoedere van die publiek tot so'n mate opgesweep is dat die Parkeraad die huldigingsgedagte moes laat vaar het. Die polemieks het die nagedagtenis van pres.Kruger ook aangetas; hy is uitgeskel as 'n lelike ou man met 'n mom-bakkies gesig; 'n leier wat sy volk op 'n kritieke stadium in die



58. Die ewige blou berge.
Foto: Coert Steynberg
 ongedateer
 C.S.V.



59. Die gelykenis met Paul Kruger wat Coert Steynberg
 in die berge gewaar het.
Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger
 ongedateer
 gips
 20x25x13 cm
 CS 64
 C.S.T. © University of Pretoria

steek gelaat het. Steynberg voel dat daar min uiting gegee is aan gevoelens van dankbaarheid teenoor pres. Kruger vir dit, wat hy vir die volk nagelaat het ¹³². Steynberg het die hele polemieek as 'n onsmakelike vertoning ervaar waarvan hy hom liefs wil distansieer ¹³³.

Nietemin was hy so intens betrokke gewees by 'n saak wat hy as sy roeping gesien het dat die verwerking van die Parkeraad se besluit 'n traumatiese ondervinding was ¹³⁴. Ondanks die begrip wat Steynberg vir die Parkeraad het, het hy gevoel asof hy in die rug gestee is ¹³⁴. Dit was asof hy afstand van die wêreld wou doen en na die bekendmaking van die besluit het hy hom daelank afgesonder en ondergaan hy 'n proses van introspeksie en geestelike verdieping.

Sy diepe geloofvoortuiging het Steynberg insig en sekerheid gegee tydens hierdie proses van geestelike inkeer. Sy onwrikbare geloof in die bestaan van God word hom geopenbaar in die skeppende daad van uitverkore skepsels en in die wondere van die natuur. Hierdie skeppende uitverkorenes, soos Michelangelo, Bach, Beethoven, Mozart en Paul Kruger word gelei deur die Hand van God. Hy sien Kruger dan ook nie as 'n goddelike wese nie maar as die instrument van God. Kruger, die mens, het sy tekortkominge en foute gehad maar deur sy Godgegewe insig en wysheid en deur sy profetiese daad is hy verhewe bo die andere skepsels. Kruger, die staatsman, sal miskien in die vergetelheid raak, maar die belangrikheid van Kruger sal steeds toeneem want: **Met verloop van tyd sal ons mense besef die betekenis van die daad wat pres. Kruger verryk het vir die hele wereld deur 'n stukkie van die werke van die groot Skepper vir die nageslag te verseker. Daardeur sal sy gestalte steeds groei en uitstyg soos 'n berg bokant die praalgeruis van die vlaktes.** ¹³⁶ Steynberg assosieer die uitverkore Kruger met die ewige blou berge soos die Afrikanerboere opkyk na die ewige berge om hulle Calvinistiese leier te sien ¹³⁷.

Steynberg kyk ook na die berge, die rotse, die plante en gewaar

60



"Die Berg".

"Die kruine en pieke skuif oormekaar,
die wenkbrou sak en die mond gaan toe."

Skulptuur: Die Berg

1972

graniet

80x115x46 cm

inskripsie: Coert '72

CS 4

C.S.T.





62. Die rots-stratifikasie van 'n krans.
Foto: Coert Steynberg
 ongedateer
 C.S.V.



Die vertikale seksies
 wat ooreenkom met kranslae.
Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger
 ongedateer
 gips
 26x20x21 cm
 CS 66
 C.S.T.

63.



64



65



"Die Krans".

Afsonderlike seksies in'n enkele voorstelling bymekaar waar onverwags die profiel van Paul Kruger sigbaar word.

Skulptuur: Die Krans

1972

sandklip

150x115x130 cm

inskripsie: Coert '72

CS 5

C.S.T.

66


sels in die kleinste skepping die gelykenis van Kruger. In die natuur, die Goddelike skepping, kry Steynberg dan bevestiging dat die gees van Kruger teenwoordig is in sy eie skepping ¹³⁸.

Nadat hy Paul Kruger na sy waarde aangevoel het en 'n innerlik beeld van hom gevorm het, het hy hamer en beitel geneem en begin granietblokke kap. Dit was asof hy swanger was met Krugerkop-idees en eenvoudig aan hierdie idee's konkrete gestalte moes gee ¹³⁹. Soos Kruger hom bo die getwis en naywer gestel het, so distansiteer Steynberg hom ook van die wêreldse dinge en met sy wegbreek van uiterlike verskynsels, word sy uitbeelding van Kruger steeds meer abstrak. Sy siening van die verhewenheid en grootheid van Kruger word nie meer deur sintuigelike waarneembare grootte voorgestel nie maar word hoewel kleiner, monumentaler.

Die Berg, uit Rustenburgse graniet, is 'n geometriese vlakverdeling met oppervlaktes van 'n rowwer en gepoleerde tekstuur. Deur die afwisseling van die tekstuur skep dit 'n drie-dimensionele indruk soos die effek wat mens in die berge sien. Steynberg wil in die gepoleerde vlakke die gees van Kruger uitdruk en deur die blou ligwerking verhef hy **Die Berg** tot monumentale grootheid. Tog is **Die Berg** nie heeltemal abstrak nie en kan mens na 'n rukkie die profiel van Paul Kruger gewaar. Paul Kruger, die wyse, wat op sy rug lê en met toegaande, maar waaksame oë die rustigheid van die berge weerspieël ¹⁴⁰.

Die Krans: 1972

Steynberg het met sy worsteling met **Die Berg** bevestiging gekry van die verhewenheid van gees van Kruger waardeur Kruger uitgesaan het deur sy voortreflike eienskappe; soos innerlike sterkte, voortreflikheid en beginselvasheid. Hy probeer nou om al hierdie verskillende eienskappe van die karakter van Kruger uit te beeld ¹⁴¹. Hierdie eienskappe is vir hom idieel van aard; hy sien hulle as afsonderlike begrippe wat nie gekoppel kan word aan vergankelike verskynsels nie. In **Die Krans** voeg Steynberg hierdie



67. Paul Kruger versinnebeeld
deur die simbool van die leeu.
Model: kopstuk pres.S.J.P.Kruger
ongedateer
gips
30x20x26 cm
CS 83
C.S.T.





"Die Leeu".

"Van voor merk mens die gesig van 'n leeu met ore wat deur Oom Paul se haarlokke gevorm word, maar van langsaan gesien is daar niks van die leeu te bespeur nie."



Skulptuur: Die Leeu

1973

graniet

110x70x94 cm

CS 3

C.S.T.

afsonderlike begrippe in 'n enkele voorstelling by mekaar waarby hy as't ware van binne na buite werk ¹⁴².

Die Krans, uit Naboomspruit-sandklip, bestaan uit vertikale seksies wat ooreenkom met verskillende kranslae. As mens om die beeld beweeg neem onverwags uit die kranslae, die profiel van Kruger gestalte aan. **Die Krans** is 'n sterk en kragtige beeld en toon dat Steynberg deur sy oortuiging en sterk geloof homself nie verder kon verwyder van die wêreld van verskynsels, die simbool van die Skepping self nie.

Die Koning van die Diere: 1973

Steynberg het die sekerheid gekry dat Kruger die grootste van die Afrikaners is en vertolk hy Kruger, die groot natuurbewaarder met die leeu, die Koning van die diere ¹⁴³. Ook kan die assosiasie getref word met die ou leeumannetjie wat uit die trop gestoot is; net soos Kruger tydens die polemieke verwerp is deur sy volk.

Na al die assosiasies met sinnelike voorstellings maak Steynberg met sy volgende uitbeelding van Kruger gebruik van **die leeu**, die simbool wat van oudsher die begrip krag en wysheid versinnebeeld. Nie meer deur fisiese grootte maar deur beeldspraak vertolk hy nu die grootsheid van Kruger omdat hy besef dat hierdie grootsheid 'n idieële inhoud het en die beste met 'n simbool vertolk kan word. Die leeu is egter 'n herkenbare simbool en nie 'n abstrakte eenheid nie en kan Steynberg die begrip as 'n konkrete werklikheid uitbeeld.

In die **Die koning van die diere** word Kruger uitgebeeld as die ou gryse wat gely het en swaar gekry het, maar nog steeds waaksaam is. In die meesterlike hantering van die graniet met sy groot, bonkige vlakke kom in die sonlig die plastiese drie-dimensionele vorm tot sy volle reg en beklemtoon dit die ruwe krag maar ook die innerlike sterkte en standvastigheid. Van voor merk mens die gesig van 'n leeu met ore wat deur Paul Kruger se haarlokke gevorm word maar van langsaan gesien is daar niks van die leeu te



71. Die voorlopige sketsontwerp waar Coert Steynberg die indruk wil skep dat: " die wese van Oom Paul deur die bome en bosse sweef."

Foto: Coert Steynberg

Voorlopige sketsontwerp

1972

K.A.U.P.

bespeur nie. Deur die analogie met die leeu, die koning van die diere kry mens die sinnelike uitbeelding van krag en wysheid. Kruger word hier uitgebeeld as die ou wyse profeet die deur sy innerlike sterkte die natuur en diere vir die nageslag bewaar het.

Die Rots, Die Berg, Die Krans, Die Koning van die diere het Coert Steynberg opgestel in sy tuin in Pretoria-Noord, geleë teen die hange van die Magaliesberg, waar hulle in die volle sonlig staan.

Saam vorm hulle die **Krugerreeks** en gee hulle gestalte aan sy vertolking van Paul Kruger.

Die pres.S.J.P.Kruger-monument: 1976

Opdrag

Coert Steynberg werk in 1972 aan die **Koning van die diere** toe hy onverwags genader word deur die Parkeraad en die opdrag kry om 'n borsbeeld van pres.Kruger vir die nuwe Paul Kruger-hek te maak. Nadat hy die planne van die argitek mnr.Ken Richardson bestudeer het, maak hy 'n voorlopige sketsontwerp.

Steynberg wil in sy sketsontwerp die indruk skep dat: **die wese van oom Paul as 't ware deur die bome en bosse sweef.**

Die kopstuk moet egter groot en massaal wees want anders sal die ruimte en uitgestrektheid van die bosveld dit klein en onbeduidend laat lyk. Ook moet die motoriste wat van anderkant die brug aankom die gelaatstrekke van veraf kan lees. Om die effek van ligheid te verkry laat Steynberg die kopstuk rus op 'n voetstuk van vertikale suile, wat korrespondeer met die boomstamme van die omgewing. Ook beklemtoon hy die effek van ligheid deur die vertikale en horisontale vlakke van die kopstuk te laat harmoniseer met die van die borsstuk en voetstuk ¹⁴⁴.

Vir 'n monument wil hy nie een van sy abstakte modelle gebruik



72. Die ontwerp vir die pres. Kruger-monument met 'n 10x lewensgrote kopstuk geplaas op 'n kunsmatige koppie wat Steynberg 'n "hondegraffie" genoem het.

Foto: Coert Steynberg

Akte van ooreenkoms

1972.11.17.

K.A.U.P.



73. Coert Steynberg druk besig met die polistereen gipsmodel.

Foto:

ongedateer

C.S.V.


nie maar 'n meer herkenbare voorstelling skeep omdat die algemene publiek dit anders nie kan verstaan nie. Vir die voorlopige sketsontwerp kies Steynberg 'n model, wat 'n effense gelykenis met 'n leeu vertoon, en wat nie te realisties maar ook nie te abstrak is nie 145.

Vir die finale kontrak kies Steynberg die model van **Die koning van die diere** omdat dit volgens hom 'n duidelik herkenbaar beeld is wat simbolies wysheid en verhevenheid uitbeeld; tewens versterk die bonkige, robuuste granietklip die karaktertrekke soos innerlike sterkte en duursaamheid van Kruger. Dit sal ook die indruk skeep of die ou leeu, waaksaam en oplettendheid, sy skepping beskerm.

Die Nas.Parkeraad besluit op die model van "Die koning van die diere" en gaan op 17 November 1972 'n ooreenkoms aan met Coert Steynberg om die kopstuk van pres.Kruger, 10-keer lewensgrootte volgens hierdie model te maak. Die Raad is wel verantwoordelik vir die voetstuk maar aanvaar nie Steynberg se idee van die voetstuk nie. Daar is besluit op 'n kunsmatige koppie gevorm deur natuurlike rotsblokke. Die kopstuk moet vasgeheg word op 'n betonvoetstuk waaromheen die natuurlike rotse geplaas word. Die hoogste punt van die kopstuk moet, nadat dit op die voetstuk vasgeheg is, ongeveer 6 m.van die grond af wees. Steynberg moet 'n werksmodel maak wat wesenlik ooreenstem met die model wat deur die Raad goedgekeur is 146.

Werkmetode

Toe in Maart 1973 die offisieële aankondiging kom van die nuwe Paul Kruger-hek met die Paul Kruger-monument is Steynberg reeds druk besig in sy ateljee in Pretoria-Noord met die 10-keer lewensgrote model. Die model maak hy van skuimplastiek (polistireen) om: **Die gevoel van Beeldhou i.p.v.** **boetseerwerk** te behou want die uiteindelijke Krugerkop word uitgebeitel in Douglas grey-graniet en nie gemodelleer nie. Vir hom



74.

Die klip wat losgebreek moes word van die res van die rots en wat deur Coert Steynberg self gekwarie is.

**Foto: Betsie Steynberg
ongedateer**

C.S.V.



75. "Dit was 'n ontsaglike werk maar Coert se vreugde was die beloning werd."

**Foto: Betsie Steynberg
ongedateer**

C.S.V.


is die werk in polistireen 'n oefening omdat;dit my vingers weer slim en vaardig maak en reg om te werk met die graniet, want dan sny ek van buite af tot in die kern ¹⁴⁷.

In Mei 1973 word die model na Skukuza gestuur en vertrek die Steynbergs na die Kruger-wildtuin waar hulle tuisgaan in 'n rondawelhuis in die Skukuzakamp. Hier sal hulle vir die volgende drie winters bly omdat die somermaande in die Laeveld te warm is vir die sware kapwerk. Naby hierdie huusiq word 'n eenvoudige veldateljee opgerig waar Steynberg aan die kopstuk sal werk ¹⁴⁸.

Steynberg gaan op soek na 'n geskikte rots en dit val hom by dat hy by sy vorige soektog op 'n sekere plek 'n geskikte stuk graniet gesien het. Hy het gaan kyk en die klip wat hy wou hê gekry, 1.5 km suid van die nuwe hek in die bos waar dit duisende eeue lank onverstoord langs die Sabie-rivier geleë het. Niemand durf die werk aan nie en om kostes te bespaar, besluit Steynberg om self vir die eerste keer in sy loopbaan, die klip uit die rots te breek ¹⁴⁹.

Eers is die grond rondom die klip verwyder en het Steynberg bepaal hoe groot die klip moes wees wat hy moet uitsny ¹⁵⁰. Aangesien klip nie net hard maar ook taai is was dit 'n ontsaglike werk om die blok van 33 ton los te breek . Sy vrou sê hieroor: Dit het hom twee maande van 7 v.m. tot 5 n.m. geneem om met die hulp van twee swartmans die klip van die res van die rots weg te splits. Gate is elke 4 duim regaf met 'n druklugboor geboor en toe is daar horisintaal geboor. Dit was eintlik die enigste keer in sy loopbaan wat hy self sy graniet gekwarrie het en dit was myns insiens die swaarste deel van sy werk. Volgens my berekening het hy 17 sent per uur verdien vir sy Kruger-monument (en miskien sy lewe met 5 jaar verkort?) maar tog was sy vreugde toe die rots losbreek die moeite werd en die uitdaging die beloning werd! ¹⁵¹

Vir die laai van die 34 ton granietblok is 'n diep sloot gegrawe



76. Eksperiment met die skuimplastiek-model.
Foto: Coert Steynberg
ongedateer
C.S.V.



77. Coert Steynberg besig met die
laatste afwerking van die Krugerkop.


Foto:
ongedateer
C.S.V.

waarin 'n lae sleepwa getrek is. 'n Stootskraiper het die blok oorgestoot en toe is dit per vragwa vervoer na sy veldateljee in Skukuza waar Steynberg met die finale kop begin. Hy het die gesig volle grootte op karton geteken en gekorreleer met die klip vir hoogte en plasing van o.a. die mond, oë, wenkbroue ens. Op 15 Augustus kap Coert Steynberg sy eerste hou met die beitel. Elke dag, behalwe Sondag, werkskaf hy van sonop tot sononder met die hamers, beitels en lugbore. Spesiale kragdrade moes aangelê word vir die hoë spanning van die elektriese bore en ook dra hy 'n sweishelm omdat die werk baie stof veroorsaak ¹⁵². In Skukuza eksperimenteer hy met die skuimplastiek model; met 'n hyskraan hys hy dit op tussen die bome om te sien of hy die effek van die gees van Kruger, wat bo die bome sweef, kan verkry.

Na twee winters se harde werk is die kapwerk afgehandel; in die agt maande wat hy aan die kop gewerk het is sowat nege ton graniet afgekerf en weeg die beeld 24 ton ¹⁵³. In die wintermaande van 1975 voltooi hy die kopstuk en bekommer hy hom oor die voetstuk en die plasing van die beeld. Hy was nog nooit gelukkig met die kunsmatige koppie nie wat volgens hom te aards gebonde is en lyk op 'n: **hondegraffie** ¹⁵⁴.


Plasing en voetstuk

Oor die plasing, soos voorgestel deur die argitekte, was hy aanvankelik tevrede. Op die argitekontwerp is die kopstuk die middelpunt van 'n verkeerssirkel wat ongeveer 100 meter agter die hek geplaas is ¹⁵⁵. Die inganggebou sou voor en agter vier meter hoë vensters gehad het en deur hulle sou mens die kop kon sien. Na voltooiing vind Steynberg dat die geboutjie so laag en onimposant vertoon dit die indruk sal skep dat Kruger oor die geboutjie loer. Steynberg stel voor om die beeld verder weg van die ingangshek te plaas by die bopunt van die bestaande teerpad wat van die Krugerhek die Wildtuin inloop, ¹⁵⁶ Die Parkeraad wil egter die beeld naby die Paul Kruger-hek geplaas sien aangesien daar 'n verbintenis moet wees tussen die Paul Kruger-hek en die



78. Die onaansienlike Paul Kruger-hek vanaf die brug gesien.
Die Krugerkop, direk agter die gebou geplaas, sou die indruk
skep dat: " Oom Paul oor die geboutjie loer."

Foto:
ongedateer
C.S.V.




79. Steynberg wou die beeld agter die ingangsgebou
op die bopunt van die teerpad plaas.

Skets: Coert Steynberg


ongedateer

potlood op papier

C.S.V.



80. Die skets-ontwerp van die argitek K. Richardson.
Die Paul Kruger-ingangshek van die park- en die
brug se kant gesien.
Skets: K. Richardson
1972
C.S.V.



81. Die perspektief-skets van die argitek.



82. Die Krugerkop op pad
na die Paul Kruger-hek.
Foto:
ongedateer
C.S.V.



Coert Steynberg by die Paul Kruger-monument
waar die voetstuk nog in die steiers staan
Foto:
ongedateer
C.S.V.

Paul Kruger-Monument 157.

Na samesprekings word toe besluit op 'n stuk grond suid van die hoofingangspad tussen die brug oor die Sabierivier en die inganggebou. Die terrein het 'n geleidelike helling van oos naar wes sodat besoekers wat die Wildtuin vanuit die weste nader die beeld op 'n afstand sal waarneem ¹⁵⁸. Ook word ooreengestem om die voetstuk te maak volgens die ontwerp van Steynberg. Die Parkeraad is verantwoordelik vir die oprigting van die voetstuk en Steynberg is bereid om toesig te hou en advies te gee by die oprigting hiervan ¹⁵⁹. Steynberg wil 'n argitektoniese eenheid skep met die Monument en daarom bestaan sy ontwerp van die voetstuk uit suile en 'n sterk gestileerde skouerstuk waardeur die vertikale en horisontale lyne van die kopstuk geaksentueer word. Die suile moet saamsmelt met wit hardekool boomstompe geplaas naby die beeld en met groot bosveldbome geplant in die agtergrond wat 'n soort van amfiteater vorm. Deur die beeld met die omgewing te harmoniëer wil Steynberg die indruk skep dat die gees van Kruger in die Wildtuin rondswaef ¹⁶⁰. In November 1975 word die drie meter hoë kop op sy betonvoetstuk geplaas en word die steiers, wat die klipplate vir die borsstuk moet dra, geplaas en begin die finale werksfase onder toesig van Steynberg ¹⁶¹.

Onthulling

Die onthulling van die Paul Krugerbeeld by die nuwe hoofingang tot die Krugerwildtuin vind plaas op 16 September 1976 en het saamgeval met die 50ste verjaardagvieringe van die Nasionale Parkeraad. Op 16 September 1926 het die eerste Raad van Kuratore van die Nasionale Parke sy werksaamhede begin en vanaf 1926 het die Kruger-wildtuin gegroei van 'n onbekend bewaringsgebied tot een van die tien vernaamste nasionale parke ter wêreld.

Die onthulling van die Paul Kruger-Monument het die feestelikhede op 16 September afgesluit. Die borsbeeld is deur Sy Edele mnr. Hendrik Schoeman onthul; in sy toespraak het hy nie net hulde



84. Die president S.J.P.Kruger-monument
by die Paul Kruger-hek van die Kruger-wildtuin.
Foto: Coert Steynberg
ongedateer
C.S.V.



85

gebring aan Paul Kruger nie, maar ook aan die manne wat die wildduin uitgebou het tot die puik reservaat wat dir vandag is. Coert Steynberg sê in sy toespraak tydens die onthulling: Uiteindelik het die uur aangebreek om my troetelkind af te gee. Ek het vir baie jare bedags gedink en snags gedroom van hoe ek die Ou Groot Gryse op die beste wyse kon verwesenlik. Ek vertrou dat ek daarin geslaag het om 'n voorstelling te skep wat die moeite werd is. ¹⁶²

Die inskripsie op die klipplaat naby die Kruger-Monument vermeld die gegewens van die onthulling en Steynberg wou daaraan toegevoeg het: Psalm 148. Die Parkeraad het dit te sentimenteel gevind en Coert Steynberg het toe skelmpies op die agterkant van die monument gekap: **Coert Ps.148** ¹⁶³.



86. Die proto-model van die gedenkpenning geslaan met die 50ste bestaansjaar van die Nasionale Parkeraad.
**Proto-model: gedenkpenning 50-jaar bestaan Nas. Parkeraad
gips
C.S.V.**

Gedenkpenning: Nas. Parkeraad 50 jaar

Vir die 50-ste bestaansjaar van die Nasionale Parkeraad het die Suid-Afrikaanse Munt 'n gedenkpenning gemunt ontwerp deur Coert Steynberg. Op die gedenkpenning word die Paul Kruger-monument op die een kant uitgebeeld en die embleem van die Nasionale Parke op die andere kant. Altesame is daar 200 goue, 200 silwer en 300 brons gedenkpenninge geslaan. Die voorsitter van die Nasionale Parkeraad, mnr. Sybrand van Niekerk, het goue ere-pennings oorhandig aan Coert Steynberg en Sy Edele mnr. Hendrik Schoeman.

Toe die eerste penning gemunt is het mnr. Rocco Knobel paslik gese: **Op hierdie gedenkpenning word drie elemente saamgevat; President Kruger wat die fondament vir natuurbewaring gelêhet; die Nasionale Parkeraad; en ons voorste beeldhouer, Coert Steynberg** ¹⁶⁴.

VOETNOTE

- 1 Kunsargief, Dept. Beeldende Kunste U.P: Coert Steynberg-argief, Krygerkop-band: **die Transvaler**, 1968.04.05.
- 2 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1969.08.25.
- 3 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.10.21.
- 4 R. Knobel, Oom Paul Kruger- Die Natuurbewaarder, **Nuus uit ons parkell(3)**, Januarie 1971, p3.
- 5 K.A.U.P: Sekretaris Numbihekfonds-C.L. Steynberg, 1966.06.01.
Die Nasionale Parkeraad bestaan uir twaalf kuratore van wie sewe deur die Staatspresident aangewys word, op advies van die regering; vier deur die provinsises en een deur die Wildbeskermings-vereniging.
- 6 K.A.U.P: Sekretaris Numbihekfonds- C.L. Steynberg, 1966.06.01.
- 7 K.A.U.P: **Die Volksblad**, 1960.09.30.
- 8 K.A.U.P: C.L. Steynberg-H.O. van Heerden, 1967.06.15.
- 9 K.A.U.P: **Die Hoofstad**, 1973.04.25.
- 10 K.A.U.P: Sekretaris Numbihekfonds-C.L. Steynberg, 1966.08.30.
- 11 K.A.U.P: Sekretaris Numbihekfonds-C.L. Steynberg, 1966.09.30.
- 12 K.A.U.P: Sekretaris Numbihekfonds-C.L. Steynberg, 1966.08.30.
- 13 K.A.U.P: Sekretaris Numbihekfonds-C.L. Steynberg, 1966.09.17.
- 14 K.A.U.P: C.L. Steynberg-Dr. van heerden, 1967.01.02.
- 15 K.A.U.P: **Daily Mail**, 1968.12.02.
- 16 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1967.11.20.
- 17 C.L. Steynberg, Beeldhouwerke aan die Voortrekker-Monument, **Die Volkstem**, 1942.04.01.
- 18 Coert Steynberg het groot planne met bergkrans, **Die Transvaler**, 1957.12.11.
- 19 No mountain for heads of premiers, **Rand Daily Mail**, 1967.12.08.
- 20 K.A.U.K: C.L. Steynberg, **Die Krugerkop**, 'n praatjie vir die S.A.U.K. 1968.04.30.

- 21 K.A.U.P: C.L. Steynberg-Dr van heerden, 1967.07.15.
- 22 K.A.U.P: **Ibid.**
- 23 Persoonlike mededeling: mev. Betsie Steynberg, 1989.03 31.
- 24 K.A.U.P: Coert Steynberg, ongedateerde aantekeninge.
- 25 K.A.U.P: **Ibid.**
- 26 K.A.U.P: C.L. Steynberg-H.O. van heerden, 1967.06.15.
- 27 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1967.06.15.
- 28 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1968.01.10.
- 29 K.A.U.P: C.L. Steynberg-Direkteur Nas. Parkeraad, 1967.11.03.
- 30 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1967.12.06.
- 31 K.A.U.P: **Dagbreek en Sondagnuus**, 1967.11.19.
- 32 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1967.12.06.
- 33 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1967.12.24.
- 34 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1967.12.31.
- 35 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.01.04.
- 36 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1968.03.12.
- 37 K.A.U.P: **Sunday Times**, 1968.04.07.
- 38 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.02.18.
In 1968 het die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n kommissie vir Beeldende Kunste saangestel wat as adviesliggaam vir die Akademieraad moet dien.
- 39 K.A.U.P: **Rand Daily Mail**, 1968.04.02.
- 40 K.A.U.P: **Sunday Times**, 1968.04.07.
- 41 K.A.U.P: E.Ullmann-Direkteur Nas. Parkeraad, 1968.04,09.
- 42 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.04.07.
- 43 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1968.04.05; **Die Hoofstad**, 1968.05.03
- 44 K.A.U.P: **Die beeld**, 1968.03.31.
- 45 K.A.U.P: **Sunday Times**, 1968.06.30.
- 46 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.01.28.
- 47 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.04.28.
- 48 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.04.28.
- 49 K.A.U.P: **Die Burger**, 1968.04.28.
- 50 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.05.16; 1968.05.28; **Dagbreek**, 1968.05.19; **Die Vaderland**, 1968.05.27; **Die burger**, 1968.05.28.
- 51 K.A.U.P: **Pretoria News**, 1968.04.15; 1968.05.02; **Die burger**, 1968.04.28; **Die Transvaler**, 1968.05.02; 1968.05.28;

- 1968.05.30; 1968.09.07; 1968.09.11; **Hoofstad**, 1968.05.20;
Die Vaderland, 1968.05.25; 1968.07.14; 1968.07.16; **Sunday Times**, 1968.08.25.
- 52 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.05.07.
53 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1968.05.06.
54 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1968.04.03.
55 K.A.U.P: **The Star**, 1968.04.24.
56 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.05.12.
57 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.08.15.
58 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.04.28.
59 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.05.04.
60 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.10.16.
Berig oor Kruger en van Wouw in: **Die Boerevrouboek**, J.L. van Schaik Bep. Pretoria 1950, p52.
- 61 K.A.U.P: **Pretoria News**, 1968.09.10.
62 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.11.21.
63 K.A.U.P: **The Star**, 1969.04.01.
64 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.11.03.
65 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.04.28.
66 K.A.U.P: **Die Burger**, 1968.05.28.
67 K.A.U.P: **Transvaler**, 1968.05.09.
68 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.08.13.
69 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.04.09.
70 K.A.U.P: **Pretoria News**, 1968.08.16.
71 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.09.22.
72 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1968.09.24.
73 K.A.U.P: **Pretoria News**, 1968.09.24.
74 K.A.U.P: **Pretoria News**, 1968.09.27.
75 K.A.U.P: **Sunday Times**, 1968.09.04.
76 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1968.12.01.
77 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.10.06.
78 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.10.13.
79 K.A.U.P: **Pretoria News**, 1968.08.14.
80 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.10.06.
81 K.A.U.P: **Die Burger**, 1968.10.11.
82 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.10.12.
83 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.10.11.
84 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.09.23.

- 85 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.11.08.
- 86 K.A.U.P: **Sunday Times**, 1968.11.10.
- 87 K.A.U.P: **Sunday Times**, 1968.09.29.
- 88 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.10.10.
- 89 K.A.U.P: **The Star**, 1968.10.10.
- 90 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.10.20.
- 91 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.11.05.
In die Kruger-wildtuin is o.m. 'n standbeeld van Stevenson-Hamilton en Skukuza, wat sy bantoeqaam is, is na hom vernoem; by die Orpenhek is 'n reliefbeeld van mrs. Orpen en talle gedenkplate vir ander weldoeners is opgerig.
- 92 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.10.23.
In Maart 1969 is die wysigingswetsontwerp op Nasionale Parke ingedien deur die minister van landbou, mnr D.C.H. Uys, wat die Parkeraad die reg verleen om o.m. monumente en ander vererende beelde op te rig.
- 93 K.A.U.P: **Die Burger**, 1968.12.02.
- 94 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.10.23.
- 95 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.12.02.
- 96 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1969.02.23.
- 97 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1968.12.02.
- 98 Die Akademie en die Krugerkop, **Nuusbrief van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns** 7(1), Februarie 1969, pp9-11.
- 99 C.L. Steynberg, Coert Steynberg antwoord oor die Krugerkop, **Nuusbrief van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns** 7(2), Mei 1969, pp13-16.
- 100 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1969.09.05.
- 101 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1969.09.19.
- 102 K.A.U.P: **Dagbreek en Landstem**, 1969.12.07.
- 103 K.A.U.P: D.J.van Niekerk-C.L.Steynberg, 1969.12.05.
Die Akademie is verteenwoordig deur prof.H.P.van der Schijff en die sekretaris van die Akademie-kommissie vir Beeldende Kunste mnr.D.J.van Niekerk; die S.A.Kunsvereniging deur prof.A.L.Meiring en Regter Marais.
- 104 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1970.09.19.
- 105 K.A.U.P: R.Knobel-D.J.van Niekerk, 1969.12.05.
- 106 K.A.U.P: R.Knobel-C.L.Steynberg, 1969.11.12.
- 107 K.A.U.P: R.Knobel-D.J.van Niekerk, 1969.12.05.

- 108 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1970.09.13.
- 109 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1970.09.20.
- 110 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1970.09.19.
- 111 K.A.U.P: **Die Oggendblad**, 1973.03.08.
- 112 K.A.U.P: **Die Transvaler**, 1973.03.09.
- 113 K.A.U.P: **Rapport**, 1973.03.11.
- 114 K.A.U.P: C.L.Steynberg, **Die Krugerkop, Praatjie vir S.A.U.K.** 1968.04.30.
- 115 K.A.U.P: **Ibid.**
- 116 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1969.07.06.
- 117 K.A.U.P: C.L.Steynberg-R.Knobel; 1971.03.04.
- 118 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.05.03.
- 119 K.A.U.P: C.L.Steynberg-Red.Pretoria News; 1968.08.17.
- 120 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1968.09.17.
- 121 K.A.U.P: **Die Beeld**, 1968.11.03.
- 122 C.L.Steynberg, Coert Steynberg antwoord oor die Krugerkop, **Nuusbrief van die S.A.Akademie vir Wetenskap en Kuns** 7(2), 1969.05, p13.
- 123 Afrikaner kunstenaars aan die Woord, **Die Transvaler**, 1938.06.27.
- 124 K.A.U.P: **Oggendblad**, 1973.06.19.
- 125 J.Basson, Coert Steynberg-variasie op 'n tema, **Die Brandwag** 6(10), 1976.05.28, pp34-39.
- 126 K.A.U.P: S.H.Friis-Direkteur Nas.Parkeraad, 1969.09.10.
- 127 K.A.U.P: C.L-Steynberg-Direktuer Nas.Parkeraad, 1969.09.08.
Die kritiek op die Strydomkop is veral gerig op die konteks waarin hy staan; die koepel en gehele opset van die Strydomplein was nie die idee van Steynberg nie; hy het juis sterk beswaar aangeteken teen die koepel.
- 128 C.S.V: kant- aantekening by berig: "When President's Kruger's courage failed, **The Star**, 1969.04.01.
- 129 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1969.09.19.
- 130 K.A.U.P: C.L.Steynberg-R.Knobel, 1970.09.16.
- 131 C.S.T: modelle; C.S.V: foto's.
- 132 C.S.V: C.L.Steynberg, **Nabetragting oor Krugerkop**, 1970.09.22.
- 133 C.S.V: C.L.Steynberg-R.Knobel, 1970.09.10.
- 134 K.A.U.P: C.L.Steynberg-R.Knobel.
- 135 Persoonlike mededeling: prof.A.Duffey, Dept. Beeldende Kunste UP, Watersonlaan 38 Kilnerpark Pretoria, 1989.09.29.

- 136 C.S.V: aantekeninge Coert Steynberg, 1971.
- 137 C.S.V: C.L.Steynberg-P.Korthuys, 1969.10.20.
- 138 C.S.V: foto's.
- 139 K.A.U.P: **Rapport**, 1975.11.16.
- 140 C.S.T: modelle; C.S.V: foto-materiaal.
- 141 Persoonlike mededeling: A.Prinsloo, tegniese assistent Dept.Beeldende Kunste UP, Hertzogstraat 913 Rietfontein, 1989.08.24.
- 142 C.S.T: beeldhouerke en modelle; C.S.V: foto-materiaal.
- 143 Persoonlike mededeling: prof.A.Duffey, Dept.Beeldende Kunste UP, Watersonlaan 38 Kilnerpark Pretoria, 1989.09.29.
- 144 K.A.U.P: C.L.Steynberg-Direkteur Nas.Parkeraad, 1972.06.06.
- 145 Persoonlike mededeling: mev. Isa Wiechers, Danie Theronstraat 94 Pta.Noord, 1989.09.27.
- 146 K.A.U.P: Akte van ooreenkoms, Die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke- C.L.Steynberg, 1972.09.01.
- 147 C.S.V: C.L.Steynberg, ongedateerde aantekening.
- 148 K.A.U.P: **Rand Daily Mail**, 1973.05.22.
- 149 K.A.U.P: **Die Volksblad**, 1974.01.23.
- 150 C.S.V: C.L.Steynberg, ongedateerde aantekening.
- 151 C.St.V: kantaantekening Betsie Steynberg in **Hoofstad**, 1973.08.06.
- 152 K.A.U.P: **Die Nataller**, 1973.08.24.
- 153 Baie van die klipstukkies is as aandenke deur die toeriste saamgeneem; persoonlike mededeling mev.Betsie Steynberg.
- 154 K.A.U.P: C.L.Steynberg-Direkteur Parkeraad, 1974.06.20.
- 155 K.A.U.P: **Hoofstad**, 1975.08.28.
- 156 K.A.U.P: C.L.Steynberg-Direkteur Parkeraad, 1974.07.20.
G.L.Lugtenburg (B.Arch.)
Kommentaar by illustrasie no. 80 en 81.
Die argitek se perspektiewe skep 'n valse indruk van die werklike skaal van die geboue - vergelyk die verskil in skaal wat deur die twee tekeninge gesuggereer word; soos blyk uit die grootte van die motors t.o.v. die gebou op albei tekeninge. Vergelyk ook die afstand tussen die Krugerkop en gebou soos dit op werklike skaal op die plan voorkom, en die manier hoe dit op perspektief voorgestel is; 'n relatief klein beeld vlak agter die gebou.
- 157 K.A.U.P: R.Knobel-W.van Riet, 1974.12.04.
- 158 K.A.U.P: **Die Vaderland**, 1976.09.15.
- 159 K.A.U.P: C.L.Steynberg-R.Knobel, 1976.08.16.

- 160 Persoonlike mededeling: mev.Betsie Steynberg,1989.07.23.
K.A.U.P: C.L.Steynberg-R.Knobel,1979.03.10.
In 1979 het die Parkeraad nog nie voldoen aan die plasing van die groot bosveldbome en Steynberg voel dat daardeur nie sy bedoeling met die beeld goed uitgebeeld word nie.
- 161 K.A.U.P: C.L.Steynberg-mnr.Kuschke,1976.04.15.
- 162 K.A.U.P: aantekening Coert Steynberg, 1976.09.16.
- 163 Persoonlike mededeling: mev.Betsie Steynberg, 1989.03.21.
- 164 J.Basson, Parkeraad 50 jaar oud, Die Brandwag 7(1),1977.01.07, pp 30-33.

HOOFSTUK VI

Slotson

Die mens probeer altyd, gebonde soos hy is aan sy tydelike- en ruimtelike konteks, om sy wêreld te verstaan. Binne sy kultuurhorison vertolk die mens sy wêreld en word, met die verstaan sin aan hierdie werklikheid gegee. Hierdie sin word oorgedra en gekommunikeer deur middel van simbole of "sindraers".

Die vryheidsideaal het aan die Afrikaner se volksbestaan sin en inhoud gegee en hierdie ideaal het sy strewe en handeling bepaal. Die vryheidsideaal was die krag wat 'n generasie Afrikaners geïnspireer het en dit was die besielende dryfveer agter die strewe om die volk op te hef en te ontwikkel. Die "sindraers" van die vryheidsideaal is versinnebeeld deur die Afrikaner se volkshelde en hulle is as die besielende voorbeelde gestel.

Coert Steynberg wat met hart en siel Afrikaner was het hierdie gevoelens intens gedeel en dit het sy bestaan sin- en betekenisvol gemaak. Hy het sy aanleg as 'n godgegewe gawe beskou wat hy in diens van die Afrikanervolk moes stel. Steynberg het dit as sy roeping beskou om as volkskunstenaar die Afrikaner se geskiedenis en sy volkshelde uit te beeld. Die volkshelde het vir Steynberg dieselfde emotionele betekenis as sy volksgenote, en hy sien hulle as heroïese helde. Hulle is eie aan die Afrikaner met sy liefde vir die Suid-Afrikaanse bodem en hulle is net so indrukwekkend as die Suid-Afrikaanse landskap met sy kolossale wolkmassas en geweldige berge. Groot en kolossaal moet hierdie volkshelde uitgebeeld word om indrukwekkend te wees soos alles in Suid-Afrika indrukwekkend is.

Met die uitbeelding van Paul Kruger het Coert Steynberg geworstel om aan die begrip grootheid gestalte te gee. Coert Steynberg het Paul Kruger van jongsaf as die grootste volksheld beskou; hy het hom die meeste uitgebeeld en reken hom ook tot die 10 Volkshelde. Coert Steynberg sien Kruger groot en fors van gestalte en vertolk

die grootheid van Paul Kruger as voortreflik, sterk en uitmuntend. Hierdie innerlike eienskappe word vir Steynberg geopenbaar in die gelaatstrekke van Kruger. In sy uitbeelding van Paul Kruger streef hy na 'n uiterlike goeie gelykenis, wat groot en indrukwekkend is.

Met die Ingangspoort van Numbi assosieer hy die grootheid van Kruger met die omvangryke grote olifante. Die grootheid van Kruger word in die borsbeeld ook uitgedruk deur groot afmetings en die medium graniet moet die ooreenkoms van Kruger met 'n duursame, grote rots versterk. Steynberg dwing sy voorstelling op die materiaal af en die graniet borsbeeld is 'n uiterlike weergawe van Kruger.

Die groot brons-standbeeld is 'n stereotipe weergawe van Kruger en die konsep van natuurbeskerming is te letterlik en sentimenteel weergegee. Coert Steynberg het waarskynlik die nafviteit van die olifante besef en hy probeer die begrip grootheid met die silhouet-poort anders te vertolk; die medium graniet moet net sy profiel uitbeeld en dit moet die forsheid van Kruger aksentueer.

Met die Krugerkop uit die koppie assosieer Steynberg nog steeds die grootheid van Paul Kruger met indrukwekkend groot en die karaktereienskappe moet uitgedruk word in die bonkige gelaat. Met die ontdekking van die Koppie is Steynberg oortuig dat dit die ideale uitbeelding van Kruger moontlik maak. Hy beskou die skepping van die reusekop as sy laatste taak as volkskunstenaar en bestempel dit as sy "swanesang". In die Krugerkop uit die koppie laat hy sy voorstelling van Kruger die materiaal beheers.

In die polemieë het 'n verskeidenheid motiewe 'n rol gespeel; estetiese en ekologiese besware. Besware teen monumente, geldverkwisting maar vernameklik die teenstrydige meninge oor Paul Kruger.

Steynberg reageer op die estetiese kritiek deur met "Die Rots" en die alternatiewe kop by Tshokwane nie meer die beeltenis van Paul

Kruger op die materiaal af te dwing nie. Die medium dring nou die ordening op wat deur Steynberg aanvaar word omdat dit ooreenkom met sy innerlike voorstelling van Kruger.

Met die getwis onder die Afrikaners oor hulle siening van Paul Kruger en die uiteindelijke besluit om af te sien van die verering het Steynberg sy menswees geopenbaar. Hy het nie as vanselfsprekend toegegee aan die ander vertolkings van Kruger nie; as hy dit sou gedoen het sou hy sy lewe as, sinloos ervaar het. Steynberg het gesoek na die bevestiging van sy vertolking van Paul Kruger, in 'n bewuste besef om 'n antwoord te moet kry sodat sy bestaan nie sy fondasie verloor nie. Sy vertolking van Paul Kruger ondergaan 'n verandering en die diepe sin wat hy daaraan toeken word bepaald deur sy religieuse oortuiging. Na waarde word die betekenis van Paul Kruger op 'n diep persoonlike wyse aan gevoel en word die grootheid van Kruger nou vertolk met "verhewenheid" en "wysheid".

Steynberg assosieer die verhewenheid van Kruger met die berge en word die sinnelike vorme van die natuur deur sy bewussyn verwerk tot 'n idee. Die sinnelike beeld word deur die idee georden en in die bewerkte materiaal word die aangevoelde beeld 'n nuwe realiteit. Die nuwe vorm is die ordening van die materiaal as uiting van sy gemoedstoestand.

In "Die Koning van die diere" word sy vertolking van Paul Kruger sigbaar gemaak deur 'n simbool wat 'n begripsinhoud is. Deur sy verdieping het sy vertolking van Paul Kruger nie verander nie maar het dit 'n klemverskuiwing ondergaan en sy oortuiging is bevestig want hy assosieer Kruger met die Koning van die diere en hy sien Kruger as die grootste Afrikaner.

"Die Rots", "Die Berg", "Die Krans" en "Die Koning van die diere" is die artistieke uitdrukking van iets innerliks, wat vir Steynberg lewenswaarde besit, en hulle is kunswerke waar vorm en inhoud deel uitmaak van 'n ondeelbare eenheid. Die kunswerke is 'n totaliteit waar die vorm nie sonder die inhoud bepaal kan word nie nog die inhoud sonder die vorm. Die geestelike vertolking dra

Steynberg gevoelsmatig oor en deur die harmonie van die vorm het hulle 'n estetiese bekoring. Dit is poëtiese voorstellings van iets wat net vir die gees kenbaar is en hulle hoort tot die beste skeppingswerke van Coert Steynberg.



1. Coert Laurens Steynberg se graf teen die hang van die Magaliesberg omring deur sy skeppinge: **"Die Krugerreeks"**.

Foto: A.Lugtenburg

HOOFSTUK VII

Nabetragting

Coert Steynberg het dit as sy ideaal gestel om Paul Kruger uit te beeld maar hierdie uitbeelding het 'n diep deurdagte vertolking geëis. Hierdie vertolking was 'n bewuste vraestelling na die sin van sy werklikheid en het dit sy menswees geopenbaar.

Sy Krugerreeks is lewende getuies van 'n aktiewe mens; hulle is uitdrukkinge van dit wat vir Steynberg lewenswaarde het en dra hy deur hulle sy waardes en gevoelens oor.

Coert Steynberg kan na gedane arbeid tevrede rus teen die hang van die Magaliesberg omring deur sy skeppinge; die lewende getuies van sy menswees.

Die Krugerreeks is soos volg verwoord deur Pierre Volschenk; Hoof, Dept. Beeldende Kunste, Universiteit van Durban Westville, in sy briewie van medelye gerig aan die nabestaandes van Coert Steynberg:

Ek aanskou vaste monumentale vorm wat drie-dimensionele verandering en lewe bring. Kontoere en fatsoene verdwyn, groei en bind in 'n spel van lig en skadu. Die skeppingsproses van die kunstenaar hou aan met skep-voorwaar unieke kreatiwiteit gebore uit 'n sensitiewe aanvoeling vir die onderwerp, die materiaal die tegniek en die estetiese krag van die vorm waarin die Krugerkoppe geskep is.

BRONNE

I. ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEER

**Kunsargief, Dept. Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria:
Coert Steynberg-argief.**

10 Volkshelde-band, 1945.

Brief:

C.L.Steynberg-A.A.Rossouw, 1972.12.15.

Pres.S.J.P.Krugerborsbeeld-band: S.A.S.Johannesburg, 1965.

Briewe:

C.L.Steynberg-Hoofbestuurder S.A.S; 1964.06.09; 1964.12.11.

C.L.Steynberg-H.Joubert, 1964.05.15.

C.L.Steynberg-Hoofargitek S.A.S., 1964.05.15.

Koerant:

Sunday Chronicle, 1965.10.03.

Krugerkop-band: Paul Kruger-hek, Kruger-wildtuin, 1976.

Akte van ooreenkoms:

Die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke-C.L.Steynberg,
1972.09.01.

Briewe:

Sekretaris Numbihek-fonds-C.L.Steynberg, 1966.06.01;
1966.08.30; 1966.09.17.

C.L.Steynberg-H.O.van Heerden, 1967.06.15; 1967.01.02;
1967.07.15;

C.L.Steynberg-Direkteur Nas. Parkeraad, 1967.11.03;
1969.09.08; 1972.06.06; 1974.06.20; 1974.07.20.

E.Ullmann-Direkteur Nas.Parkeraad, 1968.04.09.

D.J.van Niekerk-C.L.Steynberg, 1969.12.05.
R.Knobel-D.J.van Niekerk, 1969.12.05.
R.Knobel-C.L.Steynberg, 1969.11.12.
C.L.Steynberg-R.Knobel, 1971.03.04; 1970.09.16; 1970.09.10;
1976.08.16.
C.L.Steynberg- Red. Pretoria News, 1968.08.17.
S.H.Friis- Direkteur Nas. Parkeraad, 1969.09.10.
R.Knobel-W.van Riet, 1974.12.04.
C.L.Steynberg-mnr.Kuschke, 1976.04.15.

Koerante:

Die Beeld, 1967.12.24; .1967.12.31; 1968.01.04; 1968.02.18;
1968.03.31; 1968.04.07; 1968.05.03; 1968.10.06; 1968.10.13;
1968.10.20; 1968.11.03; 1969.02.23; 1969.07.06; 1970.09.13;
1970.09.20.
Die Burger, 1968.04.28; 1968.05.28; 1968.10.11; 1968.12.02.
Dagbreek en Landstem, 1968.01.28; 1968.04.28; 1968.05.12;
1968.05.19; 1968.12.01; 1969.12.07.
Dagbreek en Sondagnuus, 1969.11.19.
Hoofstad, 1968.04.09; 1968.05.03; 1968.05.04; 1968.05.07;
1968.05.20; 1968.08.13; 1968.08.15; 1968.09.17; 1968.09.23;
1968.10.11; 1968.10.23; 1968.12.02; 1969.08.25; 1969.09.19;
1970.09.19; 1973.04.25; 1973.08.06; 1975.08.28.
Die Nataller, 1973.08.24.
Die Oggendblad, 1973.03.08; 1973.06.19.
Pretoria News, 1968.04.15; 1968.05.02; 1968.08.14;
1968.08.16; 1968.09.10; 1968.09.24; 1968.09.27.
Rand Daily Mail, 1968.04.02; 1968.12.02; 1973.05.22.
Rapport, 1973.03.11; 1975.11.16.
The Star, 1968.04.24; 1968.10.10; 1969.04.01.
Sunday Times, 1968.04.07; 1968.06.30; 1968.08.25;
1968.09.04; 1968.09.29; 1968.11.10.
Die Transvaler, 1968.04.05; 1968.05.02; 1968.05.09;
1968.05.16; 1968.05.28; 1968.05.30; 1968.09.07; 1968.09.11;
1968.09.22; 1968.10.10; 1968.10.12; 1968.10.16; 1968.11.05;
1968.11.08; 1968.11.21; 1968.12.02; 1969.09.05; 1969.09.19;

1970.09.19; 1973.03.09.

Die Vaderland, 1967.06.15; 1967.11.20; 1967.12.06;
1968.01.10; 1968.03.12; 1968.04.03; 1968.04.05; 1968.05.06;
1968.05.25; 1968.05.27; 1968.07.14; 1968.07.16; 1968.09.24;
1976.09.15.

Die Volksblad, 1960.09.30; 1974.01.23.

Nota's:

C.L.Steynberg, **Die Krugerkop**, 'n praatjie vir die S.A.U.K,
1968.04.30.

C.L.Steynberg, ongedateerde aantekeninge.

C.L.Steynberg, 1976.09.16.

Pamflet:

Pres.S.J.P.Kruger as natuurbewaarder, 1965.06.01.

Program:

Inwydingsplegtigheid; hoofkantoor Raad van Kuratore vir
Nasionale Parke, 1970.09.19.

Coert Steynberg-Versameling, Pretoria-Noord:

Briewe:

D.Steyn-C.L.Steynberg, 1928.03.13.

C.L.Steynberg-R.Knobel, 1970.09.10.

C.L.Steynberg-P.Korthuys, 1969.10.20.

Briewie van medelye: P.Volschenk-mev.E.J.M.Steynberg en
gesin, 1982.07.30.

Motivering vir die toekenning van die graad D.Phil, Maart
1972.

Nota's:

C.L.Steynberg, kantaantekening, The Star, 1969.04.01.

Betsie Steynberg, kantaantekening, Hoofstad, 1973.08.06.

C.L.Steynberg, **Nabetragting oor die Krugerkop**, 1970.09.22.

C.L.Steynberg, 1971.

ongedateerde aantekeninge.

II TYDSKRIF-EN KOERANTARTIKELS

- Anoniem. Afrikaner kunstenaars aan die woord. **Die Transvaler**, 1938.06.27.
- Anoniem. Die Akademie en die Krugerkop. **Nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns** 7(1), Februarie 1969.
- Anoniem. Coert Steynberg, gevierde Suid-Afrikaanse kunstenaar. **Die Volksblad**, 1963.02.01.
- Anoniem. Coert Steynberg het groot planne met bergkrans. **Die Transvaler**, 1957.12.11.
- Anoniem. 'n Jong Afrikaanse beeldhouer. **Die Suiderstem**, November 1937.
- Anoniem. No mountain for heads of premiers, **Rand Daily Mail**, 1967.12.08.
- Anoniem. Onthulling borsbeeld van Imker Hoogenhout. **De Echo**, 1966.05.06.
- BASSON, J. Coert Steynberg- variasies op 'n tema. **Die Brandwag** 6(10), 1976.05.28.
- BASSON, J. Parkeraad 50 jaar oud. **Die Brandwag** 7(1), 1977.07.01.
- BOTHA, M.C. Monumente en Nasionalisme. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** 2(2), Julie 1985.
- FLINT, L. Coert Steynberg se lewensideaal. **Op Safari** 1(8), Januarie 1977.
- GROBLER, H. Paul Kruger was g'n teen natuurbewaring. **Die Burger**, 1988.10.08.
- KAPP, P.H. Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse Kultuur, deel I. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** 1(2), Julie 1984.
- KAPP, P.H. Ontstaan en ontplooiing van die Afrikaanse Kultuur, deel II. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis**

- 2(1), Januarie 1985.
- KNOBEL, R. Oom Paul- die natuurbewaarder. **Nuus uit ons parke** 11(3), Januarie 1971.
- OLIVIER, J.S. Koert Steynberg: 'n belowende jong kunstenaar. **Die Huisgenoot** 17(571), 1933.03.03.
- STEYNBERG, C.L. Afrikaanse Beeldhouwerk. **Die Brandwag** 10(476), 1946.11.15.
- STEYNBERG, C.L. Beeldhouwerke aan die Voortrekker-monument. **Die Volkstem**, 1942.04.01.
- STEYNBERG, C.L. Coert Steynberg antwoord oor die Krugerkop. **Nuusbrief van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns** 7(2), Februarie 1969.
- VENTER, K. Wild net biltong vir Oom Paul? **Rapport**, 1988.09.18.

III LITERATUUR

- BOSMAN, E.C.L. 'n Kritiese waardering en 'n beskrywing van die vrye persoonlike beeldhouwerk van Coert Steynberg. Ongepubliseerde M A-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1961.
- CHANGUION, L (red). **Fotobiografie: Paul Kruger 1825-1904**. Johannesburg, 1973.
- DE BEER, P.J. **President Paul Kruger**. Pretoria, 1976.
- DE KLERK, P. **Die geskiedskrywing oor Paul Kruger**. Ongepubliseerde M A-verhandeling, Potchefstroom Universiteit vir CHO, 1969.
- DAVENPORT, T.R.H. **South Africa: a modern history**. Johannesburg, 1987.
- MULLER, C.F.J (red). **500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis**. Pretoria, 1985.
- OAKES, D (red)ea. **Illustrated history of South Africa**. Kaapstad, 1988.
- PIENAAR, P.de V (red). **Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner**. Johannesburg, 1968.
- VAN JAARSVELD, F.A. **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede**.

Johannesburg, 1984.

VAN JAARSVELD, F.A. **Wie en wat is die Afrikaner?** Kaapstad, 1981.

VAN SCHOOR, M.C.E (red). **Senior Geskiedenis.** Kaapstad, 1971.

IV PERSOONLIKE MEDEDELINGS

1. Mondeling

DUFFEY, prof A, Dept. Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria,
Pretoria, 1989.09.29.

PRINSLOO, mnr A, tegniese assistent Dept. Beeldende Kunste,
Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1989.08.24.

STEYNBERG, mev E.J.M., Amandasig Akasia. Onderhoude gevoer in die
Coert Steynberg-museum oor die tydperk van Julie 1988 tot
September 1989.

WIECHERS, mev E.B, Danie Theronstraat 94 Pretoria-Noord,
1989.09.29.

V DIVERSE

1. Beeldhouwerke

Coert Steynberg-Trust

Modelle: CS 42-84

Model: Borsbeeld pres.S.J.P.Kruger, S.A.S. Johannesburg,
1965

Skulptuur:

CS 3 "Die Koning van die Diere" 1973

CS 4 "Die Berg" 1972

CS 5 " Die Krans" 1972

CS 6 "Die Rots" 1969

Coert Steynberg-Versameling

Borsbeeld: pres.S.J.P.Kruger, 1921

Borsbeeld: pres. S.J.P.Kruger, 1925

Proto-model: Gedenkpenning Nas.Parkeraad 50-jaar, 1976

2. Foto's

Coert Steynberg-Versameling.

Kunsargief, Dept. Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria.

S.A. Sentrum vir Kunste Inligting, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

3. Sketse

Coert Steynberg-Versameling

C.L.Steynberg: ontwerp Numbihek Ingangspoort, 1967

C.L.Steynberg: sketse Krugerkop uit die koppie, ongedateer.

R.Botha: ontwerp vereringsplek Tshokwane, ongedateer.

K.Richardson: perspektiefsketse Paul Krugerhek Kruger-wildtuin, 1972.